Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir die koste van hierdie navorsing word hier=mee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolg=trekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geestesweten=skaplike Navorsing nie.

<u>Tommy du Plessis</u>

Potchefstroom
Junie 1986

# DIE BELANGRIKHEID EN BETEKENIS VAN DIE ANALISE EN INTERPRETASIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE EN INLIGTING VIR KLEINSAKEONDERNEMERS

deur

THOMAS EDWARD DU PLESSIS (B.COMM., HBA)

Skripsie goedgekeur vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER IN BEDRYFSADMINISTRASIE

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

LEIER: PROF. DR. D.G. GOUWS

INDIENING: 1986

## DANKBETUIGINGS

In nederigheid en dank aan die Goeie Vader, die Groot Leermeester, sonder wie se genade hierdie werk nie moontlik sou wees nie.

Langs hierdie weg wil ek graag my opregte dank en waardering aan die volgende betuig:

My studieleier, Prof. D.G. Gouws vir die waardevolle leiding en advies. U belangstelling en aanmoediging word besonder hoog waardeer.

Mev. E. Senekal vir die bekwame wyse waarop die tikwerk uitgevoer is.

Mev. M. Bruwér wat die taalversorging behartig het. U weldeurdagte advies word waardeer.

Mev. E.J. van der Walt vir die tegniese versorging van die bibliografie.

Mnr. I.O. Naudé vir die taalkundige versorging van die Engelse opsomming.

My vrou Penny en kinders Madelein en Nico. Baie dankie vir begrip, opoffering en aanmoediging.

TOMMY DU PLESSIS

Potchefstroom
Junie 1986

ABSTRACT

During the past fifteen years the important role that the small business can play in a free South African economy has been increasingly recognized by both the government and the private sector. It is realised that small business play an irrefutable economic and social role in the economy of a country.

Small businesses in general suffer from a lack of the necessary management expertise and this realisation has led to the establishment of various institutions whose aim is to provide assistance to the small business sector.

One of the problem areas identified by the author as a result of his experience as a small business consultant, is that annual financial statements are not correctly applied and utilised as a source of management information. This motivated the study aimed at increasing the use of and improving the quality of information obtained from this valuable source.

After a brief overview of the problems experienced by a small business, the information function of financial statements, especially for the small business manager, is considered in the opening chapter.

This is followed by an investigation into the use of a balance sheet, income statement and funds statement in chapters two to four. Specific attention is given to available information as well as additional information required for meaningful evaluation. Ratios that can be used by small business management are highlighted. Special attention is also given to the cash flow statement as alternative source of management information.

Chapter five entails a case study in which the financial statements of a small business are analysed and a ratio analysis conducted. Derivations concerning the specific business are made in respect of the balance sheet, income statement and cash flow statement.

A summary, including a number of conclusions and suggestions, is presented in chapter six.

# INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| INLEIDING | | 1 |
| 1. | MOTIVERING | 1 |
| 2. | PROBLEEMSTELLING | 2 |
| 3. | DOEL VAN DIE STUDIE | 3 |
| 4. | STUDIEMETODE | 3 |
| 5. | UITEENSETTING | 4 |
| HOOFSTUK 1 | | |
| DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE EN EFFEKTIEWE KLEINSAKEBESTUUR | | |
| 1.1 | INLEIDING | 6 |
| 1.2 | DEFINISIE VAN 'N KLEINSAKEONDERNEMING | 6 |
| 1.3 | PROBLEME BY DIE BESTUUR VAN KLEINSAKE-ONDERNEMINGS | 8 |
| 1.4 | DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS | 12 |
| 1.5 | DIE GEBRUIK VAN VERHOUDINGSGETALLE BY FINANSIëLE ONTLEDING | 23 |
| 1.6 | OPSOMMING | 24 |
| HOOFSTUK 2 | | |
| DIE BALANSSTAAT AS BRON VAN INLIGTING | | |
| 2.1 | INLEIDING | 26 |

Bladsy

2.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N BALANSSTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR 26

2.3 BALANSSTAAT VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING 32

2.4 OPSOMMING 49

HOOFSTUK 3

DIE INKOMSTESTAAT AS BRON VAN INLIGTING

3.1 INLEIDING 51

3.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N INKOMSTESTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR 51

3.3 INKOMSTESTAAT-VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING 59

3.4 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS 76

HOOFSTUK 4

DIE STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE AS BRON VAN INLIGTING

4.1 INLEIDING 79

4.2 DIE TRADISIONELE FORMAAT VAN DIE FONDSESTAAT 79

4.3 'N KONTANTVLOEISTAAT AS ALTERNATIEWE BRON VAN INLIGTING VIR KLEINSAKEBESTUUR 94

4.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS 104

Bladsy

HOOFSTUK 5

ONTLEDING VAN DIE FINANSIëLE JAARSTATE VAN 'N ENTITEITSGEVAL

5.1 INLEIDING 106

5.2 GEPUBLISEERDE FINANSIëLE JAARSTATE 106

5.3 ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS TOT FINANSIëLE JAARSTATE 111

5.4 AFLEIDINGS UIT DIE FINANSIëLE JAARSTATE 115

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING 126

6.2 DIE BELANGRIKHEID EN BETEKENIS VAN FINANSIëLE JAARSTATE WORD NIE DEUR ALLE KLEINSAKEONDERNEMERS EN/OF HUL BESTUURDERS BESEF NIE 126

6.3 MEER GEDETAILLEERDE FINANSIëLE STATE IS NODIG VIR SINVOLLE ONTLEDING 129

6.4 'N VERHOUDINGSANALISE IS BELANGRIK VIR SINVOLLE ONTLEDING 131

6.5 SLOTOPMERKINGS 135

BIBLIOGRAFIE 136

# INLEIDING

## 1. MOTIVERING

Gedurende die afgelope vyftien jaar is die belangrike rol wat die kleinsakeonderneming in 'n vrye Suid-Afrikaanse ekonomie kan speel in 'n toenemende mate deur die staat sowel as die private sektor erken. Daar is besef dat kleinsakeondernemings 'n onweerlegbare ekonomiese en sosiale rol in die ekonomie van 'n land kan speel. Daar is egter ook besef dat kleiner ondernemings oor die algemeen 'n groot gebrek aan die nodige kundigheid het. Dit het dan ook daartoe gelei dat daar gedurende die afgelope paar jaar heelwat instansies tot stand gekom het juis met die doel om hulp aan die kleinsakesektor te verleen.

Ofskoon 'n instansie soos die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings van die PU vir CHO (ABKS) reeds sedert 1 April 1970 hulp in die vorm van advies verleen het, is die kleinsakesektor eers na die Carlton-beraad, op 22 November 1979 in Johannesburg, onder die vergrootglas geplaas. In opvolging van hierdie beraad het die Regering daadwerklike steun aan die bevordering van kleinsake in Suider Afrika onderneem. Dit het gelei tot die daarstelling van die Raad vir die Bevordering van Kleinsake (RBKS). Deur bemiddeling van die Raad word staatsfondse bewillig aan 967 Rabat-konsultante (Botha, 1986:1) en 68 konsultante in diens van nege Institute aan opvoedkundige inrigtings (Botes, 1986:1). Bogenoemde statistiese gegewens sluit nie die kleinsakekonsultante en sake-adviseurs in diens van die Ontwikkelings Korporasies van die Nasionale State in nie.

Uit die getalle kan afgelei word dat die kleinsakekonsultanteberoep al hoe groter erkenning geniet. Om as konsultant te kan optree, vereis bepaalde kennis en insig

betreffende die probleme van die kleinsakeman. Alle moontlike hulpmiddels moet gebruik word om in die eerste plek die probleme te kan identifiseer en tweedens om raad en advies vir die oplossing van die probleme te kan voorlê.

Hierdie studie beoog om die navorser se eie mondering as kleinsakekonsultant te verbeter en ook om sodoende 'n sinvolle bydrae tot die kleinsakekonsultante-beroep in die algemeen te lewer.

## 2. PROBLEEMSTELLING

As kleinsakekonsultant het die navorser ervaar dat die eienaar of bestuur van 'n kleinsakeonderneming dikwels besluite neem wat nie op enige formele bron van inligting gegrond is nie, maar eerder op eie inisiatief, aanvoeling en intuïsie.

Daar is ook vasgestel dat finansiële jaarstate by kleinsakeondernemings nie altyd gebruik word met die oog op die oorspronklike doel nie. In plaas daarvan dat dit deur bestuur gesien word as 'n samevatting van die rekeningkundige resultate van 'n bepaalde periode wat onder andere kan dien as basis vir bestuursbesluitneming vir toekomstige beplanning, word dit in baie gevalle beskou as slegs belangrik vir die gebruik van die Ontvanger van Inkomste of die bankbestuurder.

Daar is gevind dat die gehalte van inligting wat jaarliks geopenbaar word, veral wat betref die eenmansaak en die vennootskap, veel te wense oorlaat. Weer eens is die kern van die probleem die feit dat finansiële jaarstate dikwels slegs vir inkomstebelastingdoeleindes voorgelê word. Die inligtingsbehoeftes van die Ontvanger van Inkomste verskil van dié van kleinsakebestuur en daarom is sulke state nie altyd geskik vir gebruik by bestuursbesluitneming nie.

## 3. DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is drieledig:

3.1 In die eerste plek sal gepoog word om die gebruik van finansiële jaarstate en inligting te bevorder deur die klem op analise en interpretasie te plaas. Omdat inligting ook by kleinsakeondernemings nodig is om bestuursbesluite te kan neem, sal die rol wat finansiële jaarstate in hierdie verband kan speel, uitgewys word.

3.2 Tweedens het die studie dit ten doel om die gehalte van die inligting wat geopenbaar word, te verhoog. Besluitneming is so goed soos die bestuursinligting waarop dit gebaseer is en sou die gehalte van inligting wat deur kleinsakeondernemings geopenbaar word verbeter, behoort besluitneming ook te verbeter.

3.3 Daar sal laastens ook 'n ondersoek wees na die moontlikheid van die ontwikkeling van rekeningkundige maatstawwe vir verhoudings, persentasies, ensovoorts. Die bestaan van sulke maatstawwe sal die evaluering van 'n onderneming se prestasies vergemaklik.

## 4. STUDIEMETODE

4.1 Die metode sal eerstens 'n empiriese studie behels uit eie ervaringsveld. Dit sal onder andere 'n praktiese analise van werklike entiteitstate insluit.

4.2 Verder sal daar hoofsaaklik van primêre bronne gebruik gemaak word om veral die gebruik van finansiële state en inligting vas te stel.

## 5. UITEENSETTING

In hoofstuk 1 word 'n kort oorsig van die probleme van 'n kleinsakeonderneming gegee. Die inligtingsfunksie van finansiële jaarstate vir kleinsakeondernemings, en in besonder vir kleinsakebestuur, geniet veral aandag.

Hoofstuk 2 word gewy aan die balansstaat van bron van inligting vir kleinsakebestuur. Daar word gelet op beskikbare inligting sowel as addisionele inligting wat benodig word vir sinvolle ontleding. Balansstaat verhoudingsgetalle, wat deur kleinsakebestuur gebruik kan word om die onderneming te beoordeel, word bespreek.

In hoofstuk 3 word daar gekyk na die inkomstestaat as bron van bestuursinligting vir kleinsakebestuur. Gedetailleerde inkomstestate, afdelingsverdeling en addisionele inligting benodig word bespreek alvorens aandag gewy word aan inkomstestaat-verhoudingsgetalle met die oog op beoordeling.

In hoofstuk 4 word aandag gegee aan fondsestate as bron van inligting. Daar word veral gekyk na kritiek teen die tradisionele formaat van fondsestaat. 'n Kontantvloeistaat as alternatiewe bron van bestuursinligting vir kleinsakebestuur word voorgehou. 'n Verhoudingsanalise en afleidings uit die kontantvloeistaat word bespreek.

Hoofstuk 5 word gewy aan die ontleding van die finansiële jaarstate van 'n entiteitsgeval. 'n Verhoudingsanalise word uitgevoer en afleidings word gemaak ten opsigte van die balansstaat, inkomstestaat asook die kontantvloeistaat.

Ten slotte word in hoofstuk 6 'n samevatting gegee waarin enkele gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

# HOOFSTUK 1

## DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE EN EFFEKTIEWE KLEINSAKEBESTUUR

1.1 INLEIDING

1.2 DEFINISIE VAN 'N KLEINSAKEONDERNEMING

1.3 PROBLEME BY DIE BESTUUR VAN KLEINSAKEONDERNEMINGS

1.3.1 Verskil tussen klein- en grootsakebestuur

1.3.2 Redes waarom kleinsakeondernemings misluk

1.3.3 Gebrek aan bestuursinligting

1.4 DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS

1.4.1 Omskrywing van finansiële jaarstate

1.4.2 Moontlike gebruikers van 'n kleinsakeonderneming se finansiële state

1.4.3 Beperkings van finansiële jaarstate

1.4.4 Vereistes vir sinvolle ontleding

1.5 DIE GEBRUIK VAN VERHOUDINGSGETALLE BY FINANSIëLE ONTLEDING

1.6 OPSOMMING

# HOOFSTUK 1

## DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE EN EFFEKTIEWE KLEINSAKEBESTUUR

### 1.1 INLEIDING

Een van die kernprobleme van die onafhanklike kleinsake-ondernemer lê in sy onafhanklikheid. Aangesien hy meestal op homself aangewese is om besluite te neem, kan dit gebeur dat hy soms irrasioneel optree sodat besluite nie altyd op feitlike inligting gebaseer word nie. Die rede hiervoor is enersyds omdat die inligting nie altyd bestaan nie en andersyds omdat beskikbare inligting nie altyd korrek vertolk word nie.

Finansiële jaarstate kan 'n belangrike bron van inligting vir kleinsakebestuur en ander belanghebbendes wees met dié voorbehoud dat die inligting daarin vervat, 'n korrekte weerspieëling van die onderneming se finansiële situasie is en dat die inligting gebruik kan word.

### 1.2 DEFINISIE VAN 'N KLEINSAKEONDERNEMING

Dit is nodig om vooraf 'n duidelike begrip te hê van wat bedoel word met die term "kleinsakeonderneming". 'n Studie van verskillende definisies van kleinsakeondernemings in ander westerse lande beklemtoon die feit dat daar nie 'n algemeen aanvaarbare definisie bestaan nie (Moolman, 1984:125). Waar onafhanklike besit en bestuur die hoofkriteria in die VSA is, is maksimum omset van deurslaggewende belang in Groot Brittanje. Die SBA (Small Business Administration) van Amerika besluit op grond van die aantal werknemers in diens of 'n onderneming klein is al dan nie (Schöllhammer en Kuriloff, 1979:178).

Smith (1978:47) definieer 'n kleinsakeonderneming (Suid-Afrika) as een wat aan ten minste vyf van die volgende ses vereistes voldoen:

- Onafhanklike besit;
- onafhanklike bestuur;
- omset van nie meer as R1 miljoen per jaar nie;
- dat dit uit nie meer as vyf bedryfseenhede bestaan nie;
- dat die totale batewaarde (grond en geboue uitgesluit) nie R½ miljoen oorskry nie en
- dat nie meer as 100 persone voltyds daarin werksaam is nie.

In 'n latere publikasie brei Moolman (1986:701) op hierdie definisie uit en stipuleer maksimum jaarlikse omsette per bedryfstak as riglyn:

| | |
|---|---|
| Mynbou | - maksimum R1 miljoen |
| Nywerhede | - maksimum R1 miljoen |
| Konstruksiefirmas | - maksimum R5 miljoen |
| Groothandelaars | - maksimum R5 miljoen |
| Motorkleinhandelaars (brandstofverkope uitgesluit) | - maksimum R3 miljoen |
| Algemene handelaars | - maksimum R3 miljoen |
| Supermarkte | - maksimum R3 miljoen |
| Spesialiteitswinkels | - maksimum R1 miljoen |
| Restaurante | - maksimum R1 miljoen |
| Hotelle- en akkommodasie-inrigtings (drankverkope uitgesluit) | - maksimum R1 miljoen |
| Drankhandelaars | - maksimum R3 miljoen |
| Dienstebedrywe | - maksimum R500 000 |

Bogenoemde kriteria is natuurlik tydsgebonde en behoort, as gevolg van inflasie, voortdurend aangepas te word.

Dit is insiggewend dat die regskundige ondernemingsvorm op hierdie stadium nog nie in Suid-Afrika in aanmerking geneem word by die bepaling of die onderneming klein of groot is nie. Eenmansake, vennootskappe, beslote korporasies en private maatskappye kwalifiseer dus almal as kleinsakeondernemings indien hulle aan ten minste vyf van gemelde ses kriteria voldoen.

## 1.3 PROBLEME BY DIE BESTUUR VAN KLEINSAKEONDERNEMINGS

### 1.3.1 Verskil tussen klein- en grootsakebestuur

Om die probleme van kleinsakebestuur beter te kan verstaan, is dit eers nodig om na die fundamentele verskille in die bestuurstyl tussen klein- en grootsakeondernemings te kyk.

Schöllhammer en Kuriloff (1978:179) stel dit dat die sukses van enige onderneming van die vermoëns van sy bestuur afhang en dat bestuursverantwoordelikhede deur die grootte en uniekheid van die individuele onderneming bepaal word.

Deeks (1976:209) stel dit dat die bestuur van grootondernemings meer belangstel in die daarstel van langtermyndoelwitte, die formulering van toepaslike beleid en strategie om die doelwitte te verwesenlik en die terugvoering van inligting om te bepaal of die doelwitte wel bereik is. Kleinsakeondernemings daarteenoor, is meer ingestel op die bereiking van korttermyndoelwitte. Ter ondersteuning van hierdie standpunt kan dit vermeld word dat in praktyk ervaar is dat die bestuur van kleinsakeondernemings voorkeur verleen aan dag-tot-dag aktiwiteite bo langtermynbeplanning. Krisisbestuur is dikwels aan

die orde van die dag juis omdat daar nie oor die langtermyn beplan word nie.

'n Verdere belangrike verskil is dat die bestuur van grootondernemings meesal bygestaan word, of bestaan uit kundiges op verskillende gebiede. So kan byvoorbeeld 'n bemarkings-, finansiële- en 'n personeelbestuurder in baie van die groter ondernemings aangetref word. Bo en behalwe die feit dat kleinsakebestuurders dikwels ook die eienaars van die onderneming is, is hulle meesal op hulself aangewys om bogenoemde funksies uit te voer. Die totstandkoming van 'n instelling soos die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (ABKS) sowel as soortgelyke instellings aan ander universiteite is bewys van die feit dat die staat hierdie tekortkoming van kleinsakeondernemings in die Suid-Afrikaanse konteks besef het (RBKS, 1984:2). Die doelstellings van hierdie instellings is dan juis om kundigheid in kleinsakeondernemings aan te vul deur middel van adviesdienste, voorligting en opleiding.

### 1.3.2 Redes waarom kleinsakeondernemings misluk

Studies deur Dun en Bradstreet (1979:9) en Smith (1982:15) dui daarop dat bestuursonbekwaamheid die grootste enkele rede vir die uiteindelike mislukking of swak winsposisie van kleinsakeondernemings is. Met bestuursonbekwaamheid word na bestuursonkundigheid, bestuursonvermoë en beperkte bestuurservaring verwys.

Smith (1982:15) het gevind dat bestuursonbekwaamheid by kleinsakeondernemings veral in die volgende gereflekteer word:

- Ondoeltreffende bestuursbeplanning;
- ontoereikende bestuursinligting vir besluitneming;

- swak beheer en
- onbevredigende finansiële bestuur.

Omdat bestuursinligting benodig word vir doeltreffende beplanning, beheer en finansiële bestuur in die algemeen, kan afgelei word dat ontoereikende bestuursinligting eerder 'n oorsaak as 'n gevolg van bestuursonbekwaamheid is.

Die meeste oorsake vir mislukkings kan volgens Dun en Bradstreet (1979:4) terugherlei word na die gebrek aan bestuurservaring. Die volgende word deur Dun en Bradstreet (1979:9) as redes vir die mislukking van kleinsakeondernemings aangevoer:

Tabel 1.1

Redes vir Kleinsakeondernemingmislukkings

| Rede | % van totaal |
|---|---|
| Bestuursonbekwaamheid | 42,3% |
| Ontoereikende ondervinding | 23,0% |
| Gebrek aan bestuursondervinding | 13,0% |
| Gebrek aan ondervinding van spesifieke bedryf | 13,8% |
| Nalatigheid | 0,8% |
| Bedrog | 0,5% |
| Rampe | 0,8% |
| Onbekende redes | 5,8% |
| | 100,0% |

Met die definisie van 'n kleinsakeonderneming en die bestuurstyl van kleinondernemers in gedagte, kan die afleiding gemaak word dat die onafhanklikheid van die kleinsakeman juis een van sy grootste struikelblokke

op die pad van oorlewing is. Omdat hy op homself aangewys is en nie altyd oor kundige personeel beskik nie, word foute van die verlede maklik herhaal.

### 1.3.3 Gebrek aan bestuursinligting

Die vader van die wetenskaplike bestuursbenadering, Frederick W. Taylor, het in 1900 al gekonstateer dat die meeste bestuurders (verkeerdelik) besluite neem op grond van gevoel, intuïsie en raaiwerk (George, 1968:176). Die wetenskaplike bestuursbenadering beklemtoon dan ook die gebruik van 'n wetenskaplike analise van inligting alvorens besluite geneem word.

Bestuursinligting en feitelike terugvoering van bedryfsaktiwiteite en -prestasies by kleinsakeondernemings is dikwels ontoereikend. Inligting oor aspekte soos verkope, aankope, voorraadhouding, koste en produktiwiteit word meer by wyse van uitsondering as in die reël versamel (Smith, 1982:15).

Uit bovermelde blyk dit dat hoewel bestuursinligting ook vir kleinsakeondernemers van wesentlike belang is, die versameling en interpretasie van inligting 'n probleem kan wees. Die oorsake van die probleem is drieledig. Eerstens beskik 'n kleinsakeonderneming selde oor die kundige personeel om die verlangde inligting te versamel. Die eienaar (bestuurder) is normaalweg so besig met krisisbestuur dat hy nie altyd die nut en waarde van inligting besef nie.

In die tweede plek word slegs maatskappye verplig om ten volle ge-ouditeerde finansiële jaarstate aan sy aandeelhouers en die registrateur van maatskappye voor te lê. Ge-ouditeerde state impliseer dat daar met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar kan word dat die inligting daarin vervat, korrek is. Wat nie-maatskappye betref,

word finansiële jaarstate dikwels slegs vir inkomstebelastingdoeleindes voorgelê. Dit is dan ook niege-ouditeerde state en nie vir analisedoeleindes geskik nie omdat bestuur se inligtingsbehoeftes verskil van dié van die Ontvanger van Inkomste.

Derdens het navorsing aan die lig gebring dat moontlike gebruikers van finansiële inligting geheel en al ongevoelig is daarvoor aangesien hulle nie van meet af aan reeds in die gebruik van finansiële inligting opgevoed is nie (Gouws, 1982:86).

## 1.4 DIE INLIGTINGSFUNKSIE VAN FINANSIëLE JAARSTATE VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS

Wanneer rekeningkundige inligting gedurende 'n periode "aangeteken" word, word van die boekstawingsfunksie van die rekeningkunde gepraat. Die verslagdoeningsfunksie word nagekom wanneer die geboekstaafde inligting in die finansiële jaarstate vir 'n rekenpligtige boekjaar saamgevat word. Sou hierdie finansiële state nou deur iemand ontleed en vertolk word, word van die inligtingsfunksie van die rekeningkunde gepraat. "Een van die belangrikste doeleindes van rekeningkunde is om die belanghebbendes van die entiteit met bruikbare inligting, wat as basis vir besluitneming gebruik word, te voorsien. Rekeningkundige inligting het geen waarde indien dit nie verstaanbaar en bruikbaar is nie" (Gouws, 1982:238).

Ofskoon rekeningkundige inligting meer omvattend as net die finansiële jaarstate van 'n onderneming is, kan die finansiële state tog as die primêre rekeningkundige bron van inligting beskou word aangesien dit normaalweg besonder gedetailleerd is.

### 1.4.1 Omskrywing van finansiële jaarstate

Finansiële jaarstate word opgestel om verslag te doen oor en die resultaat van transaksies te bepaal wat gedurende 'n bepaalde tydperk deur 'n onderneming aangegaan is. "Die finale rekeninge van 'n onderneming behels 'n sistematiese samevatting van die finansiële geskiedenis van die onderneming" (Cilliers, 1982:11). Aangesien direkteure van maatskappye deur die Maatskappywet verplig word om finansiële state vir elke finansiële jaar voor te lê, is die algemeen aanvaarde tydperk van verslagdoening 'n periode van een jaar. Aangesien die belastingjaar van 1 Maart tot 28 Februarie strek, gebeur dit in die praktyk dat finansiële jaarstate normaalweg vir hierdie periode voorgelê word.

Wat maatskappye betref, bepaal artikel 286 van die Maatskappywet van 1973 (Cilliers et al, 1982:21) dat finansiële jaarstate, wat voorgelê moet word aan die algemene jaarvergadering, die volgende moet vervat:

- 'n Balansstaat;
- 'n inkomstestaat;
- 'n direkteursverslag en
- 'n ouditeursverslag.

Paragraaf 44 van die vierde bylae bepaal voorts dat 'n staat van bron en aanwending van fondse by die balansstaat aangeheg moet word.

Sover dit beslote korporasies aangaan, bepaal artikel 58 van Wet No. 69, 1984 (Wet op Beslote Korporasies, 1984) dat die finansiële jaarstate van 'n korporasie uit die volgende moet bestaan:

- 'n balansstaat en enige aantekeninge daarop en
- 'n inkomstestaat of 'n soortgelyke staat en enige aantekeninge daarop.

Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk vereis egter dat 'n fondsestaat ook deel van die finansiële jaarstate van beslote korporasies moet uitmaak.

Empiries is ervaar dat finansiële jaarstate van ondernemings wat nie 'n maatskappy of beslote korporasies is nie, slegs uit 'n balansstaat en 'n inkomstestaat bestaan aangesien dit al state is wat deur die Ontvanger van Inkomste vereis word.

### 1.4.2 Moontlike gebruikers van 'n kleinsakeonderneming se finansiële state

Soos in 1.1 gemeld, verkeer baie kleinsakeondernemers onder die wanindruk dat finansiële jaarstate alleenlik vir inkomstebelastingdoeleindes opgestel en voorgelê moet word. Behalwe as bron van bestuursinligting kan finansiële state deur verskeie ander entiteite gebruik word:

#### 1.4.2.1 Bankier

'n Kleinsakeman kan deur middel van sy onderneming se finansiële state sy bankbestuurder oortuig dat die likiditeit van die onderneming gesond is en dat die onderneming oor die korttermyn in staat sal wees om sy verpligtinge na te kom. Bankiers kan ook deur 'n ontleding van die balansstaat bepaal of die onderneming kredietwaardig is al dan nie.

1.4.2.2 Krediteure

Krediteure, wat ook gesien kan word as korttermynkredietverskaffers, stel net soos bankiers in die likiditeit van die onderneming belang. 'n Kleinsakeman kan sy kredietwaardigheid in die oë van sy leweransier verhoog deur sy finansiële state gereeld ook aan laasgenoemde voor te lê. Krediteure sal ook in die betalingstermyn van krediteure, waarby hy dan ingesluit is, belangstel.

1.4.2.3 Langtermynkredietverskaffers

Volgens Cilliers (1982:11) stel langtermynkredietverskaffers soos byvoorbeeld ontwikkelingskorporasies, banke en bougenootskappe in die reël in twee aspekte belang.

In die eerste plek wil hulle weet of die onderneming aan wie hulle langtermynkrediet gaan verskaf, in staat sal wees om die renteverpligtings stiptelik en gereeld na te kom. Die inkomstestaat van 'n onderneming kan sodanige inligting verskaf.

Langtermynkredietverskaffers is in die tweede plek ook geïnteresseerd in die solvabiliteit van die onderneming, met ander woorde, die vermoë van die onderneming om oor die langtermyn sy verpligtinge na te kom.

1.4.2.4 Potensiële kopers van die onderneming

Finansiële state kan ook by die koop en verkoop van 'n onderneming 'n deurslaggewende rol speel. Badenhorst (1982:2) beveel aan dat enige persoon wat belangstel om 'n bestaande kleinsakeonderneming te koop eers die finansiële resultate uit 'n historiese oogpunt moet evalueer. Aspekte wat aandag behoort te geniet is verkope, bruto winspersentasie, bedryfskoste, netto inkomste, netto batewaarde en klandisiewaarde.

1.4.2.5 Werknemers

Ofskoon dit nie algemene praktyk is nie, kan die finansiële jaarstate van 'n onderneming met vrug aan sy werknemers voorgelê word. Dit is moontlik dat werknemers nie alles sal begryp nie, maar dit kan nietemin tot 'n beter verstandhouding en begrip tussen bestuur en die werknemers bydra. 'n Voorlegging en verduideliking van die finansiële jaarstate, veral die inkomstestaat, kan byvoorbeeld 'n beter begrip vir die effek van onakkurate voorraadopnames op bedryfsresultate tot gevolg hê.

1.4.2.6 Bestuur

Die bestuur van 'n kleinsakeonderneming is seker die entiteit wat die meeste belang in die finansiële resultate, soos vervat in die finansiële jaarstate, van die onderneming het. Cilliers (1982:11) som dit op deur te beweer dat die bestuurder van 'n onderneming in die finansiële jaarstate 'n aanduiding kan soek of die beleid wat toegepas is 'n positiewe of negatiewe uitwerking gehad het. Die gebruikswaarde van finansiële jaarstate vir kleinsakebestuur sal in die hieropvolgende hoofstukke in meer besonderhede bespreek word.

1.4.2.7 Eienaars

Of dit nou die aandeelhouers van 'n maatskappy of die eienaar van 'n eenmansaak is, behoort finansiële jaarstate die finale toets van die winsgewendheid van die onderneming te wees. Deur middel van die finansiële jaarstate kan die eienaars bepaal of die opbrengs, gemeet aan voorafbepaalde kritiese standaarde, voldoende was en of die bates nie veel eerder gerealiseer moet word en die fondse in 'n ander meer lonende alternatief belê moet word nie.

1.4.2.8 Die Ontvanger van Inkomste

Die Ontvanger van Inkomste gebruik ook finansiële inligting om die belasbare inkomste van 'n onderneming te bepaal. Die inligting vervat in die finansiële jaarstate wat vir belastingdoeleindes voorgelê moet word, kan wesenlik verskil van die finansiële inligting wat deur bestuur benodig word. So het die Ontvanger van Inkomste vasgestelde skedules waarvolgens waardevermindering afgeskryf kan word (Silke, Divaris en Steyn, 1982:1152) terwyl dit vir bestuur, uit 'n bedryfsoogpunt, voordeliger kan wees om die bate se waarde vinniger te verminder.

1.4.2.9 Gevolgtrekking

Uit bostaande blyk dit dat die doeleindes van die onderskeie gebruikers verskil en dat nie alle gebruikers se inligtingsbehoeftes met dieselfde stel finansiële jaarstate bevredig kan word nie. Dit word duidelik dat bestuur, uit die aard van hul funksie, meer gedetailleerde finansiële jaarstate as ander gebruikers benodig en dit ook kan kry.

1.4.3 <u>Beperkings van finansiële jaarstate</u>

Gebruikers van finansiële jaarstate moet deurentyd besef dat jaarstate in konvensionele formaat aan sekere beperkings onderhewig is wat die bruikbaarheid en betroubaarheid daarvan as bron van inligting kan beïnvloed. "Recognition of the importance of financial accounting data should be tempered by a realization of the limitations to which they are subject" (Bernstein, 1983:27). Wat kleinsakebestuur betref, is die belangrikste beperkings die volgende:

1.4.3.1 Die inligting in finansiële jaarstate is verouderd

Finansiële jaarstate is 'n verslag van die rekeningkundige transaksies van 'n vorige periode. Dit impliseer dat die resultate wat in die finansiële jaarstate weerspieël word, "verouderd" is. Finansiële jaarstate sê wel iets omtrent die verlede en sekere probleemareas wat in die verlede bestaan het kan geïdentifiseer word, maar dit dui nie aan of die probleemareas reggestel is nie.

Die feit dat dit algemeen aanvaarde rekeningkundige gebruik is om bates teen die prys waarteen dit bekom is aan te teken, naamlik die kosprys, bevestig die verouderde waarde van finansiële state. Finansiële jaarstate in konvensionele formaat neem dus glad nie die vermindering in die waarde van 'n geldeenheid in ag nie.

Deur transaksies teen oorspronklike pryse op te teken kan tot gevolg hê dat bates teen onrealistiese waardes in die balansstaat verskyn veral as gevolg van stygende of dalende pryspeile wat in die praktyk ervaar word. Dit het verder tot gevolg dat die waardevermindering wat voorsien word ook te veel of te min kan wees.

1.4.3.2 Balansstaat is op 'n spesifieke moment

Ofskoon aanvaar kan word dat die toestand van 'n entiteit soos weerspieël op sy balansstaat normaalweg die beste en optimistiese beeld van die entiteit skets (Gouws, 1983:3), kan voorsien word dat hierdie toestand nie altyd die ware toedrag van sake weerspieël nie. In praktyk word ervaar dat baie ondernemings uitverkopings hou net voor die sluiting van die finansiële periode juis om die voorraadvlak te laat daal en likiditeit te verhoog. Dit gee daartoe aanleiding dat die voorraadsyfer op die balansstaat nie 'n getroue weergawe is van die situasie gedurende die periode nie en "indrukwekkende" verhoudings

(byvoorbeeld 'n baie hoë voorraadomsetsyfer) kan bereken word.

1.4.3.3 Misleidende aanbiedings is moontlik

Waar maatskappye deur artikel 286 van die maatskappyewet verplig word om 'n ouditeursverslag voor te lê, en die ouditeur hom moet vergewis dat die finansiële jaarstate 'n redelike weergawe van die finansiële stand van die maatskappy is, is nie-maatskappye glad nie verplig om hulle aan sulke statutêre vereistes te onderwerp nie (Thorby, 1978:221).

In die praktyk word ervaar dat boekhouers of rekenmeesters, wat die finansiële jaarstate van nie-maatskappye saamstel, hulle laat lei deur die "inligting soos voorsien deur die eienaars". Sulke inligting kan baie gebrekkig wees wat misleidende aanbiedings tot gevolg kan hê.

By ondernemings wat op 'n kontant-basis handel dryf is misleidende aanbiedings ook moontlik wanneer alle kontanttransaksies nie in die rekeningkundige stelsel opgeneem word nie. Deur kontantverkope onmiddellik te onttrek, en nie die transaksie rekeningkundig aan te dui nie, skep die eienaar van 'n onderneming 'n misleidende aanbieding van die finansiële jaarstate omdat verkope, bruto wins en netto inkomste (voor onttrekkings) laer aangetoon sal word as wat dit werklik was.

1.4.3.4 Finansiële jaarstate is slegs 'n monetêre weergawe

Omdat rekeningkundige inligting noodwendig monetêr is, is die inligting soos vervat in die finansiële jaarstate van 'n onderneming beperk tot slegs daardie inligting wat in 'n geldeenheid weergegee kan word. Verskeie faktore wat die waarde van 'n onderneming kan beïnvloed, soos die bestuur en personeel van die onderneming, word by

die beoordeling buite rekening gelaat. Wat kleiner sakeondernemings betref, gebeur dit dikwels dat 'n ontasbare bate soos klandisiewaarde nou gekoppel is aan die eienaar van die onderneming. Sou laasgenoemde besluit om sy onderneming te verkoop word hierdie feit dikwels buite rekening gelaat en word te veel vir klandisiewaarde betaal omdat sodanige klandisiewaarde as't ware aan die oorspronklike eienaar kleef.

Dit moet gemeld word dat afgesien van bogenoemde beperkings daar ook ander beperkings is wat in ag geneem moet word by die ontleding van finansiële jaarstate. Uit die oogpunt van kleinsakebestuur is bogenoemde beperkings egter baie belangrik en relevant.

'n Verdere aspek wat aandag behoort te geniet is die bruikbaarheid van finansiële state in die algemeen. Hierdie kwessie is veral van toepassing op kleinsakebestuur wat dikwels finansiële state eerder as 'n verpligting sien as 'n bron van bestuursinligting.

Navorsing deur Gourley en Seneque (1984:439) onder praktiserende rekenmeesters en beleggingsanaliste toon dat die inkomstestaat as die mees bruikbare finansiële staat beskou word. Die balansstaat word beskou as die tweede bruikbaarste terwyl die fondsestaat as die "... lowest ranking statement ..." beskou word. Ofskoon die skrywers geen verklaring vir bogenoemde verskynsel gee nie, kan aanvaar word dat die fondsestaat se lae rangorde toegeskryf kan word aan die ingewikkeldheid daarvan vergeleke met die ander state.

### 1.4.4 <u>Vereistes vir sinvolle ontleding</u>

Dit is belangrik dat die finale produk van die rekeningkundige funksie binne 'n kleinsakeonderneming <u>bruikbaar</u> sal wees. Cilliers (1982:12) sien die hoofproduk van 'n rekenmeester se arbeid as die finansiële state. Die

skrywer meld verder dat die inligting wat deur die verskillende gebruikers van finansiële state verlang word, slegs verkry kan word mits die state behoorlik opgestel is.

Die bruikbaarheid van finansiële state vir sinvolle ontledings hang veral van die volgende af:

1.4.4.1 Is die state 'n getroue weergawe van die werklikheid?

By maatskappye en beslote korporasies kan aanvaar word dat die finansiële state 'n redelike weergawe van transaksies ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk sal wees en kan sinvolle afleidings wel ten opsigte van veral een periode tot 'n volgende vir dieselfde onderneming gemaak word.

'n Kleinsakebestuurder behoort homself egter altyd te vergewis of die finansiële state 'n redelike weergawe van die werklikheid is en indien nie, behoort die nodige aansuiwerings konsekwent aangebring te word.

1.4.4.2 Is die rekeningkundige voorstellings vergelykbaar?

'n Rekeningkundige voorstelling op sigself sal vir die gebruiker nie veel beteken nie. Sou die netto inkomste van 'n onderneming byvoorbeeld bekend wees, kan daar nog nie afgelei word of die onderneming bevredigend presteer het al dan nie (Solomon en Pringle, 1980:77). Dit word beklemtoon dat sou bedryfsgemiddeldes of vorige periodes se resultate ook bekend wees, sinvolle afleidings ten opsigte van die onderneming se prestasie gemaak kan word.

Vergelykings van verskillende soortgelyke ondernemings se finansiële jaarstate word bemoeilik deur die beperkings van jaarstate soos hierbo behandel. Werklik sinvolle

afleidings kan egter nie gemaak word tensy daar die een of ander vergelykingsmaatstaf bestaan waarmee die finansiële inligting vergelyk kan word nie. Cilliers (1982:14) noem vier soorte vergelykingstandaarde of -maatstawwe:

- Vooruitberekende maatstaf - uit gegewens onder bepaalde omstandighede volgens logiese berekenings soos by begrotingsbeheer;

- maatstaf van ooreenstemmende gegewens - ten opsigte van voorafgaande tydperke vir dieselfde onderneming;

- maatstaf van ooreenstemmende gegewens - ten opsigte van gelyksoortige ondernemings en

- maatstaf van empiries aanvaarde standaarde - veral standaarde wat uit die bankierspraktyk opgebou is.

Wat kleinsakeondernemings betref, kan probleme ervaar word met die maatstaf van ooreenstemmende gegewens ten opsigte van gelyksoortige ondernemings. Bedryfvoering kan van geografiese area tot geografiese area verskil en daarom is soortgelyke ondernemings nie altyd met mekaar vergelykbaar nie. Die kostestruktuur van 'n algemene handelaar op die platteland verskil normaalweg van dié van 'n algemene handelaar in die stedelike gebied veral omdat besigheidspersele en arbeid goedkoper is. Wanneer gelyksoortige ondernemings vergelyk word, moet die geografiese area ook in aanmerking geneem word.

1.4.4.3 Word die state saam met ander finansiële bronne ontleed?

Dit is belangrik dat finansiële state nie in isolasie beoordeel moet word nie. Omdat verskeie mense en persoonlikhede betrokke is by die vaslegging en interpretasie van finansiële inligting en omdat hul vermoëns en opleiding mag verskil, is dit nodig dat bestuur, waar moontlik, addisionele inligting sal bekom ten einde die ontleding so volledig en objektief moontlik te kan doen.

## 1.5 DIE GEBRUIK VAN VERHOUDINGSGETALLE BY FINANSIëLE ONTLEDING

Verhoudingsgetalle word deur Archer, Hamman en Lambrechts (1984:26) beskou as die verwantskap tussen bepaalde syfers, naamlik tussen een pos of 'n groep van poste in die finansiële jaarstate en 'n ander pos of groep poste. In praktyk word ervaar dat kleinsakeondernemings verhoudingsgetalle veral bereken ten opsigte van voorafgaande tydperke - die prestasie vir 'n periode word vergelyk met vorige periodes. 'n Vergelyking met algemeen aanvaarde norme of bedryfstaknorme vind selde plaas omdat sulke norme nie geredelik beskikbaar is nie.

Ofskoon rekeningkundige verhoudings taamlik algemeen gebruik word by finansiële ontledings (Bernstein, 1983:73), waarsku Farmer (1983:171) dat daar tog sekere beperkings ten opsigte van verhoudingsgetalle deur die analis in gedagte gehou moet word. Onder andere meld hy dat:

- Die berekening van 'n verhouding eenvoudig is, terwyl die interpretasie kundigheid vereis;

- baie finansiële verhoudings misleidend of niksseggend kan wees tensy dit met 'n standaard, of 'n vorige periode se verhouding, of soortgelyke entiteite se verhoudings vergelyk word;

- verhoudings die beste saam met of ter ondersteuning van ander inligting gebruik kan word en

- verhoudings op sigself nie finansiële kontrole daarstel nie maar dat dit aan bestuur die kritiese areas wat strenger kontrole regverdig, mag uitwys.

Volgens Archer et al (1984:26) is die berekening van verhoudingsgetalle relatief eenvoudig maar die beoordeling ingewikkelder, veral wat betref die keuse van 'n geskikte kriterium.

Dit kan afgelei word dat die gebruik van verhoudingsgetalle as hulpmiddel by finansiële analise ook geskik is vir kleinsakebestuur mits die beperkings by die gebruik daarvan in ag geneem word.

## 1.6 OPSOMMING

Uit 'n bedryfsekonomiese oogpunt moet die rol van finansiële jaarstate as bron van bestuursinligting nie onderskat word nie. Met die probleme van die kleinsakeonderneming in ag geneem, is die finansiële state dikwels die enigste bron wat bestuur kan raadpleeg ten einde effektiewe besluite te kan neem met die voorbehoud dat daar voorsiening gemaak word vir die beperkings waaraan finansiële state onderhewig is.

# HOOFSTUK 2

## DIE BALANSSTAAT AS BRON VAN INLIGTING

2.1 INLEIDING

2.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N BALANSSTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR

2.2.1 Die funksie van 'n balansstaat

2.2.2 Beskikbare inligting

2.2.3 Addisionele inligting benodig vir sinvolle ontleding

2.3 BALANSSTAAT VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING

2.3.1 Inleiding

2.3.2 Opbrengs op totale bates

2.3.3 Opbrengs op eienaarsbelang

2.3.4 Vreemde kapitaal tot totale bates

2.3.5 Bedryfsbates tot bedryfslaste (Bedryfskapitaalverhouding)

2.3.6 Likiede bates tot bedryfslaste (Vuurproefverhouding)

2.3.7 Ander verhoudings rakende likiditeit

2.4 OPSOMMING

# HOOFSTUK 2

# DIE BALANSSTAAT AS BRON VAN INLIGTING

## 2.1 INLEIDING

Die kleinsakeman is uiteraard daarin geïnteresseerd of sy onderneming "gesond" is al dan nie. Faul, Pistorius en Van Vuuren (1981:11) beskou die balansstaat as 'n finansiële verslag waarin 'n onderneming se "... bates, laste en netto vermoë ..." op 'n bepaalde tydstip uiteengesit is. Hieruit word afgelei dat die balansstaat aangewend kan word om te bepaal wat die finansiële posisie van die onderneming as geheel is.

Hierdie hoofstuk is in die eerste plek daarop gemik om die waarde en betekenis van 'n balansstaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur te bepaal en in die tweede plek om bruikbare en belangrike balansstaatverhoudingsgetalle met betrekking tot kleinsakebestuur te identifiseer.

## 2.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N BALANSSTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR

### 2.2.1 Die funksie van 'n balansstaat

Die hooffunksie van die balansstaat blyk die weergawe van die finansiële posisie van 'n onderneming op 'n spesifieke moment te wees. Dit dui aan wat 'n onderneming besit en hoeveel dit skuld. Volgens Langhout (1974:5) gee dit 'n "... true and fair view of the state of affairs of the business on a particular date ...". Mackintosh (1981:9) praat van 'n "... snapshot ..." van die onderneming op 'n spesifieke moment waardeur die finansiële karaktertrekke van 'n onderneming weergegee

word en wat as basis vir die ontleding van sterk en swak punte kan dien.

Dit is juis die feit dat inligting in die balansstaat op 'n spesifieke moment gerig is wat deur heelwat outeurs en navorsers as 'n ernstige beperking by die gebruik van die balansstaat beskou word. Uit 'n vergelykingsoogpunt is dit egter belangrik om te kan bepaal hoe die finansiële posisie van 'n onderneming verander het van een moment na 'n ander.

### 2.2.2 Beskikbare inligting

Op sigself is 'n balansstaat 'n belangrike bron van inligting. Dit toon die geldelike middele van 'n onderneming aan en hoe hierdie middele in die onderneming aangewend en verkry is. Dit toon ook die bates van die onderneming op 'n gegewe tydstip aan en hoe hierdie bates gefinansier is.

Nemmers en Grunewald (1975:37) klassifiseer die inligting wat in 'n balansstaat verkry kan word in drie hoofgroepe:

- Data wat betref bedryfsbates en -laste;
- inligting rakende eiendom en toerusting en
- inligting rakende die kapitaalstruktuur van die onderneming.

In hul riglyne vir finansiële jaarstate wat deur die Nasionale Raad vir Geoktrooieerde Rekenmeesters aanbeveel word en wat sedert April 1977 algemeen aanvaar word as rekeningkundige praktyk (SAIGR, 1977:2). word die balansstaat onderverdeel in twee afdelings, naamlik kapitaal aangewend en aanwending van kapitaal.

Kapitaal aangewend is 'n uiteensetting van die totale kapitaal wat in die onderneming aangewend is terwyl aanwending van kapitaal 'n aanduiding gee van watter bates deur die kapitaal gefinansier is.

Ofskoon die meeste kleinsakeondernemings wat nie as maatskappy of beslote korporasie bedryf word nie, hul finansiële state aanbied in die formaat wat voor April 1977 gegeld het, naamlik dat die balansstaat verdeel word in 'n bate- en laste kolom, raak dit al hoe meer aanvaarde beleid om ook hierdie state in die bogenoemde formaat aan te bied. In die meeste gevalle is dit net gewone aandeelhouersbelang wat vervang word met eienaarsbelang of 'n kapitaalrekening.

'n Belangrike item wat nie in die balansstaat gevind word nie is verdienvermoë (Nemmers en Grunewald, 1975:37). Dit is om hierdie rede dat 'n analise van die balansstaat onvolledig kan wees tensy dit ook saam met die inkomstestaat ontleed word. 'n Belangrike kreterium by die waardebepaling van 'n onderneming is die opbrengs op kapitaal. Dit impliseer dat die inkomstestaat en die balansstaat saam beoordeel moet word.

### 2.2.3 Addisionele inligting benodig vir sinvolle ontleding

Een van die vereistes vir sinvolle ontleding wat in die vorige hoofstuk genoem is, is dat die finansiële jaarstate 'n getroue weergawe van die werklikheid moet wees. Dit is ook gemeld dat daar verskillende gebruikers van finansiële jaarstate is en dat almal se inligtingsbehoeftes nie met dieselfde stel state bevredig kan word nie. Ten einde sinvolle afleidings te kan maak, is dit belangrik dat kleinsakebestuur die finansiële inligting so sal rekonstrueer dat die uiteindelike analise 'n weergawe van die werklikheid is.

Dit impliseer dat bestuur soveel as moontlik addisionele bronne van inligting (waarby die rekeningkundige stelsel van die onderneming ingesluit is) moet raadpleeg. Dit sal dalk nodig wees "... to replicate the accountants work but in reverse order ..." (Bernstein, 1983:62). Beter begrip sal bewerkstellig word as die finansiële resultate na die oorspronklike transaksies terugherlei word. So byvoorbeeld is volledige inligting rakende die aankoop en verkoop van beleggings belangrik vir sinvolle ontleding en omdat die balansstaat slegs die netto effek toon, moet addisionele bronne geraadpleeg word.

By die ontleding van balansstate van kleinsakeondernemings vind die ABKS dit nodig om aansuiwerings ten opsigte van die volgende te maak (ABKS, 1982:13):

2.2.3.1 Bates

2.2.3.1.1 Voorraad: Die werklike voorraadsyfers vir die periode onder bespreking moet bepaal word. Dit sal dalk nodig wees om voorraadopnames te kontroleer en voorraadwaardasies te bevestig. In praktyk kan dit gebeur dat kleinsakeondernemers kunsmatige voorraadreserwes skep om netto inkomste te verminder en sodoende minder belasting te betaal. Dit word gedoen deur die netto realiseerbare waarde van sy voorraad laer te toon as die werklike waardasie daarvan. Dit word gedoen tot op so 'n vlak as wat vir die Ontvanger van Inkomste aanvaarbaar sal wees. By interne ontledings moet die situasie reggestel word deur die toepaslike voorraadsyfers in die finansiële jaarstate met die verskil aan te pas. Hierdie aanpassing moet ook by toekomstige ontledings in aanmerking geneem word.

2.2.3.1.2 Grond en Geboue: Ten einde die balansstate van verskillende ondernemings met mekaar te kan vergelyk, laat die ABKS grond en geboue buite rekening vir ont-

ledingsdoeleindes (ABKS, 1982:14). Hierdie metode van analise skakel dan ook die grootste probleem rakende grond en geboue, naamlik, die historiese waarde daarvan, uit.

Kritiek teen die ABKS se metode is dat die inkomstestaat van 'n onderneming wat grond en geboue besit nie met die inkomstestaat van 'n onderneming wat grond en geboue huur vergelyk kan word nie. Vergelyking is eers moontlik nadat die bedryfskoste van eersgenoemde onderneming met 'n markverwante huurtarief aangepas is. Hierdie aansuiwering sal 'n vermindering van netto inkomste tot gevolg hê maar omdat dit nie die kontantsituasie beinvloed nie, behoort dit in die fondsestaat as 'n niekontant item beskou te word.

By die waardasie van 'n onderneming vir doeleindes van koop en verkoop, behoort die markwaarde van die grond en geboue egter wel in berekening gebring te word omdat dit die wese van die kooprys beïnvloed.

2.2.3.1.3 Leningsheffing: Vir vergelykingsdoeleindes moet bepaal word wanneer die heffing terugbetaal gaan word. Indien dit oor langer as 'n jaar gaan wees, behoort die leningsheffing nie as 'n bedryfsbate beskou te word nie, so nie, wel as 'n bedryfsbate onder debiteure.

2.2.3.1.4 Beleggings: Wanneer 'n onderneming se prestasie oor 'n periode beoordeel word, behoort alle beleggings, wat nie deel van normale besigheidsbedrywighede uitmaak nie, as bates buite rekening gelaat te word. Inkomste verkry uit hierdie beleggings behoort dus ook vir ontledingsdoeleindes buite rekening gelaat te word.

2.2.3.1.5 Klandisiewaarde: By die ontleding van die balansstaat bly klandisiewaarde en veral die waardering daarvan 'n probleem. Baie analiste oorkom die probleem deur dit bloot as bate te ignoreer (Bernstein, 1983:325).

Wanneer klandisiewaarde vir ontledingsdoeleindes buite rekening gelaat word as bate, moet eienaarsbelang dienooreenkomstig verminder word. Dit kan by 'n kleinsakeonderneming maklik gebeur dat daar na hierdie vermindering 'n negatiewe eienaarsbelang is wat eintlik beteken dat die onderneming insolvent is.

Die korrekte manier is dat daar telkens 'n herwaardasie van klandisiewaarde gemaak word voor ontleding. In praktyk word amortisasie egter, net soos by vaste bates, by klandisiewaarde afgeskryf. Bernstein (1983:326) meld ook dat klandisiewaarde, net soos vaste bates, 'n bate met 'n beperkte lewensduurte het en dat bedrae daarteen afgeskryf behoort te word.

2.2.3.2 Laste

2.2.3.2.1 Eienaarsbelang

Waar gewone aandeelhouersbelang by 'n maatskappy uit aandelekapitaal, reserwes en onverdeelde winste bestaan, dui eienaarsbelang in die geval van 'n eenmansaak of vennootskap op die kapitaalrekening plus reserwes, plus onverdeelde winste, plus lenings wat die eienaar aan die onderneming as entiteit gemaak het. Empiries is ervaar dat by die kleinsakeonderneming die eienaar normaalweg so betrokke by die onderneming is dat 'n lening wat hy aan die onderneming gemaak het, nie as buitelas beskou kan word nie, maar eerder as deel van eienaarsbelang.

Die eienaarsbelang in 'n onderneming kan ook bepaal word deur die totale vreemde kapitaal van die totale bates af te trek. Foulke (1968:113) sien netto batewaarde, dit wil sê eienaarsbelang, as daardie las van 'n onderneming nadat alle "skulde" van watter beskrywing ookal afgelos is. Dit word afgelei dat skuld in hierdie sin verwys na alle entiteite wat nie 'n ekwiteitsbelang in die onderneming het nie.

2.2.3.2.2 Vreemde kapitaal

Met bogenoemde as uitgangspunt bestaan vreemde kapitaal by kleinsakeondernemings uit alle lenings aan die onderneming deur buite-entiteite wat nie 'n ekwiteitsbelang in die onderneming het nie. Dit sluit beide lang- en korttermyn vreemde kapitaal in.

## 2.3 BALANSSTAAT VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING

### 2.3.1 Inleiding

Soos voorheen gemeld, word verhoudingsgetalle algemeen as instrument by finansiële analise gebruik. As bron van inligting leen die balansstaat hom uitstekend vir die berekening van verhoudingsgetalle; veral omdat die basis van beoordeling weinig verander en omdat inligting konsekwent weergegee word.

Daar is egter bewys gevind dat bestuur nie altyd dieselfde aandag aan die balansstaat as aan die inkomstestaat verleen nie. Foulke (1968:3) het gevind dat waar uitvoerende beamptes normaalweg hul inkomstestate deeglik ontleed, nie meer as een uit tien uitvoerende beamptes dieselfde aandag aan balansstate verleen nie.

Onlangse navorsing deur Gourley en Seneque (1984:437) bevestig die feit dat balansstate as minder belangrik en bruikbaar beskou word as inkomstestate. Ofskoon laasgenoemde navorsing onder ouditeure uitgevoer is, kan aanvaar word dat kleinsakebestuurders dieselfde mening huldig omdat hulle oor die algemeen meer in die bedryfsvoering as in die finansiële posisie van die onderneming belangstel.

Voordat enkele verhoudings uitgelig word, moet dit beklemtoon word dat finansiële verhoudings nooit in isolasie gesien moet word nie maar dat dit in 'n pakket geëvalueer moet word. Verder moet daarop gewys word dat ofskoon navorsers oor die jare verskeie verhoudings ontwikkel het, net daardie verhoudings wat empiries as die mees bruikbare en belangrikste ten opsigte van kleinsakebestuur bewys is, bespreek sal word.

### 2.3.2 Opbrengs op totale bates

#### 2.3.2.1 Algemeen

Waar dit ook die kleinsakeonderneming se doel is om te oorleef, is dit belangrik dat bestuur voortdurend moet besin of die opbrengs op die totale belegging die moeite werd is. Die verhouding netto inkomste as persentasie van totale bates gee 'n aanduiding van watter opbrengs die totale belegging gerealiseer het sonder inagneming van wie die geld voorsien het om die bates te verkry. In hierdie verhouding is daar dus twee komponente verteenwoordig naamlik netto inkomste en totale bates.

Die begrip netto inkomste het oor die jare heelwat verwarring geskep. Streng gesproke verwys netto inkomste na daardie gedeelte van die inkomste wat die eienaars van die onderneming toekom nadat vir alle moontlike uitgawes (dus ook rente aan vreemde kapitaal en belasting) voorsien is. Helfert (1982:67) en Farmer (1983:105) huldig egter die mening dat daar 'n meer betekenisvolle verhouding verkry kan word as daar met netto inkomste voor aftrekking van rente en belasting gewerk word. Sover dit kleinsakeondernemings betref, word daar met hierdie outeurs saamgestem. In die eerste plek is dit onbillik om van die kleiner sakeondernemings met mekaar te vergelyk as daar gewerk word met nabelaste inkomste. Die rede hiervoor is dat belasting vir eenmansake en

vennootskappe op 'n glyskaal bereken word wat kan wissel na gelang van die totale belasbare inkomste van die eienaar. Nabelaste inkomste in sulke gevalle is nie vergelykbaar nie omdat ander inkomstes van die eienaars 'n faktor kan wees. In die tweede plek word totale bates deur beide eienaarskapitaal en vreemde kapitaal gefinansier en behoort netto inkomste, by die berekening van opbrengs op totale bates, die rente wat aan vreemde kapitaal betaal is, in te sluit.

Wanneer 'n verhouding opbrengs op totale bate bereken word, behoort daar streng gesproke met die totale bates soos aan die begin van die periode gewerk te word omdat dit die bates is wat vir die opbrengs verantwoordelik was. Die totale bates aan die einde van die periode sluit reeds teruggeploegde winste in en 'n swakker verhouding sal bereken word indien met hierdie syfer gewerk word. Aan die ander kant is van die teruggeploegde winste ook verantwoordelik vir 'n gedeelte van die opbrengs.

Vir vergelykingsdoeleindes behoort daar egter konsekwent met òf die bates aan die begin van die periode, òf die bates aan die einde, òf met 'n gemiddeld van die twee batesyfers gewerk te word.

2.3.2.2 Formule

Uit bogenoemde kan die volgende formule vir die berekening van die opbrengs op totale kapitaal van kleinsake-ondernemings afgelei word:

$$\frac{\text{Netto inkomste voor rente en voor belasting}}{\text{Totale bates}} \times \frac{100}{1}$$

'n Ondernemingsrentabiliteit van meer as die rentekoers wat op korttermynkapitaal betaal word, kan as bevredigend aanvaar word. Dit behoort egter ook met die rentabiliteit van soortgelyke ondernemings vergelyk te word.

2.3.2.3 Toepassing

Feitlik alle partye stel in hierdie verhouding belang. Dit dui op die lewensvatbaarheid van die onderneming oor die langtermyn. Langhout (1974:24) sien die bruikbaarheid van hierdie verhouding in die feit dat dit die belangrikste besigheidsfaktor meet, naamlik, "... its earning power ...". Farmer (1983:107) sien 'n verband tussen hierdie verhouding en die vermoë van die onderneming om oor die langtermyn te oorleef. Archer et al (1984:54) sowel as Tromp (1983:41) sien in hierdie verhouding 'n metode om te bepaal hoe doeltreffend die bates tot bestuur se beskikking aangewend is om 'n bevredigende opbrengs te lewer. Dit kan aanvaar word dat hierdie verhouding van besondere belang is vir kleinsakebestuur omdat die doeltreffendheid van die onderneming as geheel daardeur gemeet word.

2.3.3 <u>Opbrengs op eienaarsbelang</u>

2.3.3.1 Algemeen

Sover dit die eienaars van 'n onderneming aangaan, is die opbrengs wat verdien word op hulle totale belang in die onderneming van kardinale belang. Helfert (1982:68) verwys daarna as "... The key interest of the owners of an enterprise ...". In praktyk is ervaar dat kleinsakeondernemers ook baie waarde aan hierdie verhouding heg.

Wat hierdie verhouding betref word dieselfde probleem ten opsigte van nabelaste inkomste en vergelykbaarheid as by die opbrengs op totale bates ondervind. Ten einde verskillende kleinsakeondernemings met mekaar te kan vergelyk, behoort daar dus met die inkomste voor belasting gewerk te word. Vreemde kapitaal is egter by hierdie verhouding uitgesluit en daarom behoort rente betaal van netto inkomste afgetrek te word.

2.3.3.2 Formule

'n Formule vir die berekening van hierdie verhouding kan soos volg afgelei word:

$$\frac{\text{Netto inkomste na rente voor belasting}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$$

'n Maatstaf vir hierdie verhouding is moeilik berekenbaar en hang af van die opbrengs op totale bates, die rentekoers van vreemde kapitaal asook die verhouding eienaarsbelang tot vreemde kapitaal. Dit kan telkens op die volgende basis bereken word.

Tabel 2.1

Berekening van verlangde opbrengs op eienaarsbelang

| | Geval 1 | | | | Geval 2 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale kapitaal/Bates | R100 000 | | | | R100 000 | | | |
| Eienaarsbelang | R 50 000 | | | | R 40 000 | | | |
| Vreemde kapitaal | R 50 000 | | | | R 60 000 | | | |
| Opbrengs op totale bates | 30% | | | | 30% | | | |
| Koste van vreemde kapitaal | 15% | 20% | 25% | 30% | 15% | 20% | 25% | 30% |
| ∴ Verlangde opbrengs op eienaarsbelang | 45% | 40% | 35% | 30% | 52,5% | 45% | 37,5% | 30% |

Nota:
Hierdie berekening word gedoen deur eers die opbrengs op totale bates in randwaarde te bereken, dan die koste van vreemde kapitaal (in randwaarde) daarvan af te trek, en dan die restant, dit wil sê die verlangde opbrengs op eienaarsbelang, as persentasie van eienaarsbelang uit te druk. In geval 1 is die opbrengs op totale bates gelyk aan 30% of R30 000 en die koste van vreemde kapitaal gelyk aan 15% of R7 500. Die verlangde opbrengs op eienaarsbelang is gelyk aan

(R30 000 - R7 500 = R22 500 of $\frac{22\ 500}{50\ 000} \times \frac{100}{1}$ = 45%.

Voordat 'n maatstaf vir hierdie verhouding bepaal kan word, moet bestuur hulself eers van die volgende aspekte vergewis:

- Wat is die opbrengs op totale bates?
- wat is die koste van vreemde kapitaal?
- wat is die verhouding van eienaarsbelang tot vreemde kapitaal?

2.3.3.3 Toepassing

Hierdie verhouding kan die eienaars van 'n kleinsake-onderneming in staat stel om te bepaal of dit nie dalk voordeliger sal wees om alle bates te realiseer, vreemde kapitaal af te los en die restant, dit wil sê die eienaarsbelang, in 'n ander belegging of onderneming te investeer nie. Die voordeel dat rente op vreemde kapitaal afgetrek kan word vir belastingdoeleindes, behoort egter in ag geneem te word by die evaluering van hierdie verhouding.

2.3.4 <u>Vreemde kapitaal tot totale bates</u>

2.3.4.1 Algemeen

Solvabiliteit in 'n onderneming verwys na die mate waarin die totale bates van 'n onderneming die totale laste oorskry. Archer et al (1984:73) definieer solvabiliteit as die vermoë van 'n onderneming om by staking van bedrywighede die skuld van die onderneming te kan terugbetaal. Sou die totale laste (totale vreemde kapitaal) dus die totale bates oorskry, is die onderneming insolvent en het die eienaarsbelang dus 'n negatiewe waarde (Cilliers, 1982:16). Vreemde kapitaal in hierdie verband omsluit alle kapitaal wat gestort is deur buite entiteite wat nie 'n ekwiteitsbelang in die onderneming het nie.

2.3.4.2 Formule

Navorsers is dit redelik eens dat by die berekening van die skuldverhoudingsgetal ("debt ratio") totale vreemde kapitaal gedeel moet word deur totale bates. 'n Meer sinvolle verhoudingsgetal word egter verkry as dit uitgedruk word as 'n persentasie:

$$\frac{\text{Totale vreemde kapitaal}}{\text{Totale bates}} \times \frac{100}{1}$$

Reynders (1971:136) meld dat die ervaringsreël is dat eie kapitaal minstens so groot as vreemde kapitaal moet wees. Hy toon egter verder aan dat 'n optimale verhouding vir 'n besondere onderneming slegs bepaal kan word nadat aspekte soos graad van riskantheid en konjunktuurgevoeligheid in ag geneem is. Wat kleinsakeondernemings betref, ondersteun die ABKS bogenoemde standpunt deur te stel dat vreemde kapitaal nie meer as 50% van totale bates behoort te wees nie (ABKS, 1982:21). Daar kan met beide standpunte saamgestem word omdat 'n vreemde kapitaalverhouding van meer as 50% sal beteken dat die wettige eienaars tegnies gesproke nie meer beheer oor die onderneming het nie.

2.3.4.3 Toepassing

Deur hierdie verhouding met vorige periodes te vergelyk, kan die eienaar van 'n onderneming bepaal of vreemde kapitaal as persentasie van totale bates toe- of afgeneem het. Daar kan dus ook bepaal word of eienaarsbelang as persentasie van totale bates, en dus totale kapitaal, vergroot het al dan nie. 'n Hoë of lae verhouding vreemde kapitaal tot eienaarsbelang op sigself is niksseggend tensy die hefboomeffek bepaal word.

Heelwat eienaars van kleinsakeondernemings is gevoelig vir die gebruik van vreemde kapitaal. Empiries is

ervaar dat die rede hiervoor juis gesetel is in die feit dat kleinsakeondernemers nie die hefboomeffek begryp nie. Ofskoon die finansiële hefboom bepaal word deur die rentekoers op vreemde kapitaal, is die totale vreemde kapitaal ook belangrik omdat die totale koste van vreemde kapitaal daardeur bepaal word. Conradie (1984:11) illustreer die effek van die finansiële hefboom soos volg:

Tabel 2.2

Effek van Finansiële hefboom op kleinsakeondernemings

| | Onderneming A | | Onderneming B | |
|---|---|---|---|---|
| Eienaarsbelang | R 30 000 | | R 70 000 | |
| Vreemde kapitaal | R 70 000 | | R 30 000 | |
| Totale kapitaal | R100 000 | | R100 000 | |
| | A1 | A2 | B1 | B2 |
| Netto inkomste (voor rente) | R12 000 | R25 000 | R12 000 | R25 000 |
| Min rente @ 15% op vreemde kapitaal | R10 500 | R10 500 | R 4 500 | R 4 500 |
| = Netto inkomste (na rente) | R 1 500 | R14 500 | R 7 500 | R20 500 |
| ∴ Opbrengs op totale bates (a) | 12% | 25% | 12% | 25% |
| ∴ Opbrengs op eienaarsbelang (b) | 5% | 48% | 11% | 29% |
| Hefboom indeks $\frac{(b)}{(a)}$ | 0,46 (neg) | 1,92 (pos) | 0,91 (neg) | 1,16 (pos) |

Uit bogenoemde tabel blyk dit dat 'n hoë verhouding vreemde kapitaal tot totale bates wel tot die kleinsakeonderneming se voordeel kan strek. In geval A2 is dit 'n positiewe hefboom omdat die "oorskot-opbrengs" op vreemde kapitaal na die eienaars toegedeel word. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat hoe hoër die opbrengs op totale bates bokant die koste van vreemde kapitaal is, hoe meer word 'n styging in die opbrengs van eienaarsbelang daardeur beïnvloed.

Die bruikbaarheid van die verhouding vreemde kapitaal tot totale bates, tesame met die opbrengs op totale bates en op eienaarsbelang, die hefboomeffek, lê daarin dat kleinsakebestuur dit telkens kan gebruik om die huidige en alternatiewe kapitaalstrukture van die onderneming te evalueer.

### 2.3.5 Bedryfsbates tot bedryfslaste (Bedryfskapitaalverhouding)

#### 2.3.5.1 Algemeen

Die vermoë van 'n onderneming om oor die korttermyn sy verpligtinge te kan nakom, algemeen bekend as likiditeit, speel ook by kleinsakeondernemings 'n belangrike rol (Schöllhammer en Kuriloff, 1979:354). Daar is verskeie verhoudings wat likiditeit in 'n onderneming meet waarvan die bedryfskapitaalverhouding een van die algemeenste is. Die beginsel van toepassing by hierdie verhouding is om bedryfsbates te deel deur bedryfslaste om te bepaal tot watter mate bedryfslaste deur bedryfsbates gedek word.

#### 2.3.5.2 Toepassing

In praktyk word aanvaar dat wanneer bedryfsbates minstens twee keer so groot is as bedryfslaste, dit dui op 'n gesonde likiditeitstoestand (Cilliers, 1982:15), (O'Malia, 1976:70), (Kellogg, 1983:514). Daar moet egter gewaak word teen 'n oorveralgemening en elke onderneming se verhouding moet op meriete beoordeel word.

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur is die verhouding belangrik en bruikbaar. Hoe groter die verhouding hoe beter die moontlikheid dat bedryfslaste wel uit bedryfsbates gedelg gaan word. 'n Maatstaf van byvoorbeeld

2 tot 1 kan dien as finansiële veiligheidsfaktor om onvoorsiene gebeurlikhede die hoof te bied.

Gibson en Boyer (1979:130) wys daarop dat 'n vergelyking van die bedryfskapitaalverhouding met vorige periodes en/of bedryfsgemiddeldes, 'n aanduiding kan gee of die verhouding verbeter of versleg het maar nie die redes vir sodanige verandering kan bepaal nie. Die redes vir sodanige verandering sal slegs bepaal kan word na 'n deeglike analise van die individuele rekenings waaruit die verhouding bestaan. Hieruit word afgelei dat dit kleinsakebestuur sal loon om ander inligting, soos byvoorbeeld die bedryfskapitaalveranderingstaat saam met hierdie verhouding te ontleed wanneer die doeltreffendheid van die bestuur van bedryfskapitaal evalueer word.

### 2.3.6 <u>Likiede bates tot bedryfslaste</u> (Vuurproefverhouding)

#### 2.3.6.1 Algemeen

'n Tekortkoming van die bedryfskapitaalverhouding is die feit dat alle bedryfsbates by die verhouding ingesluit word; ook bates wat relatief moeilik in kontant omskep kan word en wat streng gesproke eerder as 'n risiko- in plaas van 'n veiligheidsfaktor beskou kan word.

Die algemene gebruik is om voorraad buite rekening te laat wanneer die sogenaamde "acid-test" of vuurproefverhouding bereken word ten einde die verhouding tussen likiede bates en bedryfslaste te meet. O'Malia (1976:70) motiveer die uitsluiting van voorraad as likiede bate deur te meld dat voorraad deur twee stappe moet gaan om in kontant omskep te word, naamlik verkope en invordering. Debiteure is meer likied omdat dit deur slegs een stap moet gaan, naamlik invordering.

Daar is tog heelwat outeurs wat waarsku teen 'n oorveralgemening. Bernstein (1983:470) asook Gibson en Boyer (1979:131) glo dat voorraad nie altyd die mees illikiede bate in 'n onderneming is nie. In sommige ondernemings kan dit egter ook gebeur dat debiteure baie stadiger in kontant omskep word as voorraad. In sulke gevalle behoort debiteure uitgesluit te word by hierdie verhouding. Indien die voorraadomsetsnelheid baie hoog is, kan voorraad beskou word as 'n likiede bate.

2.3.6.2 Toepassing

'n Verhouding van 1 tot 1 word in die praktyk as ideaal gestel (Cilliers, 1982:15), (Gibson en Boyer, 1979:132). Omdat elke onderneming se likiede batestruktuur uniek is, moet daar nie, wat die 1 tot 1 reëel betref, veralgemeen word nie. Volgens Kellogg (1983:516) is veral kredietverskaffers in hierdie verhouding geïnteresseerd en wel in die neiging van die verhouding oor 'n periode.

Die bruikbaarheid van hierdie verhouding word deur Chadwick (1984:37) beklemtoon deur navorsing wat hy onder handelaars gedoen het. Oor 'n periode van drie jaar het beide hierdie verhouding sowel as die bedryfskapitaalverhouding weinig verander en dit dui volgens die navorser op 'n posisie van stabiliteit. Dit kan dus aanvaar word dat die kredietwaardigheid van 'n kleinsakeonderneming oor 'n periode deur middel van hierdie verhoudings getoets kan word. As krediteure nie vertroue in die onderneming het nie en as die onderneming se betalingsvermoë sou verander, behoort dit in hierdie verhoudings te reflekteer.

### 2.3.7 Ander verhoudings rakende likiditeit

#### 2.3.7.1 Voorraadomsetsnelheid

##### 2.3.7.1.1 Algemeen

Voorraadadministrasie speel by kleinsakeondernemings 'n belangrike rol omdat 'n groot gedeelte van bedryfskapitaal in voorraad belê is. Volgens Cilliers (1982:34) kan 'n goeie mening gevorm word oor die doeltreffendheid van voorraadadministrasie deur die omsetsnelheid van voorraad te bereken, d.w.s. die aantal kere wat die gemiddelde voorraad, teen kosprys gereken, per jaar verkoop is. Anders gestel; hierdie verhouding meet die aantal kere waarin voorraad in die loop van 'n periode, normaalweg 'n boekjaar, in geld omskep is.

##### 2.3.7.1.2 Formule

Daar bestaan verskillende menings oor hoe om hierdie verhouding op die sinvolste en bruikbaarste wyse uit te druk. Farmer (1983:175) bereken hierdie verhouding deur gemiddelde voorraad as persentasie van koste van verkope uit te druk. Volgens Cilliers (1982:20) is dit meer sinvol om te weet hoeveel keer per boekjaar die kosprys van verkope in geld omskep is en is sy berekeningsformule soos volg:

$$\frac{\text{Kosprys van Verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$$

$$\text{waar Gemiddelde voorraad} = \frac{\text{Beginvoorraad plus Eindvoorraad}}{2}$$

Sou die aantal dae in 'n jaar gedeel word deur die voorraadomsetsnelheid, kan die aantal dae se voorraad op hande ook bereken word. Maatstawwe ten opsigte van hierdie verhoudingsgetal is moeilik bepaalbaar omdat soortgelyke ondernemings van geografiese area tot

geografiese area kan verskil. Die ABKS het egter oor die afgelope vyftien jaar sekere algemene riglyne ten opsigte van voorraadomsetsnelhede bepaal. Hulle wys nogtans daarop dat daar nie veralgemeen moet word nie en dat 'n voorraadomsetsnelheid van onderneming tot onderneming en bedryfstak tot bedryfstak kan verskil. Die ABKS (1984:1) het die volgende tabel opgestel:

Tabel 2.3

Algemene riglyne ten opsigte van voorraadomsetsnelhede

| | |
|---|---|
| Algemene Handelaars | 4 - 5 |
| Apteke | 5 - 6 |
| Bloemiste | 52+ |
| Boekwinkels | 6 |
| Drankwinkels | 10 - 12 |
| Elektriese ware | 3 - 4 |
| Juweliers | 1 - 2 |
| Hardeware | 4 - 5 |
| Kafee | 8 |
| Klerasie | 2 - 3 |
| Kruideniersware | 6 - 8 |
| Materiaal | 3 |
| Meubels | 5 - 6 |
| Motorhawens | |
| Brandstof | 42+ |
| Agentskap onderdele | 3 |
| Nie-agentskap onderdele | 4 |
| Skoenwinkels | 3 - 4 |
| Slaghuise | 52+ |
| Sportwinkels | 4 |
| Wapens en ammunisie | 3 |

Kritiek wat teen bogenoemde riglyne ingebring kan word, is dat daar nie onderskei word tussen ondernemings wat

geografies naby leweransiers geleë is en dié wat vêr geleë is nie. Empiries is ervaar dat handelaars in die platteland se voorraadomsetsnelhede in baie gevalle heelwat laer is as soortgelyke ondernemings in die metropolitaanse gebiede omdat eersgenoemde oor die algemeen hoër voorraadvlakke handhaaf. Dit kan toegeskryf word aan die handelaar se vrees dat hy uitvoorraad sal raak en dan te veel voorraad bestel. 'n Doeltreffende voorraadbeheerstelsel kan egter 'n gesonde voorraadvlak handhaaf.

2.3.7.1.3 Toepassing

Behalwe om die berekende voorraadomsetsnelheid met bedryfsgemiddeldes soos in tabel 2.3 hierbo te vergelyk behoort kleinsakebestuur dit ook telkens met vorige periodes te vergelyk. 'n Stadige voorraadomsetsnelheid kan dui op "dooie voorraad" (Bernstein, 1983:504) terwyl 'n abnormale vinnige omsetsnelheid kan dui op 'n onderbevoorradingsposisie.

'n Teoreties-ideale voorraadvlak kan bereken word deur die begrote koste van verkope te deel deur 'n realistiese voorraadomsetsnelheid. Deur so 'n "ideale" voorraadvlak te vergelyk met die werklike voorraadvlak, kan surplusse of tekorte in voorraadvlakke uitgewys word.

'n Beperking van hierdie verhouding is dat baie sakeondernemings uitverkopings hou net voor voorraadopnames en dus so hul voorraadvlakke kunsmatig verlaag. Dit het tot gevolg dat voorraadomsetsnelhede kunsmatig verhoog. Sou daar egter konstant opgetree word wat betref uitverkopings, kan die tendens van die verhouding oor die afgelope paar jaar wel vir bestuur aandui hoe doeltreffend voorraad geadministreer is.

2.3.7.2 Invorderingstermyn van debiteure

2.3.7.2.1 Algemeen

Hierdie verhouding kan deur kleinsakebestuur gebruik word om die doeltreffendheid van kredietbeleid en -beheer te beoordeel. Volgens Langhout (1968:45) hang die korttermyn stabiliteit van 'n onderneming ook in 'n groot mate af van die spoed waarteen uitstaande debiteure ingevorder kan word om sodoende uitstaande krediteure te kan betaal. Hieruit word afgelei dat die invorderingstermyn van debiteure 'n belangrike invloed op die kontantvloei van 'n onderneming kan hê en veral op die projektering van toekomstige kontantvloei.

2.3.7.2.2 Formule

Wat hierdie verhouding betref, lyk dit asof verskillende outeurs verskillende formules gebruik om die invorderingstermyn van debiteure te bereken. Bernstein (1983:507) kombineer die aantal dae in 'n jaar met die debiteure-omsetverhouding om die invorderingstermyn van debiteure te bereken. In die eerste plek bereken hy die aantal kere wat debiteure in kredietverkope omgesit word (netto kredietverkope gedeel deur gemiddelde debiteure) en tweedens word hierdie verhouding in dae uitgedruk deur die aantal dae in 'n jaar daardeur te deel.

Die ABKS (1982:22) vereenvoudig hierdie verhouding soos volg:

$$\frac{\text{Handelsdebiteure x 365}}{\text{Kredietverkope vir die jaar}}$$

Dit is nie duidelik of die ABKS bedoel dat handelsdebiteure die saldo soos aan die einde van die periode moet verteenwoordig nie en of dit die gemiddelde bedrag verskuldig oor die hele periode moet wees nie. 'n Sinvolle

afleiding is dat daar met die uitstaande debiteure soos aan die einde van die periode gewerk moet word ten einde te bepaal hoe lank dit sal neem om dié bedrag in kontant te omskep.

Maatstawwe is moeilik bepaalbaar en die verhouding kan verskil van onderneming tot onderneming maar 'n ideale situasie sou wees om debiteure vinniger in te vorder as wat krediteure betaal word. Sodoende word van leweransierskrediet gebruik gemaak om debiteure te finansier en word die druk op eie fondse verlig.

2.3.7.2.3 Toepassing

By die beoordeling van hierdie verhoudingsgetal behoort kleinsakebestuur die verkoopsterme wat van toepassing in die onderneming is in ag te neem. Empiries is ervaar dat die invorderingstermyn effens langer kan wees as die verkoopsterme. Die rede hiervoor is dat die verkoopsterme debiteure 'n sekere periode "na staat" toelaat en die staat eers aan die einde van die maand versend word terwyl die verkoopstransaksie vroeër in die maand kon plaasgevind het.

'n Verandering in die verhouding van een periode na 'n ander kan bestuur in staat stel om te bepaal hoe doeltreffend kredietbeheer toegepas is. Dit is egter belangrik dat oninvorderbare skuld in gedagte gehou word wanneer hierdie verhouding ontleed word.

2.3.7.3 Krediteure betalingstermyn

2.3.7.3.1 Algemeen

Hierdie verhouding bepaal die aantal dae wat dit 'n sakeonderneming neem om sy skuld aan krediteure te vereffen en stem baie ooreen met die invorderingstermyn van debiteure. Die verhouding speel ook 'n belangrike rol in die

evaluering van 'n onderneming se korttermynfinansieringsbeleid (Cilliers, 1982:27). Net soos die debiteure-invorderingstermyn het hierdie verhouding 'n invloed op die projektering van toekomstige kontantvloei.

Bernstein (1983:507) spesifiseer krediteure in hierdie verhouding as uitstaande handelskrediteure en aankope as alle kredietaankope. 'n Probleem in hierdie verband is dat finansiële state normaalweg nie onderskei tussen kontant- en kredietaankope nie en dit sal nodig wees om die rekeningkundige rekords van 'n onderneming te raadpleeg ten einde hierdie inligting te verkry.

Hierdie verhouding kan van bedryf tot bedryf verskil en sal afhang van die terme wat die ondernemer met die leweransiers beding het.

2.3.7.3.2 Toepassing

Die verhouding kan vergelyk word met die terme toegestaan deur leweransiers asook vorige periodes se verhoudings. Om seisoenale invloede uit te skakel, is dit belangrik om die verhouding op dieselfde tydstip as vorige kere te meet. 'n Vergelyking met vorige verhoudings kan verklarend wees van sekere aspekte rakende die likiditeitsposisie van die onderneming. Sou kontantvloeiprobleme ervaar word kan dit in hierdie verhouding figureer.

2.3.7.4 Likiditeitsindeks

'n Tekortkoming van beide die bedryfskapitaal- en die vuurproefverhouding is die feit dat dit staties is, dit wil sê, die vermoë van 'n onderneming om sy likiditeit deur middel van fondse invloei te verbeter, word nie daarin gereflekteer nie (Gouws, 1983:7). Deur die verskil tussen bedryfslaste en likiede bates te deel deur die fondse wat oor 'n jaar uit die bedryf

gegenereer word, en die verhouding in dae uit te druk, kan bestuur bepaal hoe lank dit sal neem om die tekort in likiede kapitaal uit die bedryf te finansier. Die aanname is dat die onderneming sy kontantgenererings-vermoë van die verlede sal handhaaf.

## 2.4 OPSOMMING

Ofskoon 'n analise van individuele verhoudingsgetalle belangrik is, moet die interaksie tussen die verskillende verhoudings in ag geneem word by die evaluering van 'n balansstaat. 'n Balansstaat stel die kleinsakeondernemer in staat om waardevolle inligting oor die likiditeit en solvabiliteit van sy onderneming te evalueer asook die langtermyn lewensvatbaarheid van die onderneming.

Wat hierdie studie betref, kan likiditeit by kleinsake-ondernemings veral getoets word aan die hand van die bedryfskapitaalverhouding, die vuurproefverhouding, die voorraadomsetsnelheid, die debiteure-invorderings-termyn asook die betalingstermyn van krediteure. Hierdie verhoudings kan bestuur in staat stel om die onderneming se betalingsvermoë oor die korttermyn te meet.

Solvabiliteit in 'n kleinsakeonderneming, d.w.s. die mate wat totale bates die totale laste oorskry, kan veral getoets word aan die hand van die verhouding vreemde kapitaal tot totale bates. Hierdie verhouding meet die onderneming se betalingsvermoë oor die lang-termyn.

Die langtermynlewensvatbaarheid van 'n kleinsakeonderneming kan getoets word deur die opbrengs op totale bates asook die opbrengs op eienaarsbelang. Hand aan hand met hierdie verhoudings gaan die finansiële hefboom waardeur bestuur kan bepaal of daar van 'n optimale finansierings-beleid gebruik gemaak word. Die analise van die balans-staat sal in Hoofstuk 5 verder aandag geniet wanneer 'n stel entiteitstate ontleed word.

# HOOFSTUK 3

## DIE INKOMSTESTAAT AS BRON VAN INLIGTING

3.1 INLEIDING

3.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N INKOMSTESTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR

3.2.1 Die funksie van 'n inkomstestaat

3.2.2 Beskikbare inligting

3.2.3 Addisionele inligting benodig vir sinvolle ontleding

3.3 INKOMSTESTAAT-VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING

3.3.1 Inleiding

3.3.2 Omset verhoudingsgetalle

3.3.3 Bruto wins verhoudingsgetalle

3.3.4 Bedryfskoste-verhoudingsgetalle

3.3.5 Spesifieke verhoudings ten opsigte van vervaardigingsondernemings

3.3.6 Netto inkomste verhoudingsgetal

3.4 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

# HOOFSTUK 3

# DIE INKOMSTESTAAT AS BRON VAN INLIGTING

## 3.1 INLEIDING

Vir die bestuur van 'n kleinsakeonderneming is dit belangrik om te kan bepaal hoe doeltreffend die onderneming bedryf word. "Die rekeningkundige verslag wat die finansiële resultaat oor 'n bepaalde tydperk weergee, word 'n inkomstestaat genoem" (Faul et al, 1981:12). Ofskoon die inkomstestaat slegs 'n verslag vir 'n bepaalde tydperk is, is die bedryfsresultate daarin vervat van kardinale belang vir die bestuur van 'n kleinsakeonderneming veral met betrekking tot doeltreffende besluitneming en beheer (Schöllhammer en Kuriloff, 1979:350). Kleinsakebestuur word, deur middel van 'n analise van die inkomstestaat, in staat gestel om hul eie doeltreffendheid te evalueer.

Hierdie hoofstuk is daarop gemik om die waarde en betekenis van 'n inkomstestaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur te bepaal en om belangrike en bruikbare verhoudingsgetalle uit die inkomstestaat te identifiseer.

## 3.2 DIE WAARDE EN BETEKENIS VAN 'N INKOMSTESTAAT UIT DIE OOGPUNT VAN KLEINSAKEBESTUUR

### 3.2.1 Die funksie van 'n inkomstestaat

Die inkomstestaat is 'n weerspieëling van die bedryfsresultate van 'n onderneming en dit dui die verdienvermoë van die onderneming aan. Helfert (1982:56) onderskei by inkomstestate tussen 'n bedryfsanalise (uit die oogpunt van bestuur) en 'n opbrengsanalise (uit die oogpunt van die eienaars). Waar besit en bestuur normaalweg nie by kleinsakeondernemings geskei is nie (Moolman, 1986:701), kan dit afgelei word dat kleinsakebestuur

belangstel in beide 'n bedryfsanalise, waar die bedryfsresultate ontleed word, en 'n opbrengsanalise, waar die verdienvermoë ontleed word.

Die effektiwiteit van bestuur kan deur 'n bedryfsanalise getoets word (Helfert, 1982:56). Die netto inkomste of verlies is die finale toets van die vermoë van bestuur en die funksie van die inkomstestaat in hierdie verband is om die doeltreffendheid van bestuur se beleid, kennis en insig te bepaal. Die effektiewe gebruik van kapitaal word deur 'n opbrengsanalise gemeet. In hierdie verband is 'n gekombineerde analise van die inkomstestaat en die balansstaat nodig.

### 3.2.2 <u>Beskikbare inligting</u>

Bylae 4 van die Maatskappywet skryf die minimum inligting voor wat in die inkomstestaat van 'n maatskappy moet verskyn terwyl die wet op Beslote Korporasies die minimum vereistes vir 'n inkomstestaat van 'n beslote korporasie voorskryf. Beide hierdie wette verwys na algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk by die opstel van inkomstestate.

Empiries is ervaar dat inkomstestate dikwels opgestel word met die minimum vereistes van die wet in gedagte. Daar word gevolglik nie altyd voldoen aan die inligtingsbehoeftes van bestuur nie. So word daar byvoorbeeld gedink aan die berekening van die koste van verkope asook die verduideliking van die verskillende soorte normale bedryfsuitgawes. Die publikasie van hierdie inligting word egter nie verbied nie en dit is veral die gebruik by kleinsakeondernemings om hierdie inligting ook te verstrek.

### 3.2.3 Addisionele inligting benodig vir sinvolle ontleding

Die bestuur van 'n kleinsakeonderneming is in die gelukkige posisie dat hy toegang tot al die beskikbare bronne van inligting in die onderneming het. Soms sal dit nodig wees dat hy die rekeningkundige stelsels moet raadpleeg ten einde addisionele inligting te bekom om sinvolle en bruikbare afleidings uit die inkomstestaat te kan maak.

#### 3.2.3.1 Gedetailleerde inkomstestate

Ten einde sinvolle afleidings te kan maak, is dit nodig om meer gedetailleerde inkomstestate te rekonstrueer. Heelwat maatskappye toon by wyse van aantekening 'n meer volledige inkomstestaat. Eenmansake en vennootskappe, wat nie aan die vereistes van die maatskappywet gebind is nie, stel dikwels van meet af meer gedetailleerde inkomstestate op.

Wat gedetailleerde inkomstestate betref, moet daar onderskei word tussen handels- en vervaardigingsondernemings. Waar 'n handelsonderneming klaarvervaardigde goedere koop en dit dan verkoop, produseer 'n vervaardigingsonderneming sekere produkte wat dan verkoop word. Faul et al. (1981:429) sien die vernaamste verskil tussen 'n handels- en 'n vervaardigingsonderneming uit 'n rekeningkundige standpunt as die metode van kosteversameling en kostebepaling vir (i) die waardasie van voorraad en (ii) die berekening van die koste van goedere verkoop. Omdat hierdie twee items van besondere belang is vir die berekening van bruto wins volg dit dat die formaat van die inkomstestate van die twee tipes ondernemings sal verskil.

3.2.3.1.1 Handelsondernemings

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur is dit belangrik dat elke determinant van netto inkomste getoon moet word. Dit is nodig sodat bestuur kan weet hoeveel sowel as hoe netto inkomste gerealiseer is. Faul et al. (1981:142) onderskei twee afdelings in die inkomstestaat van 'n handelsonderneming, naamlik:

- 'n handelsrekeninggedeelte en
- 'n inkomsterekeninggedeelte.

In die handelsrekeninggedeelte word die bruto wins vir die onderneming bereken terwyl die netto inkomste in die inkomsterekeninggedeelte bereken word. Gedetailleerde uiteensettings sal kleinsakebestuur in staat stel om te bepaal of voldoende netto inkomste gerealiseer is en of die bestuursbeginsels doeltreffend toegepas is in die realisering van 'n netto inkomste.

3.2.3.1.2 Vervaardigingsondernemings

Daar kan twee tipes inkomstestate vir vervaardigingsondernemings onderskei word (Horngren, 1981:68), naamlik:

- 'n funksionele inkomstestaat en
- 'n bydrae-inkomstestaat.

3.2.3.1.2.1 Funksionele inkomstestaat

Hierdie inkomstestaat is soortgelyk aan die inkomstestaat van 'n handelsonderneming. Faul et al. (1981:438) onderskei ook twee afdelings in hierdie inkomstestaat, naamlik:

- 'n vervaardigingskostegedeelte en
- 'n inkomsterekeninggedeelte.

In die vervaardigingskostegedeelte word die totale vervaardigingskoste bepaal deur direkte materiaal, direkte arbeid en direkte vervaardigingsbokoste te bereken. Omdat áldrie hierdie koste-elemente 'n verband het met die vervaardigingsproses, word dit geklassifiseer as vervaardigingskoste.

In die inkomsterekening-afdeling word daardie bedryfskoste wat geen verband hou met die vervaardigingsproses nie van bruto wins afgetrek ten einde die netto inkomste te bereken. Dieselfde afleidings as by handelsondernemings kan uit hierdie inkomstestaat gemaak word.

3.2.3.1.2.2 Bydrae-inkomstestaat

Hierdie metode verskil van die funksionele deurdat alle koste in hetsy veranderlike- of vaste koste geklassifiseer word. Deur die totale veranderlike koste van verkope af te trek, kan die bydrae, dit wil sê die bedrag wat 'n bydrae tot vaste koste kan maak, bereken word. Horngren (1981:70) glo dat al hoe meer ondernemings van die bydrae-metode gebruik maak om inkomstestate voor te stel. Die outeur wys verder daarop dat hierdie benadering die berekening van die effek van 'n verandering in verkope op netto inkomste vergemaklik.

Daar word met dié siening in beginsel saamgestem alhoewel dit by kleinsakeondernemings nie altyd moontlik is om tussen vaste en veranderlike koste te onderskei nie. Selfs by direkte arbeid, wat normaalweg maklik in vaste en veranderlike komponente verdeel kan word, is daar by kleinsakeondernemings 'n klassifikasieprobleem. Die volgende voorbeeld verduidelik:

'n Kleinvervaardiger het twee persone wat vir hom werk. Gedurende 'n sekere periode word daar nie een eenheid geproduseer nie maar die arbeiders moet steeds betaal

word. Die vraag ontstaan nou of lone in hierdie geval (en by ondernemings waar daar onder-kapasiteit geproduseer word) vas of veranderlik is. Normaalweg is direkte lone veranderlik (Batty, 1982:243), (Horngren, 1981:70). In praktyk word egter ervaar dat kleinvervaardigers hul lone as vaste koste beskou omdat dit prysbepaling vergemaklik.

3.2.3.2 Afdelingsverdeling

Ten einde beter beheer oor 'n onderneming te kan uitoefen, is dit algemene praktyk dat ondernemings in afdelings of segmente verdeel word (Cilliers, 1982:23).

In praktyk word afdelings gevorm nadat voorraad volgens soort, gebruiks- en/of verkoopspatroon geklassifiseer is en in aanverwante groepe saamgevoeg is. Dit kan ook gebeur dat afdelings op die basis van toeslagpersentasies gevorm word.

Segmentele verslagdoening kom daarop neer dat alle aspekte wat rekeningkundig uiteindelik die bruto wins van die onderneming bepaal, naamlik verkope, verkoopsterugsendings, voorraadhouding, aankope, vraggeld op aankope en aankoopsterugsendings op 'n departementele basis aangeteken word. Ander aspekte wat bruto wins beïnvloed soos voorraadonttrekkings vir eie gebruik, breekskade en prysveranderings behoort ook per afdeling aangeteken te word.

Moolman (1982:44) beweer dat die onderverdeling van kleinsakeondernemings in afdelings of departemente 'n logiese ontwikkeling in die groeiproses van sodanige ondernemings is. As voordele van segmentele verslagdoening meld die outeur onder andere die volgende:

- Bruto winsmarges kan per afdeling bereken word;
- doeltreffende beheer oor elke afdeling word moontlik gemaak;

- winsgewende gemiddelde winsmarges kan gehandhaaf word;
- voorraadomsetsnelhede kan per afdeling bereken en deur doeltreffende beheer verbeter word;
- voorraadbeheer word vergemaklik en
- voorraadverliese en lekkasies word makliker geïdentifiseer en gekontroleer.

Dit kan afgelei word dat segmentele verslagdoening uit 'n ontledingsoogpunt bestuur in staat kan stel om die relatiewe winsgewendheid en doeltreffendheid van verskillende afdelings te bepaal. Effektiewe operasionele besluite kan op grond van hierdie inligting geneem word.

3.2.3.3 Addisionele inligting benodig en aansuiwerings

Dit is belangrik dat kleinsakebestuur die rekeningkundige stelsel van die onderneming moet raadpleeg en waar nodig aansuiwerings moet maak voordat afleidings uit die inkomstestaat gemaak word. "If the form of presentation (of financial statements) is inconsistent ... the necessary rearrangements and adjustments must be made by the analyst before beginning the analysis" (Kellogg, 1983:256). Hieruit word afgelei dat waar kleinsakeondernemings finansiële jaarstate opstel om aan die inligtingsbehoeftes van ander gebruikers, soos die Ontvanger van Inkomste of die bankbestuurder, te voldoen, hierdie finansiële jaarstate eers aangesuiwer moet word om aan die inligtingsbehoeftes van bestuur te voldoen voordat sinvolle afleidings gemaak kan word.

3.2.3.3.1 Voorraad

In praktyk word ervaar dat sommige kleinsakeondernemers om verskeie redes, maar hoofsaaklik om die netto inkomste te beperk, verminderde voorraadsyfers in die finan-

siële state toon. Dit word gedoen deur voorraadwaardasies sodanig te manipuleer dat dit die Ontvanger van Inkomste tevrede stel maar nie noodwendig 'n weerspieëling van die werklikheid is nie. Ten einde sinvolle afleidings te kan maak, is dit belangrik dat die korrekte voorraadwaardasie, dit wil sê die kosprys van die voorraad of die netto realiseerbare waarde daarvan (watter een ook al die laagste is) in berekening gebring word.

3.2.3.3.2 Bedryfskoste

Vir die doeleindes van hierdie studie word bedryfskoste in 'n kleinsakeonderneming beskou as daardie herhalende noodsaaklike uitbetalings wat gemaak word ten einde die onderneming aan die gang te hou. Die hoofkomponente van bedryfskoste in 'n kleinhandelsonderneming is: personeelvergoeding, huur, advertensies, rente en ander koste.

In die meeste kleinsakeondernemings is die vergoeding wat aan mensemateriaal betaal word, die grootste enkele bedryfsuitgawe. Die ABKS (1982:18) definieer personeelvergoeding in 'n handelsonderneming as: salarisse en lone, ondernemersloon, direkteursvergoeding, kommissie betaal, bonusse betaal, pensioenfondsbydraes, mediese fondsbydraes, rekenaardienste, bestuursgelde, administratiewe gelde, ouditeursvergoeding, rekenmeestersvergoeding en enige uitbetaling aan persone vir dienslewering ten bate van die bedryf en bestuur van die onderneming.

Baie kleinsakeondernemers wat self in die onderneming werksaam is, sien die vergoeding vir dienste gelewer nie as personeelvergoeding nie, maar as onttrekkings teen die kapitaalrekening. Om die onderneming vergelykbaar te maak met soortgelyke ondernemings waar die eienaars nie aktief betrokke is nie, maar van bestuur-

ders gebruik gemaak word, behoort daardie gedeelte van onttrekkings wat as bestuursloon kwalifiseer as deel van die totale personeelvergoeding gereken te word.

Huur ten opsigte van die besigheidsperseel moet aangesuiwer word met huur ontvang indien 'n gedeelte van die perseel onderverhuur word. Advertensiekoste omsluit die totale bedrag wat aan promosies en reklame bestee is.

Rente betaal behoort aangesuiwer te word met rente ontvang indien bedryfsbates soos debiteure en kontant enige rente verdien het. Ander koste bestaan uit totale bedryfskoste minus personeelvergoeding, huur, advertensies en rente.

## 3.3 INKOMSTESTAAT-VERHOUDINGSGETALLE MET DIE OOG OP BEOORDELING

### 3.3.1 <u>Inleiding</u>

Verhoudingsgetalle kan by die ontleding van inkomstestate van kleinsakeondernemings 'n belangrike funksie vervul. Uit die oogpunt van 'n bedryfsanalise kan verhoudings volgens Bernstein (1983:73) daardie areas wat verdere ondersoek verg aan bestuur uitwys. Deur middel van verhoudings kan afwykings in die bedryfsresultate bepaal word en oorsake nagevors word.

'n Opbrengsanalise word gedeeltelik uit die inkomstestaat en gedeeltelik uit die balansstaat gedoen. Wat die inkomstestaat betref, kan verhoudings rakende netto inkomste 'n belangrike hulpmiddel vir besluitneming deur die eienaars van 'n onderneming wees (Helfert, 1982:68).

Navorsing deur Chadwick (1984:35) toon dat verhoudingsgetalle waardevol kan wees wanneer dit met bedryfsgemiddeldes vergelyk word. Sulke vergelykings is nie altyd by kleinsakeondernemings moontlik nie omdat bedryfsgemiddeldes nie geredelik beskikbaar is nie. By kleinsakeondernemings behoort verhoudings uit die inkomstestaat deurlopend vergelyk te word met begrotings sowel as resultate van die verlede.

Verhoudingsgetalle word vir die doeleindes van hierdie studie geklassifiseer en bespreek onder die hoofde: omset-, bruto wins-, bedryfskoste- en netto inkomste verhoudings.

### 3.3.2 Omset verhoudingsgetalle

#### 3.3.2.1 Persentasietoename in omset

##### 3.3.2.1.1 Algemeen

Vir die kleinsakeondernemer is dit belangrik om te weet of daar werklike groei in sy onderneming was al dan nie. Deur die toename in omset te bepaal en die inflasiekoers daarby in berekening te bring, kan die reële groei van die onderneming bepaal word.

##### 3.3.2.1.2 Toepassing

As maatstaf kan 'n minimum groei in omset van ten minste die inflasiekoers voorgelê word. Sou die groei kleiner wees as die inflasiekoers beteken dit dat minder eenhede as gedurende die vorige periode verkoop is. Die aanname hier is dat die ondernemer sy prysbeleid direk in verhouding met die inflasiekoers aangepas het.

Die kleinsakeman kan uit hierdie verhouding aflei of daar enigsins 'n groei in die onderneming se verkope

was, dit wil sê of daar meer eenhede gedurende die periode verkoop is. Die sukses van verkoopsbevorderingstegnieke kan ook deur middel van hierdie verhouding getoets word. Hierdie verhouding kan ook as basis gebruik word by die evaluering van ander verhoudings soos die persentasietoenames in bruto wins en bedryfskoste.

3.3.2.2 Kredietverkope as persentasie van omset

3.3.2.2.1 Algemeen

Omdat kredietverkope deurgaans 'n mate van risiko inhou, behoort hierdie verhouding deurlopend deur kleinsakebestuur gemonitor te word. Foulke (1968:155) maak die volgende stelling: "It is the (unusual) small retail business enterprise that sells merchandise on credit ... and small manufacturers make all or most of their sales on credit terms." Met verwysing na die "ongewone" kleinhandelaar is in praktyk gevind dat veral kleinhandelaars in hoë waarde goedere soos klerasie en juweliersware in 'n toenemende mate krediet toestaan ten einde in 'n hoogs mededingende mark verkope te kan bevorder.

3.3.2.2.2 Toepassing

Aangesien verskeie faktore 'n invloed op hierdie verhouding kan uitoefen, kan daar nie vaste maatstawwe bepaal word nie. Daar blyk tog 'n verband te bestaan tussen kredietaankope, die waarde van die goedere en kredietverkope. Goedere wat op krediet aangekoop word, word dikwels op krediet verkoop. Empiries is ervaar dat dit dikwels (hoë waarde) goedere is wat op krediet aangekoop word en ook op krediet verkoop word. Hier word gedink aan goedere soos motors en meubels. Lae waarde goedere soos kruideniersware en petrol word selde op krediet aangekoop en verkoop.

Bestuur behoort deurgaans die kredietbeleid van die onderneming in gedagte te hou wanneer hierdie verhouding ontleed word. Ander verhoudings wat saam met hierdie verhouding ontleed kan word ten einde die doeltreffendheid van kredietbestuur te beoordeel is:

- Slegte skulde as persentasie van kredietverkope en
- debiteure invorderingstermyn.

3.3.2.3 Bateomset

3.3.2.3.1 Algemeen

Hierdie verhoudingsgetal dui die aantal kere aan wat bates verkope werf. Dit kan 'n aanduiding wees of bates doeltreffend aangewend word binne 'n onderneming.

3.3.2.3.2 Toepassing

Maatstawwe ten opsigte van hierdie verhouding behoort af te hang van die verhouding waarin bates geïnvesteer is. "'n Onderneming met 'n hoë investering in vinnig verkoopbare voorraad sal byvoorbeeld 'n hoër bateomset behaal as een wat aansienlike beleggings in vaste bates gedoen het" (ABKS, 1980:B2). Ofskoon 'n algemene norm van drie keer per jaar voorgestel word, behoort daar eerder 'n analise van die verskillende bates gemaak te word voordat 'n riglyn vir 'n spesifieke onderneming of bedryf neergelê word.

'n Lae verhouding kan beteken dat òf omset te laag is (gemeet aan die investering in bates) òf dat sekere bates onproduktief is. Bernstein (1983:613) beveel aan dat veranderings in die bateomsetverhouding slegs deeglik ontleed kan word nadat omsetverhoudings vir individuele bates of groepe van bates ontleed is.

Dit kan baat om individuele bateomsetverhoudings afsonderlik en in geheel op 'n jaar-tot-jaar basis te ontleed ten einde 'n verandering in die totale bateomset te verklaar. So kan 'n hoër bateomsetverhouding 'n gevolg wees van 'n kontanttekort wat uiteindelik kan lei tot 'n likiditeitskrisis.

3.3.3 Bruto wins verhoudingsgetalle

3.3.3.1 Persentasietoename in bruto wins

3.3.3.1.1 Algemeen

Hierdie is een van die verhoudings wat gebruik kan word om die doeltreffendheid van bruto winsbeheer in 'n kleinsakeonderneming te meęt. Dit is egter belangrik om vooraf te weet of daar gedurende die vorige periode enige verandering in die opmerkbeleid en produkmengsel van die onderneming was.

3.3.3.1.2 Toepassing

Indien daar geen verandering in die prysbeleid van die onderneming plaasgevind het nie, behoort hierdie persentasie dieselfde te wees as die persentasie toename (of afname) in omset.

Hierdie verhouding kan gebruik word om te bepaal watter effek 'n verandering in die prysbeleid (byvoorbeeld die afskaffing van kortings) op die totale bruto wins gehad het.

Die oorsake van ernstige afwykings by hierdie verhouding behoort deur bestuur nagevors te word.

3.3.3.2 Bruto wins as persentasie van omset

3.3.3.2.1 Algemeen

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur is bruto wins en bruto winsberekeninge van kardinale belang. Netto inkomste word slegs gerealiseer as voldoende bruto wins gerealiseer word om bedryfskoste te dek en 'n restant gelaat word.

Cilliers (1982:21) wys daarop dat die bruto winspersentasie die insig verleen ten einde die doeltreffendheid van die ondernemingsleiding wat betref aankope, voorraadbeheer en verkoopprysbeleid, te beoordeel. Bernstein (1983:437) beskou die bruto winspersentasie ook as 'n belangrike bedryfsverhouding. Die outeur waarsku egter dat die verhouding slegs deur interne analiste gebruik kan word omdat inligting soos eenhede verkoop, verkooppryse en kospryse benodig word. As "interne analis" is bestuur dus in 'n ideale posisie om die verhouding te evalueer.

3.3.3.2.2 Toepassing

Maatstawwe ten opsigte van hierdie verhoudingsgetal is moeilik bepaalbaar omdat opmerkbeleid van onderneming tot onderneming en geografiese area tot geografiese area kan verskil. Die ABKS het oor die afgelope vyftien jaar ook algemene riglyne ten opsigte van hierdie verhoudingsgetal bepaal maar waarsku dat daar nie veralgemeen moet word nie (ABKS, 1984:1).

Tabel 3.1 toon algemene riglyne ten opsigte van bruto winspersentasies soos verskaf deur die ABKS (1984:1):

Tabel 3.1

Algemene riglyne ten opsigte van bruto winspersentasies

| | |
|---|---|
| Algemene Handelaars | 22 - 25 |
| Apteke | 35+ |
| Bloemiste | 50+ |
| Boekwinkels | 30+ |
| Drankwinkels | 17 - 25 |
| Elektriese ware | 35 |
| Juweliers | 45 |
| Hardeware | 25 - 30 |
| Kafee | 18+ |
| Klerasie | 35+ |
| Kruideniersware | 16 - 18 |
| Materiaal | 35 |
| Meubels | 34 |
| Motorhawens | |
| Brandstof | 7,2 |
| Agentskap onderdele | 28 - 30 |
| Nie-agentskap onderdele | 25 |
| Skoenwinkels | 35+ |
| Slaghuise | 22 - 25 |
| Sportwinkels | 34 |
| Wapens en ammunisie | 30+ |

'n Vergelyking met bedryfsgemiddeldes stel bestuur in staat om te bepaal of die onderneming se prysbeleid tred hou met die bedryf. Uit die oogpunt van bestuursdoeltreffendheid, is dit belangrik om te bepaal of die werklike bruto wins ooreenstem met die teoretiese/begrote bruto wins vir die spesifieke onderneming met inagneming van die opmerkbeleid en produkmengsel.

Du Plessis (1983:22) wys daarop dat handelsondernemings in staat is om die teoretiese bruto winspersentasie te

bereken deur gebruik te maak van 'n ontvangsregister. Deur die kosprys sowel as verkoopprys van alle voorraad wat ontvang word en wat bestem is vir herverkoop in hierdie register op te teken, kan 'n teoretiese bruto winspersentasie bereken word. Hierdie persentasie dui die bruto wins aan wat veronderstel is om gerealiseer te word indien daar geen verliese sou plaasvind nie.

Sou die werklike bruto wins van die teoretiese bruto wins afwyk, kan die oorsaak volgens Moolman (1982:25) by onder andere een van die volgende faktore gesoek word:

- Administratiewe foute;
- foutiewe voorraadopnames;
- foute op kasregistervlak;
- uitermate hoë kortingbeleid;
- buitengewone hoë personeelaankope teen korting en
- winkeldiefstal.

In praktyk is gevind dat bruto winsafwykings moeilik aan een spesifieke oorsaak toegeskryf kan word maar eerder aan 'n kombinasie van bogenoemde faktore. Bruto winsbeheer impliseer die individuele beheer van elke faktor.

### 3.3.4 Bedryfskoste-verhoudingsgetalle

#### 3.3.4.1 Persentasie toename in bedryfskoste

##### 3.3.4.1.1 Algemeen

'n Netto inkomste word slegs in die inkomstestaat getoon indien bedryfskoste minder is as die gerealiseerde bruto wins. Dit is derhalwe nodig dat bestuur voortdurend

beheer oor bedryfskoste uitoefen en hierdie verhouding kan aandui hoe bedryfskoste van een periode tot 'n ander verander.

3.3.4.1.2 Toepassing

Die inflasiekoers kan wel as algemene maatstaf van die toename in algemene pryspeile en derhalwe ook van die toename in 'n onderneming se bedryfskoste dien. Nogtans behoort die verhouding deurlopend vergelyk te word met die onderneming se begrote persentasietoename in bedryfskoste. Bestuur moet ernstige afwykings van die begroting kan verklaar. Verder behoort bedryfskoste nie vinniger toe te neem as bruto wins nie. Sou dit gebeur sal dit beteken dat netto inkomste in 'n kleiner verhouding toeneem.

3.3.4.2 Bedryfskoste as persentasie van omset

3.3.4.2.1 Algemeen

'n Vergelyking van 'n onderneming se bedryfskoste met die omset sal bestuur in staat stel om die relatiewe grootte van bedryfskoste te bepaal. Behalwe om hierdie verhouding in totaal uit te druk, bereken die ABKS (1980:B4) individuele koste-items as persentasie van omset in die evaluering van bedryfskoste.

Die beoordeling van individuele koste-items is nie vreemd nie. Faul et al. (1981:553) stel dit soos volg: "Die bedryfskoste kan beoordeel word aan die verhouding tussen die individuele koste-items en die volume van aktiwiteite waaruit daardie koste voortspruit. So byvoorbeeld word bedryfskoste-items dikwels as persentasie van totale verkope uitgedruk." In praktyk is egter gevind dat individuele koste-items van onderneming tot onderneming en van geografiese gebied tot geografiese gebied kan verskil en daarom is bedryfsgemiddeldes, wat hierdie verhouding betref, nie geredelik beskikbaar nie.

3.3.4.2.2 Toepassing

'n Maatstaf vir 'n spesifieke onderneming kan bereken word deur netto inkomste as persentasie van omset (kyk 3.3.6) en die bruto winspersentasie in ag te neem. Die volgende dien as voorbeeld vir die berekening van 'n maatstaf:

Bruto wins as persentasie van omset = 30%; die verlangde netto inkomste as persentasie van omset = 4%; dan behoort bedryfskoste as persentasie van omset nie 26% te oorskry nie.

Riglyne ten opsigte van spesifieke bedryfskoste-items kan bepaal word uit werklike spanderings in die verlede asook begrotings aan die begin van die periode.

Deur hierdie verhouding met vorige resultate te vergelyk, kan tendense uitgewys word. 'n Vergelyking met soortgelyke ondernemings, stel bestuur in staat om te bepaal hoe doeltreffend bedryfskoste beheer word.

3.3.4.3 Bedryfskoste as persentasie van bruto wins

3.3.4.3.1 Algemeen

Hierdie verhouding dui die mate aan waardeur bruto wins deur bedryfskoste geabsorbeer word. Net soos in die geval van bedryfskoste as persentasie van omset kan bestuur individuele bedryfskoste-items as persentasie van bruto wins bereken en evalueer.

3.3.4.3.2 Toepassing

Bedryfskoste kan van onderneming tot onderneming verskil en daar moet gewaak word teen 'n veralgemening by die berekening van maatstawwe.

"In 'n kleinhandelsonderneming behoort bedryfskoste nooit bruto wins te oorskry nie; 'n goue reël is dat dit nie meer as 80% daarvan behoort op te neem nie" (ABKS, 1980:B4).

Ofskoon daar nie met die meriete van bogenoemde stelling verskil kan word nie, is dit tog gevaarlik om absolute reëls ten opsigte van hierdie verhouding neer te lê. Voordat 'n riglyn vir 'n spesifieke onderneming bepaal kan word, moet ander verhoudings soos verlangde opbrengs op kapitaal, netto inkomste as persentasie van omset en die bruto winspersentasie ook in ag geneem word.

'n Algemene fout wat kleinsakeondernemers maak, is dat wanneer hierdie verhouding buitengewoon hoog word, daar aanvaar word dat bedryfskoste te hoog is. Dit kan egter ook wees dat die gerealiseerde bruto wins te laag is en dat bruto winsbeheer hoër prioriteit as bedryfskostebeheer behoort te geniet.

### 3.3.5 <u>Spesifieke verhoudings ten opsigte van vervaardigingsondernemings</u>

#### 3.3.5.1 Funksionele inkomstestate

##### 3.3.5.1.1 Algemeen

Omdat die funksionele inkomstestaat by 'n vervaardigingsonderneming baie ooreenstem met die inkomstestaat van 'n handelsonderneming, kan basies dieselfde verhoudings bereken word. Vir die bestuur van 'n vervaardigingsonderneming sal dit dus nodig wees om die volgende kosteelemente te bereken:

- Direkte materiaal, direkte arbeid en direkte vervaardigingsbokoste wat gesamentlik beskou word as vervaardigingskoste;

- verkoopskoste en
- administrasiekoste.

Soortgelyke verhoudings as by handelsondernemings (kyk 3.3.3 en 3.3.4) kan bereken word ten opsigte van:

- Persentasietoename in omset;
- bruto wins as persentasie van omset;
- persentasietoename per koste-element;
- koste-element as persentasie van omset en
- koste-element as persentasie van bruto wins.

3.3.5.1.2 Toepassing

Die grootste waarde van hierdie verhoudings lê daarin dat bestuur telkens kan bepaal tot watter mate die werklike uitgawes afwyk van die beleid wat deur die jaar toegepas is. Sou bedryfsnorme bestaan, kan dit ook daarmee vergelyk word.

ŉ Beperking van die funksionele inkomstestaat is dat vaste koste en veranderlike koste nie afsonderlik getoon word nie. Dit kan ŉ probleem by kosteberekening en veral prysvasstelling van toekomstige verkope skep. In sulke gevalle sal bestuur ander bronne van inligting uit die rekeningkundige stelsel van die onderneming moet raadpleeg.

3.3.5.2 Bydrae-inkomstestate

3.3.5.2.1 Algemeen

Uit die voorafgaande blyk dit dat dit wel nodig is om tussen vaste en veranderlike koste te onderskei ten einde sinvolle afleidings ten opsigte van vervaardigingsondernemings te kan maak. Faul et al. (1981:554) maak die

stelling dat 'n begrip van die invloed van vaste en veranderlike koste op die verwantskappe tussen koste, volume van aktiwiteite en wins noodsaaklik is by die ontleding en vertolking van inkomstestate. "An understanding of cost behaviour patterns and cost-volume-profit relationships can help guide a manager's decisions" (Horngren, 1981:41). Beide outeurs is dit eens dat die formaat van bydrae-inkomstestate, waar vaste en veranderlike koste geskei is, bestuursbesluitneming vergemaklik.

Vir kleinsakebestuur het bydrae-inkomstestate die voordeel dat dit kan dien as hulpmiddel by die evaluering van koste-afwykings sowel as inligtingsbron by prysvasstelling.

3.3.5.2.2 Formules

Die samestelling van die bydrae-inkomstestaat stel bestuur in staat om sekere afwykings soos die veranderlike-koste-volume-afwyking, die veranderlike-koste-prysafwyking en die vaste-koste-afwyking te bepaal.

Faul et al. (1981:555) gee die volgende formules:

(i) Veranderlike-koste-volume-afwyking

| | | |
|---|---|---|
| Verskil in hoeveelhede geproduseer tussen basisjaar en huidige jaar | x | Veranderlike koste per eenheid in basisjaar |

Hierdie verhouding verklaar die effek van 'n verandering in produksievolume op totale veranderlike koste. Die basisjaar verwys normaalweg na die vorige jaar. Die formule kan soos volg toegepas word:

Daar is vanjaar 21 000 eenhede en verlede jaar 21 000 eenhede geproduseer. Die veranderlike koste verlede jaar was gelyk aan R1-00 per eenheid. Hieruit word afgelei dat veranderlike koste, as gevolg van addisionele eenhede geproduseer, met (21 000 - 20 000) x R1-00 = R1 000 toegeneem het.

(ii) <u>Veranderlike-koste-prys-afwyking</u>

| Verskil in veranderlike koste per eenheid tussen basisjaar en huidige jaar | x | Hoeveelhede geproduseer in huidige jaar |
|---|---|---|

Die effek van 'n verandering in eenheidspryse op veranderlike koste word deur hierdie verhouding verklaar. Die volgende voorbeeld verduidelik:

Die veranderlike koste vir die huidige jaar is gelyk aan R1-10 per eenheid. Hieruit word afgelei dat veranderlike koste, as gevolg van 'n verandering in die veranderlike koste per eenheid, 'n verdere (R1-10 - R1-00) x 21 000 = R2 100 toegeneem het.

(iii) <u>Totale verskil</u>

Deur beide bogenoemde afwykings in berekening te bring, kan die totale verandering in veranderlike koste verklaar word. Uit bogenoemde twee veronderstellings kan afgelei word dat veranderlike koste in totaal met (R1 000 + R2 100) = R3 100 toegeneem het.

(iv) <u>Vaste-koste-afwykings</u>

Deur die vaste koste van die huidige jaar per item met die basisjaar te vergelyk, kan 'n verandering verklaar word. Dit kan normaalweg twee oorsake hê. Vaste koste

kan verander as gevolg van bestuursbesluite om produksiekapasiteit uit te brei en/of as gevolg van normale kosteverhogings soos salarisaanpassings en verhoging in huurtariewe.

3.3.5.2.3 Toepassing

Behalwe om koste-afwykings soos hierbo te gebruik om veranderings op vergelykende state te verklaar, is die bydrae-inkomstestaat veral geskik om te dien as brondokument by kosteberekening en prysvasstelling.
Batty (1982:299) stel dit dat hierdie tegniek bestuursbesluite ten opsigte van die volgende vergemaklik:

- Winsgewendheid van afdelings en produkte;
- prysvasstelling van produkte;
- opskorting van aktiwiteite;
- maak of koop;
- uitbrei of koop;
- vergelyking van hande-arbeid met meganisasie en
- winsbeplanning en beheer.

'n Verdere toepassing wat deur die bydrae-inkomstestaat moontlik gemaak word, is die berekening van 'n gelykbreekpunt. Gelykbreek verwys na daardie volume of omset waar totale inkomste gelyk is aan totale koste. Bernstein (1983:643) stel dit dat gelykbreek òf in eenhede òf in geldwaarde bereken kan word:

(i) Gelykbreek in eenhede $= \frac{\text{Vaste koste}}{\text{Bydrae per eenheid}}$

Hierdie tegniek stel bestuur in staat om te bepaal hoeveel eenhede geproduseer moet word sodat die koste van die produksie gelyk is aan die inkomste daarvan.

Veronderstel die vaste koste van 'n onderneming is R12 000 per jaar. Die verkoopprys van die produk wat verkoop word, is R25 per eenheid terwyl die veranderlike koste gelyk is aan R15 per eenheid. Die bydrae per eenheid sal dan gelyk wees aan (R25 - R15) = R10. Daar moet dus $(\frac{R12\ 000}{R10})$ = 1 200 eenhede per jaar verkoop word sodat totale inkomste (1 200 x R25 = R30 000) gelyk is aan totale koste (R12 000 + (1 200 x R15) = R30 000).

By ondernemings waar meer as een tipe produk vervaardig word, is die berekenings egter nie so eenvoudig nie. Vaste koste sal op 'n eenvormige basis na elke produklyn toegedeel moet word alvorens 'n gelykbreekpunt bereken kan word.

(ii) Gelykbreek in geldwaarde = $\frac{\text{Vaste koste}}{\text{Bydrae-persentasie}}$

Hierdie tegniek stel bestuur in staat om te bepaal wat die omset in geldwaarde moet wees sodat die koste van produksie gelyk is aan die inkomste daarvan. Veronderstel die vaste koste van 'n onderneming is R12 000 per jaar. Die bydrae, dit wil sê die verskil tussen veranderlike koste en verkoopprys (in die geval van 1 eenheid) of omset (in die geval van 'n verskeidenheid produkte), uitgedruk as persentasie van verkoopprys of omset is 40%. Die totale omset sal dan gelyk moet wees aan $(\frac{R12\ 000}{40\%})$ = R30 000 voordat daar gelyk gebreek word.

Wat kleinsakeondernemings betref, is gevind dat gelykbreek in geldwaarde meer in praktyk gebruik word as gelykbreek in eenhede. Die rede hiervoor is dat 'n bydrae-persentasie makliker bereken kan word veral by ondernemings wat 'n verskeidenheid van produkte vervaardig.

(iii) $$\text{Kontantgelykbreek} = \frac{\text{Vaste koste} + \left(\text{kapitaaldelgings} \times \frac{1}{1 - \text{belastingkoers}}\right)}{\text{Bydrae-persentasie}}$$

'n Variasie op die normale gelykbreekberekening is die berekening van die kontantgelykbreek. By hierdie berekening word kapitaaldelgings, wat nie deel van vaste koste is nie maar dikwels 'n verpligte uitgawe is, met die belastingkoers aangepas (omdat kapitaal uit netto inkomste gedelg word) en by vaste koste gereken alvorens dit deur die bydrae-persentasie gedeel word.

Die toepassing van 'n gelykbreekanalise kan volgens Batty (1982:269) die bestuur van 'n onderneming help in die oplossing van sekere bestuursprobleme:

- Die bepaling van 'n omset wat die verlangde opbrengs sal verseker;
- prysbepaling van individuele produkte;
- berekening van koste en inkomste teen verskillende produksievolumes en
- die verwagte kontantvloei teen 'n spesifieke produksievolume.

Dit word afgelei dat kleinsakebestuur baat kan vind uit 'n gelykbreekanalise. Die berekening van 'n gelykbreekpunt kan bestuur nie net help om die kostestruktuur en prysbeleid te evalueer nie, maar ook om die nodige aanpassings te maak.

### 3.3.6 Netto inkomste verhoudingsgetal

#### 3.3.6.1 Netto inkomste as persentasie van omset

##### 3.3.6.1.1 Algemeen

Netto inkomste kan sekerlik beskou word as die finale toets van die doeltreffendheid van bestuur. In hoofstuk 2 is die belangrikheid van netto inkomste in verhouding tot totale bates en eienaarsbelang reeds bespreek.

Volgens Bernstein (1983:668) is netto inkomste as persentasie van verkope insiggewend veral as al die elemente wat 'n invloed op netto inkomste het daarmee saam ontleed word. Hier word dan gedink aan die elemente omset, bruto wins en bedryfskoste soos hierbo bespreek.

##### 3.3.6.1.2 Toepassing

Wanneer netto inkomste as persentasie van omset uitgedruk word, behoort daar by kleinsakeondernemings met netto inkomste voor belasting gewerk te word ten einde verskillende ondernemings met mekaar te vergelyk. 'n Maatstaf vir 'n spesifieke onderneming kan bereken word deur die verlangde opbrengs op kapitaal as verlangde netto inkomste te bereken en hierdie bedrag as persentasie van gerealiseerde verkope uit te druk.

Die waarde van hierdie verhouding lê in 'n vergelyking met vorige periodes en in die ontleding van die verskillende elemente wat netto inkomste beïnvloed.

## 3.4 OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

Kleinsakebestuur moet hulself van tyd tot tyd evalueer en bepaal of die onderneming doeltreffend bedryf word. Inkomstestate vervul in hierdie verband 'n belangrike

funksie deurdat die inligting daarin vervat, die resultaat van bestuursbeleid en -doeltreffendheid weerspieël. Opsommenderwys kan die volgende beklemtoon word:

- Dit is belangrik dat kleinsakeondernemings oor betroubare rekeningkundige stelsels beskik sodat die nodige inligting in inkomstestate weergegee kan word.

- Om werklike sinvolle afleidings uit 'n inkomstestaat te kan maak, sal dit nodig wees om sekere aansuiwerings te maak en in sekere gevalle word meer gedetailleerde inkomstestate vereis.

- Inkomstestaat-verhoudingsgetalle kan gebruik word in 'n bedryfsanalise en 'n opbrengsanalise.

- 'n Bedryfsanalise verwys na die evaluering van bestuur rakende aspekte soos verkoopsbevordering, bruto winsbeheer en kostebeheer.

- 'n Opbrengsanalise bepaal of die netto inkomste voldoende is.

- Omdat inkomstestate 'n deel uitmaak van die totale finansiële jaarstate behoort inkomstestaat-verhoudingsgetalle saam met dié van ander state beoordeel te word.

Die analise van die inkomstestaat sal in Hoofstuk 5 verder aandag geniet wanneer 'n stel entiteitstate ontleed word.

# HOOFSTUK 4

## DIE STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE AS BRON VAN INLIGTING

4.1 INLEIDING

4.2 DIE TRADISIONELE FORMAAT VAN DIE FONDSESTAAT

4.2.1 Die funksie van 'n fondsestaat

4.2.2 Beskikbare inligting

4.2.3 Gedetailleerde uiteensettings

4.2.4 Addisionele inligting benodig met betrekking tot kleinsakeondernemings

4.2.5 Voordele van die fondsestaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur

4.2.6 Kritiek teen die tradisionele formaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur

4.3 'N KONTANTVLOEISTAAT AS ALTERNATIEWE BRON VAN INLIGTING VIR KLEINSAKEBESTUUR

4.3.1 Inleiding

4.3.2 Kontantvloei

4.3.3 Klassifikasie

4.3.4 Uiteensetting

4.3.5 Verhoudingsanalise

4.3.6 Afleidings uit die kontantvloeistaat

4.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

# HOOFSTUK 4

# DIE STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE AS BRON VAN INLIGTING

## 4.1 INLEIDING

Menige kleinsakeman word dikwels gekwel deur die feit dat sy ondernming wel 'n netto inkomste realiseer maar dat dit nie in die banksaldo gereflekteer word nie. Ander is weer tevrede dat hul banksaldo's positiewe groei getoon het maar is nie bewus daarvan dat ander bates ten koste van die banksaldo verminder het nie. Ofskoon die inkomstestaat en die balansstaat waardevolle bestuursinligting bevat, is 'n evaluering van finansiële jaarstate nie volledig tensy die vloei van fondse en veral die vloei van kontant nie ook ontleed word nie.

Empiries is waargeneem dat hierdie finansiële staat by nie-maatskappy kleinsakeondernemings meesal ontbreek. Die redes hiervoor kan gesoek word in die feit dat kleinsakebestuur nie altyd die waarde en betekenis van 'n fondsestaat besef nie. Verder is die rekeningkundige beginsels wat toegepas is dikwels moeilik om te verstaan omdat kleinsakebestuur nie altyd rekeningkundig opgelei is nie.

## 4.2 DIE TRADISIONELE FORMAAT VAN DIE FONDSESTAAT

### 4.2.1 Die funksie van 'n fondsestaat

'n Fondsestaat kan gesien word as 'n rekeningkundige aanbieding wat die verandering in die finansiële posisie van 'n onderneming oor 'n gegewe periode voorstel. Dit het spesifiek te doen met die voorstelling van die omvang van fondse wat gedurende die periode na die onder-

neming toegestroom het en weer daaruit gestroom het. Redelinghuys (1971:8) sien die doelwitte van 'n fondsestaat soos volg:

- Dit toon aan hoe die fondse in 'n onderneming beheer word;
- hoe bedrywighede in 'n onderneming gefinansier word en
- hoe finansiële hulpbronne gebruik is.

Soos voorheen gemeld is die kleinsakeondernemer geïnteresseerd om te weet wat van sy kontant geword het. Faul et al. (1981:571) beweer dat die volgende vrae deur middel van die fondsestaat beantwoord kan word:

- Waarom het die kontantsaldo verander?
- Wat het van die netto inkomste geword?
- Waarom is dividende nie betaal nie?
- Hoe is kapitaalbehoeftes gefinansier?
- Waarom moes bykomende langtermynkapitaal aangetrek word?

Dit is egter belangrik dat kleinsakebestuur sal besef dat in die staat van bron en aanwending van fondse die begrip "fondse" in 'n heelwat breër verband as bloot kontant gesien moet word. Van Biljon (1985:5) tref 'n onderskeid tussen fondsevloei en kontantvloei op die basis van "aangaan" en "vereffening" van transaksies. Omdat daar tyd verloop tussen die aangaan van 'n transaksie (fondsevloei) en die vereffening daarvan (kontantvloei), behoort hierdie aspek by bestuursbesluitneming in ag geneem te word.

Om in die kleinsakeonderneming se inligtingsbehoeftes te voorsien en bogenoemde vrae te beantwoord, sal dit sinvol wees om die fondsestaat uit 'n kontantvloei-oogpunt te ontleed.

4.2.2 Beskikbare inligting

Bylae 4 van die Maatskappywet vereis dat 'n Staat van Bron en Aanwending van Fondse by die balansstaat geheg moet word. Riglyn 4.001 skryf die minimum inligting voor wat in 'n Staat van Bron en Aanwending van Fondse vervat moet word as die volgende:

a) Fondse ontvang van (Bronne van Fondse):

- Netto inkomste (uit bedryf);
- vervreemding van nie-bedryfsbates;
- opbrengs van lenings aangegaan en skuldbriewe uitgereik;
- opbrengs van aandele uitgereik;
- terugbetalings ontvang op lenings en voorskotte toegestaan en
- enige vermindering in netto bedryfskapitaal.

b) Fondse aangewend vir:

- Dekking van 'n verlies;
- verkryging van nie-bedryfsbates;
- aflossing van lenings en skuldbriewe;
- lenings en voorskotte toegestaan en doeleindes waarvoor;
- aanspreeklikheid vir belasting;
- dividende betaal en voorgestel en
- enige vermeerdering in netto bedryfskapitaal.

Riglyn 4.001 skryf verder voor dat 'n bedryfskapitaalveranderingstaat, wat veranderings in individuele bedryfskapitaalitems aantoon, getoon moet word sodat 'n totale vermindering of vermeerdering in netto bedryfskapitaal as bron of aanwending van fondse bepaal kan word.

Dit is insiggewend om daarop te let dat fondsestate slegs vir maatskappye verpligtend is. Die wet op Beslote Korporasies verplig nie sulke korporasies om fondsestate by hul finansiële jaarstate in te sluit nie. Omdat artikel 58 van die wet (1984:65) bepaal dat die finansiële jaarstate van 'n korporasie "... ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk ..." opgestel moet word, gebeur dit tog dikwels dat rekeningkundige beamptes wel die fondsestaat by die balansstaat en inkomstestaat aanheg.

### 4.2.3 Gedetailleerde uiteensettings

Soos in die geval van die ander finansiële jaarstate skryf riglyn 4.001 slegs minimum vereistes ten opsigte van die fondsestaat voor (SAIGR, 1977:4). Publikasies van outeurs soos onder andere Cilliers (1982:34) en Gouws (1982:6) gee duideliker en meer vollediger uiteensettings van die fondsestaat:

Tabel 4.1

Staat van Bron en Aanwending van Fondse vir die jaar geëindig op 30 Maart 1981

| | | | |
|---|---|---|---|
| Bronne van Fondse | | | |
| A. Inkomstebronne | | | |
| (i) Bedryfsinkomste | | | |
| Netto inkomste voor belasting (ander inkomste uitgesluit) | | RXXX | |
| Plus/min items wat wins, maar nie fondse beïnvloed | | RXXX | |
| + Depresiasie op nie-bedryfsbates | RXXX | | |
| + Verlies op verkoop van nie-bedryfsbates | RXXX | | |
| - Wins op verkoop van nie-bedryfsbates | (RXXX) | | |
| Min Staatsnormale belasting | | RXXX | |
| Fondse uit die bedryf | | | RXXX |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (ii) | Nie-bedryfsinkomste (ander inkomste) | | RXXX |
| | | | RXXX |
| B. | Kapitaal bronne | | RXXX |
| (i) | Buite-beleggings verkoop | RXXX | |
| (ii) | Nie-bedryfsbates verkoop | RXXX | |
| (iii) | Bykomende langtermynkapitaal ontvang | RXXX | |
| (iv) | Bykomende eienaarskapitaal gestort | RXXX | |
| (v) | Terugontvangste van lenings en voorskotte | RXXX | |
| (vi) | Afname in netto bedryfskapitaal | RXXX | |
| | | | RXXX |

Aanwending van Fondse

| | | | |
|---|---|---|---|
| A. | Aanwending in die Bedryf | | RXXX |
| (i) | Nie-bedryfsbates aangekoop | RXXX | |
| (ii) | Toename in netto bedryfskapitaal | RXXX | |
| B. | Buitebeleggings aangekoop | | RXXX |
| C. | Aanwending buite die Bedryf | | RXXX |
| (i) | Dividende | RXXX | |
| (ii) | Lenings/skuldbriewe afgelos | RXXX | |
| (iii) | Voorkeuraandele afgelos | RXXX | |
| | | | RXXX |

Bedryfskapitaalveranderingstaat

| | 19X1 | 19X2 | Toename | | Afname |
|---|---|---|---|---|---|
| Voorraad | XXX | XXX | | | |
| Debiteure | XXX | XXX | | | |
| Kontant | XXX | XXX | | | |
| Bank | XXX | XXX | | | |
| Krediteure | XXX | XXX | | | |
| Dividende betaalbaar | XXX | XXX | | | |
| Belasting betaalbaar | XXX | XXX | | | |
| | | | XXX | | XXX |
| Toename/Afname in netto bedryfskapitaal | | | XXX | of | XXX |

### 4.2.4 Addisionele inligting benodig met betrekking tot kleinsakeondernemings

Empiries is ervaar dat die rekeningkundige praktyk by nie-maatskappy ondernemings kan verskil van die rekeningkundige praktyk van maatskappye. Bateregisters is verpligtend vir maatskappye en word selde in praktyk deur nie-maatskappye bygehou. Daar word ook selde by nie-maatskappye rekord gehou van interne voorsienings soos waardevermindering en belasting. In die lig van bogenoemde sal dit vir kleinsakebestuur nodig wees om vollediger rekords van transaksies en bates te hou en om addisionele inligting te bekom of om aansuiwerings te maak voordat 'n fondsestaat soos beskryf in 4.2.3 hierbo saamgestel kan word.

#### 4.2.4.1 Bedryfsinkomste

Omdat die fondsestaat klem lê op die verkryging en aanwending van fondse, en nie soseer op netto inkomste nie, is dit nodig om sekere aansuiwerings te maak ten opsigte van items wat, in die berekening van netto inkomste, die wins maar nie die fondse nie, beïnvloed.

Cilliers et al. (1982:137) sien fondse ontvang uit normale bedryfsvoering as netto inkomste voor aftrekking van belastings, dividende betaal of voorgestel, interne voorsienings soos byvoorbeeld depresiasie en terughoudings. Wat in der waarheid voorgestel word is 'n terugtel van interne transaksies wat niks te doen het met die verkryging of besteding van ondernemingsfondse nie en wat reeds in die inkomstestaat verantwoord is.

Die volgende items moet "teruggetel" word:

- Depresiasie op nie-bedryfsbates;
- voorsienings soos byvoorbeeld vir oninbare skulde;

- oorplasings na en van reserwes en
- wins/verlies by die verkoop van nie-bedryfsbates.

Sou enige van bogenoemde transaksies die netto inkomste verminder/vermeerder het, moet dit weer teruggetel word omdat dit nie die fondse beïnvloed het nie.

4.2.4.2 Belasting

By eenmansake en vennootskappe, wat nie regspersoonlikheid en as sodanig belastingaanspreeklikheid het nie, is die berekening van staatsnormale belasting 'n probleem omdat persoonlike inkomste van die eienaars by netto inkomste gereken moet word voordat die belasting bereken kan word. Belasting word normaalweg nie getoon in die fondsestate van sulke ondernemings nie.

4.2.4.3 Nie-bedryfsinkomste

Nie-bedryfsinkomste by kleinsakeondernemings verwys na items soos dividende en rente ontvang op buitebeleggings. In sekere gevalle kan huurinkomste by geboue wat onderverhuur word ook gesien word as nie-bedryfsinkomste. Die kwalifikasie behoort te wees dat alle inkomste verkry uit aktiwiteite wat nie deel uitmaak van die normale bedryfsaktiwiteite van die onderneming nie as nie-bedryfsinkomste gesien behoort te word. Huurinkomste by eiendomsagente kan dus as bedryfsinkomste gesien word terwyl die inkomste verkry deur 'n algemene handelaar wat 'n gedeelte van sy gebou onderverhuur, as nie-bedryfsinkomste beskou kan word. By maatskappye is die doeleindes van die entiteit in sy akte en statute dikwels so wyd gestel dat 'n onderskeid moeilik is. Handelsondernemings kan hulle egter deur die handelslisensie laat lei om te bepaal wat normale bedryfsaktiwiteite is.

4.2.4.4 Buite-beleggings verkoop

Alle buite-beleggings wat te gelde gemaak word soos byvoorbeeld 'n vaste deposito wat verstryk en teruggeploeg word in die onderneming, kan beskou word as 'n kapitale bron. Nie alle kleinsakeondernemings beskik oor beleggingsregisters nie en 'n noukeurige analise van die balansstaat word vereis ten einde inligting oor buite-beleggings te bekom.

4.2.4.5 Nie-bedryfsbates verkoop

Hierdie hoof verwys veral na vaste bates wat in kontant omskep word. Maatskappye word deur die vierde bylae van die maatskappywet verplig om bateregisters aan te hou en ter saaklike inligting rakende die koop en verkoop van vaste bates word normaalweg by wyse van aantekening by die finansiële state verklaar.

By sekere nie-maatskappye, wat as gevolg van onvolledige rekordhouding nie transaksies rakende vaste bates duidelik uiteen kan sit nie, is sinvolle besluitneming nie altyd moontlik nie. Dit is wel moontlik dat daar met die netto effek van vaste bates verkoop en gekoop as bron of aanwending gewerk kan word. Sinvolle ontledings vereis egter dikwels 'n rekonsiliasie van kospryswaardes aan die begin en einde van die periode, depresiasie tydens die periode en winste of verliese gerealiseer met die verkoop van vaste bates. Hiervoor is volledige rekordhouding 'n voorvereiste.

Herwaardasies van nie-bedryfsbates moet nie in die fondsestaat getoon word nie. "Other examples of adjustments for bookkeeping entries which do not affect the flow of funds are write-ups or write downs of fixed assets, including investments, where there have been changes in their market values and the new values have been incorporated in the books of account" (Langhout,

1974:66). Faul et al. (1981:576) ook beveel aan dat herwaardasies by die fondsestaat geëlimineer moet word, aangesien herwaardasies van nie-bedryfsbates nie die vloei van fondse affekteer nie.

4.2.4.6 Aanwending buite die bedryf

Fondse wat uit die onderneming vloei en wat normaalweg nie weer terug sal vloei nie, word onder hierdie hoof getoon. Hier word veral gedink aan dividende aan aandeelhouers en trekkings teen die kapitaalrekening by eenmansake en vennootskappe. Die maatskappywet bepaal dat beide dividende betaal en voorgestel as aanwending getoon moet word. Dividende voorgestel beïnvloed eers die volgende periode, maar word direk na jaareinde betaal sodat dit geredelikerwys as "betaal" beskou kan word.

Heelwat kleinsakeondernemers maak nie 'n onderskeid tussen vergoeding vir sy eie dienste gelewer, vergoeding op sy eienaarskapitaal en onttrekkings teen sy kapitaalrekening nie. Vergoeding vir dienste gelewer verwys na sy salaris (bestuursloon) en vergoeding op sy eienaarskapitaal (ondernemersloon) is soortgelyk aan die dividend by 'n maatskappy. Alvorens die fondsestaat saamgestel kan word moet hierdie onderskeid eers getref word.

4.2.5 <u>Voordele van die fondsestaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur</u>

Die fondsestaat word vandag deur baie outeurs as nie net bloot 'n aanvullende bylae tot die balansstaat beskou nie, maar as 'n finansiële staat in eie reg wat dan voordele vir kleinsakebestuur inhou. Die fondsestaat op sigself bied verklarings vir die verandering in balansstaatposte, met inagneming van inkomstestaat-items. Kleinsakebestuur kan fondsestate gebruik as kontrolehulpmiddel (evaluering

van bestuursbesluite van die verlede) en beplanningshulpmiddel (evaluering van toekomstige bestuursbesluite).

4.2.5.1 Kontrolehulpmiddel

Bestuur kan die fondsestaat gebruik om finansiële resultate te beoordeel. Van Biljon (1985:21) beskou die fondsestaat geskik as kontrolehulpmiddel omdat dit 'n opsomming is van finansiële beleid en strategie wat gevolg is. Bestuursdoeltreffendheid in die algemeen kan daardeur beoordeel word.

4.2.5.2 Vooruitskattings

Die fondsestaat kan 'n belangrike rol speel by die vooruitskatting van toekomstige kontantvloeie. "A forecast statement of sources and application of funds can be produced ... This would summarise for management the effect of the planned decisions on funds flow and show the net effect on liquidity" (Farmer, 1983:135). Vooruitskattings van die likiede posisie van kleinsakeondernemings behoort hoë prioriteit te geniet en fondsestate kan hier 'n belangrike funksie vervul.

4.2.5.3 Evaluering van bestuursbesluite

Elke item in die fondsestaat dui op 'n resultaat van 'n besluit. Vir kleinsakebestuur behoort die fondsestaat van nut te wees indien hulle die staat gebruik om die effektiwiteit van spesifieke besluite te beoordeel. Hier word verwys na bestuursbesluite van die verlede sowel as die toekoms.

### 4.2.6 Kritiek teen die tradisionele formaat uit die oogpunt van kleinsakebestuur

Dit is insiggewend om daarop te let dat die bruikbaarheid van die fondsestaat in vergelyking met die ander finansiële state nie hoog geag word nie. Navorsing deur Gourley en Seneque (1984:439) oor die belangrikheid en bruikbaarheid van finansiële jaarstate van maatskappye wys daarop dat van al die finansiële jaarstate, die fondsestaat deur die respondente as die onbelangrikste en die een wat die minste gebruik word, beskou word.

Ofskoon soortgelyke navorsing nie ten opsigte van eenmansake en vennootskappe bestaan nie, het 'n steekproef onder finansiële jaarstate wat na die ABKS vir ontleding gestuur word, getoon dat slegs een uit elke ses niemaatskappy ondernemings 'n staat van bron en aanwending van fondse by die normale inkomstestaat en balansstaat aanheg. Finansiële jaarstate van eenmansake en vennootskappe wat deur geoktrooieerde rekenmeesters opgestel word, sluit normaalweg die fondsestaat in.

In die lig van bogenoemde kan die vraag tereg gevra word of die fondsestaat in sy tradisionele formaat as belangrik en enigsins bruikbaar deur kleinsakeondernemers beskou word. Empiries is gevind dat die inligtingsbehoeftes van nie-maatskappy ondernemings wel verskil van dié van maatskappye en die volgende argumente kan aangevoer word waarom fondsestate nie algemeen by niemaatskappye gebruik word nie:

#### 4.2.6.1 Fondsestate slegs verpligtend vir maatskappye

Slegs maatskappye word deur die maatskappywet verplig om fondsestate voor te lê. Eenmansake, vennootskappe en selfs beslote korporasies is nie onder hierdie verpligting nie.

4.2.6.2 Fondsestate is ingewikkeld om te verstaan

Kleinsakebestuur en veral die eenmansaak is dikwels op hulself aangewys om finansiële jaarstate te ontleed. Dit is in praktyk ervaar dat finansiële jaarstate deur 'n kundige persoon saamgestel word maar dat die finale beoordeling uitsluitlik aan die eienaar of bestuurder oorgelaat word. In 'n kritiese ondersoek na die rekenmeesterspraktyk skryf Language (1984:40): "... modern financial statements (are) too complicated to managers and laymen ..." Die outeur bevind dat die oorsake veral geleë is in die maatskappywet omdat riglyne oor die samestelling en formaat van finansiële state daarin vervat, redelik vaag is. Daar moet aanvaar word dat wie ook al die finansiële state van eenmansake en vennootskappe opstel, hulle deur die maatskappywet laat lei en dat dieselfde klagte, naamlik dat die finansiële state en dus ook die fondsestaat, te ingewikkeld is, ook hier geld.

4.2.6.3 Rekeningkundige praktyk kan verskil

Dit is reeds genoem dat die rekeningkundige praktyk by eenmansake en vennootskappe kan verskil van dié van maatskappye omdat hierdie ondernemings nie onder die verpligtinge van die maatskappywet ressorteer nie. Voordat van die verskille in rekeningkundige praktyk uitgelig word, moet aangetoon word dat eenmansake en vennootskappe in die meeste gevalle fouteer deur van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk af te wyk en dat bestuur uit 'n ontledingsoogpunt net kan baat deur algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, soos dié van maatskappye, konsekwent toe te pas.

Verskille in rekeningkundige praktyk kom veral voor ten opsigte van die volgende:

a) Vergelykende syfers - Empiries is ervaar dat min eenmansake of vennootskappe vergelykende syfers in hul finansiële state toon omdat hulle primêr in die gegewens van die afgelope periode belangstel. Die gebrek aan vergelykende syfers stel sulke ondernemings uit die aard van die saak nie in staat om die onderneming se prestasie met die verlede te vergelyk en te beoordeel nie.

b) Voorsienings - Anders as by maatskappye voorsien min eenmansake en vennootskappe vir belasting en waardevermindering.

c) Vaste bates - Nie-maatskappye beskik selde oor bateregisters met die gevolg dat die kosprys van die vaste bate selde in die finansiële state verskyn.

d) Hantering van eienaarsvergoeding - Anders as by 'n maatskappy waar daar 'n onderskeid getref word tussen die vergoeding van die eienaar vir dienste gelewer en die vergoeding vir die gebruik van sy kapitaal in die vorm van dividende, word eienaarsvergoeding normaalweg by nie-maatskappye in totaal gesien as onttrekkings teen die kapitaalrekening. Die rede hiervoor setel veral in die feit dat eienaarskap en bestuur by 'n maatskappy normaalweg geskei is terwyl dit by die eenmansaak en vennootskap nie geskei is nie. Wat eenmansake en vennootskappe betref kan daar dus onderskei word tussen 'n "bestuursloon" wat deel van personeelvergoeding as bedryfskoste getoon word en "ondernemersloon" wat as onttrekking teen die kapitaalrekening getoon word.

Bogenoemde verskille veroorsaak dat sinvolle afleidings uit die fondsestaat van 'n nie-maatskappy nie moontlik is alvorens aansuiwerings en aanpassings tot die onderneming se finansiële gegewens gemaak is nie.

4.2.6.4 Kleinsakebestuur stel eerder belang in kontantvloei as in fondsevloei

Kleinsakeondernemers is veral gesteld daarop om te wil weet wat met die kontant gebeur het wat deur die kasregisters of kwitansieboeke ontvang is. Dit is egter belangrik om 'n duidelike begrip te vorm van die verskil tussen die stroom van fondse en die stroom van kontant. "... Income and funds flows are different; they measure different concepts, and empirically they can differ in magnitude and direction ..." (Ketz, 1985:74). Fondsevloei verwys na die stroom van fondse by die aangaan van 'n transaksie terwyl kontantvloei na die stroom van kontant by die vereffening van transaksies verwys. Omdat weinig transaksies vandag op 'n streng kontantbasis plaasvind (Van Biljon, 1985:5) stel bestuur uiteraard belang in die uiteindelike vereffening daarvan.

In die lig van die belangrike rol wat kontant by kleinsakeondernemings speel, behoort 'n kontantvloeistaat meer bruikbaar te wees. "In our view, the traditional funds statement, which generally has focused on working capital, is not as useful as a statement of cash flow" (Golub en Huffman, 1984:35). Die outeurs baseer hul standpunt op die feit dat kontant, veral gedurende periodes waar hoë rentekoerse gehef word en kontant skaars is, in toenemender mate 'n belangrike rol speel. Omdat kleinsakeondernemings ook deur resessie-toestande geraak word (dalk in 'n erger graad as die groot onderneming) geld die argument ook by hulle.

4.2.6.5 Tradisionele formaat kan gevaarlik wees

Dit kan gebeur dat 'n onderneming uitkerings aan eienaars maak omdat die fondsestaat verkeerdelik aantoon dat fondse beskikbaar is. Kelly (1983:39) het gevind dat 23 uit 'n steekproef van 61 ondernemings hieraan skuldig was. Die rede kom kortliks daarop neer dat fondse uit

die bedryf, soos bereken in die tradisionele fondsestaat, nie voorsiening maak vir veranderings in die bedryfskapitaal nie. Hierdie veranderings beïnvloed die beskikbare kontant direk en behoort ook in die geval van kleinsakeondernemings in berekening gebring te word alvorens 'n ondernemersloon, ofte wel vergoeding vir eienaarskapitaal, afgetrek word.

#### 4.2.6.6 Afparing bemoeilik interpretasie

Afparing, dit wil sê die gebruik om slegs die netto beweging van 'n fondsitem te toon, bemoeilik interpretasie van 'n tradisionele fondsestaat. Van Biljon (1985:28) is van mening dat waardevolle inligting verlore gaan as die gebruiker nie 'n geheelbeeld van die fondsbeweging verkry nie. Dit kan dus afgelei word dat sou beide die bron en aanwending van 'n spesifieke item bekend wees, meer sinvolle afleidings gemaak sal kan word.

#### 4.2.6.7 Gevolgtrekkings

In die lig van bogenoemde lyk dit asof die tradisionele formaat van die fondsestaat nie die gebruikswaarde vir kleinsakebestuur het wat dit behoort te hê nie. Dit blyk verder dat die behoefte van die kleinsakeonderneming meer neig na 'n kontant-georiënteerde fondsestaat wat voorsiening moet maak vir die volgende:

- Dit moet relatief eenvoudig wees om te verstaan;
- dit moet die swakhede in die rekeningkundige praktyk van nie-maatskappye regstel en
- die staat moet die kontantposisie van die onderneming oor 'n periode verklaar.

In 'n voorgestelde standpunt oor algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk beveel die rekeningkundige praktykekomitee aan dat 'n staat van kontantvloei-inligting by die finansiële jaarstate ingesluit behoort te word (RPK, 1986:144). Die komitee beskou die doelwit van hierdie staat as "... om sinvolle inligting oor kontant wat deur 'n onderneming voortgebring en aangewend is op 'n eenvoudige en duidelike manier aan gebruikers van finansiële state te verstrek" (RPK, 1986:141). Die voorgestelde staat van kontantvloei-inligting sal dus ook aan die inligtingsbehoeftes van kleinsakebestuur voldoen omdat dit klem lê op die beweging van kontant en dit eenvoudige en duidelike aanbiedings moontlik maak.

## 4.3 'N KONTANTVLOEISTAAT AS ALTERNATIEWE BRON VAN INLIGTING VIR KLEINSAKEBESTUUR

### 4.3.1 Inleiding

Gesien teen die agtergrond van die algemene kritiek teen die tradisionele formaat van die fondsestaat het daar oor die afgelope paar jaar 'n beweging na 'n nuwe formaat van die fondsestaat plaasgevind. Uit voorstellings van die nuwe formaat deur outeurs soos Ketz (1985:74), Golub en Huffman (1984:38) en Kelly (1983:39) lyk dit asof daar veral twee kenmerkende veranderings plaasgevind het. In die eerste plek word daar beweeg na voorstellings waar die fondsevloei in totaal herlei word na 'n kontantvloei en tweedens word daar van klassifikasies gebruik gemaak ten einde bronne en aanwendings te groepeer.

### 4.3.2 Kontantvloei

Die kleinsakeondernemer soek na 'n verklaring vir die verandering in sy kontant en banksaldo. Om dit sinvol te kan verklaar is dit nodig om alle transaksies wat gedurende 'n periode in 'n onderneming plaasgevind het

te herlei na 'n kontantbasis, dit wil sê, die omskakeling van transaksies na óf kontantontvangste óf kontantbetalings. Die omskakeling maak 'n berekening van die sogenaamde "... bottom line ..." (Clemente, 1982:30) moontlik. Dit is 'n verklaring vir die verandering in kontant en banksaldo's.

Kontantontvangste in hierdie verband by kleinsakeondernemings verwys onder andere na netto verkope, afname in debiteure, voorraad en vooruitbetaalde uitgawes, toename in krediteure en opgehoopte verpligtinge, nie-bedryfsinkomste, gestorte eienaarskapitaal, vreemde kapitaal ontvang en nie-bedryfsbates verkoop.

Kontantbetalings verwys na koste van goedere verkoop, afname in krediteure en opgehoopte verpligtinge, toename in voorraad, debiteure en vooruitbetaalde uitgawes, bedryfskoste, belasting, ondernemersloon en aankoop van nie-bedryfsbates.

Deur alle transaksies, ook dié van kapitale aard, te herlei na 'n kontantbasis kan bepaal word hoeveel kontant deur die onderneming gevloei het. Die netto effek behoort die toename of afname in kontant en bank te verklaar.

### 4.3.3 Klassifikasie

Omdat daar geen wetlike voorskrifte ten opsigte van die aanbieding van fondsestate bestaan nie, word uiteenlopende aanbiedings in die praktyk aangetref. Hierdie feit dra daartoe by dat kleinsakebestuur die fondsestaat as ingewikkeld beskou.

Deur verwante items onder een hoof in te deel en deur beide die kontantontvangste en -betalings ten opsigte van die items te toon, behoort kleinsakebestuur as

gebruiker 'n meer sinvolle beeld van die vloei van fondse in 'n onderneming te verkry. Van Biljon (1985:89) sien die doelwit van klassifikasies as die logiese uiteensetting van die aanbieding. Die uiteensetting van 'n kontantvloeistaat wat hierop volg klassifiseer kontantontvangste en -betalings onder die volgende hoofde:

- Fondse uit die bedryf
- Netto kontantvloei uit bedryf
- Ondernemersloon
- Eienaarstransaksies
- Transaksies ten opsigte van nie-bedryfsbates
- Transaksies ten opsigte van beleggings
- Transaksies ten opsigte van geleende fondse
- Toename/afname in kontant en bank.

### 4.3.4 Uiteensetting

ABC ALGEMENE HANDELAARS

Kontantvloeistaat vir die jare tot 28 Februarie 1981 en 1982

Netto verkope
- Kosprys van verkope
= Bruto wins
- Bedryfskoste
= Netto inkomste voor rente
- Rente
= Netto inkomste na rente
+ of - Aansuiwerings vir nie-kontant items
= Fondse uit die bedryf
+ Afname (-toename) in debiteure
+ Toename (-afname) in krediteure
+ Afname (-toename) in voorraad
= Netto kontantvloei uit bedryf
- Ondernemersloon

Eienaarstransaksies

Eienaarskapitaal gestort

Transaksies t.o.v. nie-bedryfsbates

Nie-bedryfsbates verkoop
min Nie-bedryfsbates gekoop

Transaksies t.o.v. beleggings

Beleggings verkoop
plus Beleggingsinkomste
min Beleggings gekoop

Transaksies t.o.v. geleende fondse
(oortrokke bank uitgesluit)

Lenings aangegaan
Lenings afgelos

Toename/Afname in kontant en bank

Toename/Afname in kontant
Toename/Afname in bank

### 4.3.5 Verhoudingsanalise

Net soos by die ander finansiële state kan daar ook 'n verhoudingsanalise gedoen word by 'n kontantvloeistaat. Bedryfsmaatstawwe is egter nie so algemeen bekend soos by die ander finansiële state nie en kleinsakebestuur sal self moet bepaal of die verhouding bevredigend is of nie. Van Biljon (1985:47) toon aan dat die volgende verhoudings onder andere gebruik kan word om die fondse-staat te ontleed:

- Kapitale belegging tot nuwe langtermynkapitaal;
- waardevermindering tot kapitale uitgawe (aankoopsprys minus verkoopprys van vaste bates);
- fondse uit bedryf tot totale aanwendings;

- langtermyn kapitaalafwyking (kapitale bronne tot aanwendings buite die bedryf);
- tekortontleding (bedryfslaste minus bedryfsbates tot fondse uit die bedryf);
- dividendverhouding (dividend tot totale aanwendings);
- "funds flow adequacy ratio" (fondse uit die bedryf tot kapitale beleggings, toename in voorraad en dividende);
- "corporate recovery rate" (kontantbronne tot bruto bates);
- fondsherinvesteringsverhouding (fondse uit die bedryf minus dividende tot vaste bates);
- "Beaver"-verhouding (fondse uit die bedryf tot totale skuld) en
- likiede batetekortverhouding (bedryfslaste minus likiede bates tot fondse uit die bedryf).

Met die oog op 'n verhoudingsanalise van 'n kontantvloeistaat by kleinsakeondernemings, verg sekere van hierdie verhoudings nadere ondersoek:

4.3.5.1 Fondse uit die bedryf tot totale aanwendings

Omdat die kontantvloeistaat nie totale aanwendings as groep klassifiseer nie, moet dit eers bereken word. Totale aanwendings verwys na: netto toename in bedryfskapitaal, ondernemersloon, nie-bedryfsbates gekoop, beleggings gekoop en lenings afgelos. Deur hierdie verhouding as persentasie uit te druk kan bepaal word in watter mate interne fondse 'n bydrae maak tot die totale aanwendings in die onderneming. 'n Lae persentasie dui daarop dat daar hoofsaaklik van fondse buite die onderneming gebruik gemaak is om transaksies te finansier.

4.3.5.2 Langtermyn kapitaalafwyking

Deur hierdie verhouding kan bepaal word of langtermynfondse (byvoorbeeld eienaarskapitaal gestort en lenings aangegaan) 'n invloei of uitvloei getoon het. Indien kapitale bronne groter is as aanwendings buite die bedryf dui dit op 'n invloei van kapitale fondse.

4.3.5.3 Tekortontleding

Hierdie verhouding kan gebruik word om te bepaal hoe lank dit sal neem om tekort aan bedryfskapitaal uit te wis. Van Biljon (1985:50) sien hierdie verhouding soos volg:

$$\frac{\text{Bedryfslaste minus bedryfsbates}}{\text{Fondse uit die bedryf}} \times 365$$

Die verhouding toon dus aan hoeveel dae dit sal neem om die tekort aan bedryfskapitaal uit fondse uit die bedryf aan te vul. Die aanname hier is dat fondse uit die bedryf in die toekoms in dieselfde mate gegenereer sal word as in die verlede.

4.3.5.4 Ondernemersloon tot totale aanwendings

As persentasie kan hierdie verhouding vir bestuur aantoon of die verhouding tussen ondernemersloon en ander aanwendings korreleer. 'n Vergelyking met vorige jare sal help om te bepaal of daar nie te veel fondse gebruik is vir die onttrekking van 'n ondernemersloon nie.

4.3.5.5 "Funds flow adequacy ratio"

Uit hierdie verhouding kan bepaal word of die onderneming voldoende fondse gegenereer het om kapitale beleggings, belegging in voorraad en ondernemersloon (by nie-maatskappye), te dek. Bernstein (1983:543) sluit debiteure

by hierdie verhouding uit omdat dit deur korttermynkrediet gefinansier kan word.

4.3.5.6 Likiede batetekortverhouding

Daar kan deur hierdie verhouding bepaal word hoe lank (in dae) dit sal neem om die tekort in likiede bates uit fondse uit die bedryf aan te vul.

4.3.5.7 Vergelykings met vorige jare

Deur individuele poste op die kontantvloeistaat met vorige jare te vergelyk kan die effektiwiteit van bestuursbesluite bepaal word. So, byvoorbeeld, kan 'n afname in ondernemersloon die gevolg wees van die eienaar se besluit om meer fondse in die onderneming terug te ploeg. Of hierdie besluit geregverdig was al dan nie, sal blyk uit 'n ontleding van die likiditeitsposisie van die onderneming.

4.3.5.8 Vergelyking met begroting

'n Vergelyking van die kontantvloeistaat soos aan die einde van 'n periode met die kontantvloeibegroting aan die begin van die periode kan help om die doeltreffendheid van bestuur te beoordeel. Afwykings ten opsigte van individuele poste moet verklaar kan word.

4.3.6 <u>Afleidings uit die kontantvloeistaat</u>

Soos in die geval van die ander finansiële state behoort afleidings uit die kontantvloeistaat nie in isolasie gesien te word nie, maar behoort dit saam met ander verhoudings ontleed te word. Die fondsestaat op sigself kan saam met die inkomstestaat sowel as die balansstaat ontleed word. Verder kan die kontantvloeibegroting deur-

lopend as vergelykingsmaatstaf gebruik word by die ontleding van die kontantvloeistaat.

By die ontleding van die kontantvloeistaat behoort die oogmerk van bestuur te wees om die oorspronklike bron van elke aanwending te bepaal. Volgens Van Biljon (1985:93) stel die ontleder belang in die bron van elke finansieringsvorm. Kleinsakebestuur kan dus deur middel van die kontantvloeistaat bepaal hoe die kontant in die onderneming aangewend is en waar die kontant vandaan gekom het.

Belangrike afleidings sluit die volgende in:

4.3.6.1 Bedryfskapitaal

'n Ontleding van die verandering in debiteure, krediteure en voorraad kan as aanvullend tot die likiditeitsverhoudings uit die balansstaat beskou word. 'n Deeglike analise van die toename of afname in debiteure kan help om die kredietbeleid wat toegepas is te beoordeel. So kan die doeltreffendheid van voorraadbeheer deur 'n analise van die verandering in voorraad ook beoordeel word. 'n Ontleding van die verandering op 'n maandelikse basis, indien moontlik, kan egter meer sinvolle afleidings tot gevolg hê.

Aanwendings in bedryfskapitaal, dit wil sê 'n toename in debiteure en voorraad en 'n afname in krediteure, behoort deur fondse uit die bedryf gefinansier te word. Daar is egter tye wanneer fondse uit die bedryf op ander plekke aangewend moet word soos byvoorbeeld die aankoop van nie-bedryfsbates en die aflossing van langtermynlenings.

In sulke gevalle moet alternatiewe bronne vir die finansiering van bedryfskapitaal oorweeg word. Daar kan byvoorbeeld gedink word aan 'n toename in krediteure om 'n

toename in debiteure of toename in voorraad te finansier. So ook kan 'n afname in voorraad (veral by oorbevoorradingssituasies) bydra om 'n afname in krediteure te finansier.

Afleidings uit die bronne en aanwendings by bedryfskapitaal moet egter altyd saam met balansstaatverhoudingsgetalle gemaak word ten einde die motivering en optrede van bestuur beter te verklaar.

4.3.6.2 Ondernemersloon

'n Belangrike aanwending wat in die kontantvloeistaat getoon word is ondernemersloon, dit wil sê daardie gedeelte van netto inkomste wat die eienaar vir homself toeëien as vergoeding vir die gebruik van sy kapitaal. Ofskoon 'n onderneming 'n netto inkomste mag realiseer is dit dikwels die geval dat daar nie genoeg kontant beskikbaar is om die ondernemersloon te betaal nie. Die bron van hierdie aanwending behoort altyd interne fondse ná regstellings vir bedryfskapitaalveranderings te wees. Volgens die voorgestelde uiteensetting in paragraaf 4.3.4 is die klassifikasie vir hierdie bron "netto kontantvloei uit bedryf." 'n Ondernemersloon behoort egter eers onttrek te word nadat transaksies ten opsigte van geleende fondse in ag geneem is.

4.3.6.3 Eienaarstransaksies

Addisionele kapitaal word normaalweg met 'n spesifieke doel deur die eienaars van 'n onderneming gestort. Dit is derhalwe moontlik om te bepaal of hierdie bron aangewend is vir die doel waarvoor dit gestort is.

4.3.6.4 Nie-bedryfsbates

By die aankoop van nie-bedryfsbates behoort die eerste oorweging te wees om die aanwending uit interne fondse

te finansier. In hierdie verband kan die opbrengs uit die verkoop van nie-bedryfsbates ook aangewend word. Waar daar dikwels by kleinsakeondernemings nie voorsiening gemaak word vir die vervanging van nie-bedryfsbates nie, is eienaarskapitaal ook 'n moontlike bron van finansiering.

4.3.6.5 Beleggings

Beleggings gekoop behoort deur óf beleggings verkoop óf netto kontantvloei uit die bedryf gefinansier te word.

Daar moet gewaak word teen finansiering deur geleende fondse tensy die koste van geleende fondse goedkoper is as die beleggingsinkomste. Laasgenoemde situasie word egter selde in die praktyk ervaar.

Indien buite-beleggings nie 'n noemenswaardige bydrae tot totale inkomste lewer nie, moet die wenslikheid daarvan verder ondersoek word. Ofskoon ander faktore 'n invloed kan speel behoort die opbrengs op die belegging gemeet aan die opbrengs op totale kapitaal binne die onderneming 'n beslissende rol by besluitneming te speel. Inkomste uit buite-beleggings kan ook vergelyk word met die rente betaal aan vreemde kapitaalhouers.

4.3.6.6 Geleende fondse

Afhangende van die hefboomfaktor behoort 'n kleinsakeondernemer daarna te streef om geleende fondse uit interne bronne af te los. 'n Verdere vergelyking wat hier getref kan word is die verhouding tussen die toename in geleende fondse en die toename in gestorte eienaarskapitaal. Hier behoort die solvabiliteitsverhouding as maatstaf te dien.

4.3.6.7 Kontant en bank

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur is die verklaring van die toename of afname in die kontant- en banksaldo

seker een van die belangrikste afleidings uit die kontantvloeistaat. Deur die invloei en uitvloei van alle transaksies in berekening te bring kan die uiteindelike effek op die kontantvloei in sy geheel verklaar word. Dikwels is 'n kleinsakeman besorg oor die feit dat die onderneming goeie verkope en selfs netto inkomste genereer maar dat dit nie in die banksaldo gereflekteer word nie. Deur alle ander bronne en aanwendings in ag te neem kan onduidelikhede uit die weg geruim word.

## 4.4 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Oor die waarde wat 'n fondsestaat vir kleinsakeondernemings kan inhou, bestaan daar geen twyfel nie. Wat wel kommer wek is die feit dat fondsestate nie deur kleinsakeondernemings gebruik word nie. Uit die oogpunt van kleinsakebestuur het 'n kontantvloeistaat meer nut as die tradisionele staat van bron en aanwending van fondse omdat eersgenoemde 'n verklaring kan bied van wat oor 'n periode met die kontant in die onderneming gebeur het.

Ten einde bruikbaar vir kleinsakebestuur te kan wees moet die formaat van 'n kontantvloeistaat so wees dat dit in die eerste plek die totale kontantvloei binne die onderneming weerspieël en, tweedens, moet daar van klassifikasies gebruik gemaak word ten einde interpretasie te vergemaklik.

Net soos by die ander finansiële state kan 'n verhoudingsanalise by kontantvloeistate gedoen word wat sal help om sinvolle afleidings te kan maak. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie afleidings nie in isolasie beoordeel moet word nie, maar saam met die ander finansiële inligting.

# HOOFSTUK 5

## ONTLEDING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VAN 'N ENTITEITSGEVAL

5.1 INLEIDING

5.2 GEPUBLISEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

5.2.1 Balansstaat op 28 Februarie 1985

5.2.2 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 1985

5.2.3 Staat van Bron en Aanwending van Fondse vir die jaar geëindig 28 Februarie 1985

5.2.4 Aantekeninge tot Finansiële State - 28 Februarie 1985

5.3 ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS TOT FINANSIËLE JAARSTATE

5.3.1 Aansuiwerings met betrekking tot die balansstaat

5.3.2 Aansuiwerings met betrekking tot die inkomstestaat

5.3.3 Finansiële resultate

5.3.4 Kontantvloeistaat vir die jare 1984 en 1985

5.4 AFLEIDINGS UIT DIE FINANSIËLE JAARSTATE

5.4.1 Afleidings uit die balansstaat

5.4.2 Afleidings uit die inkomstestaat

5.4.3 Afleidings uit die kontantvloeistaat

5.4.4 Gevolgtrekkings

# HOOFSTUK 5

## ONTLEDING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE VAN 'N ENTITEITSGEVAL

### 5.1 INLEIDING

Met die beginsels soos bespreek in die vorige hoofstukke toegepas, sal 'n stel entiteitstate in hierdie hoofstuk ontleed word. Ofskoon die werklike state van 'n kleinsakeonderneming as basis gebruik is, is sekere wysigings aan die gepubliseerde state aangebring om die beginsels duideliker toe te lig. Die stel state wat ontleed sal word is verteenwoordigend van 'n tipiese eenmansaak.

Daar sal in hierdie hoofstuk veral klem gelê word op die feit dat gepubliseerde jaarstate van kleinsakeondernemings dikwels onvoldoende is en dat sekere aansuiwerings eers gemaak moet word alvorens sinvolle afleidings gemaak kan word. Wat die onderneming onder bespreking betref moet daarop gewys word dat die rekeningkundige stelsel betroubaar is en dat addisionele inligting relatief maklik bekom kan word.

### 5.2 GEPUBLISEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die gepubliseerde finansiële jaarstate vir A Bees Slaghuis bestaan uit 'n Inkomstestaat vir die jaar geëindig op 28 Februarie 1985, 'n Balansstaat op 28 Februarie 1985 en 'n Staat van Bron en Aanwending van Fondse vir die jaar geëindig op 28 Februarie 1985. Die finansiële jaarstate het vergelykende syfers vir 1984. Hierdie jaarstate is deur 'n geoktrooieerde rekenmeester opgestel.

5.2.1 A BEES SLAGHUIS

BALANSSTAAT OP 28 FEBRUARIE 1985

| Kapitaal aangewend | Notas | 1985 | 1984 |
|---|---|---|---|
| Saldo op kapitaalrekening 29/2/84 | | 109 864-66 | 86 928-22 |
| Plus Netto inkomste vir die jaar | | 22 669-35 | 31 599-49 |
| Min Onttrekkings | | (27 916-21) | (8 663-05) |
| Netto eienaarsbelang | | 104 617-80 | 109 864-66 |
| Langtermynlening: S Claassen | | 43 500-00 | 43 500-00 |
| | | 148 117-80 | 153 364-66 |
| **Aanwending van kapitaal** | | | |
| Vaste eiendom | (1) | 53 088-00 | 53 088-00 |
| Vaste bates (teen kosprys) | (2) | 70 658-04 | 72 782-04 |
| Beleggings | (3) | 28 029-32 | 24 418-32 |
| | | 151 775-36 | 150 288-36 |
| **Bedryfsbate** | | | |
| Voorraad | | 10 700-00 | 9 285-00 |
| Debiteure | | 28 092-09 | 5 493-98 |
| Kontant en deposito's | | 3 023-50 | 649-50 |
| Totale bedryfskoste | | 41 815-59 | 15 428-48 |
| **Min Bedryfslaste** | | | |
| Krediteure | | 15 323-67 | 6 914-62 |
| Ontvanger van inkomste | | 1 690-10 | 1 378-54 |
| Oortrokke bank | | 28 459-38 | 4 059-02 |
| Totale bedryfslaste | | 45 473-15 | 12 352-18 |
| Netto bedryfslaste (bate) | | (3 657-56) | 3 076-30 |
| Totale aanwending van kapitaal | | 148 117-80 | 153 364-66 |

## 5.2.2 A BEES SLAGHUIS

### INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 1985

| | 1985 | 1984 |
|---|---|---|
| Omset | 463 012-39 | 409 035-11 |
| Min Kosprys van verkope | 347 462-10 | 304 082-12 |
| Beginvoorraad | 9 285-00 | 3 450-00 |
| Plus Aankope - Lewende hawe | 266 692-89 | 247 178-54 |
| - Diverse | 70 276-34 | 49 420-78 |
| Spoorvrag | 752-95 | 650-00 |
| Slagtersfooie | 7 584-15 | 8 509-00 |
| Vleisheffing | 3 570-77 | 4 158-80 |
| | 358 162-10 | 313 367-12 |
| Min Eindvoorraad | 10 700-00 | 9 285-00 |
| Bruto wins | 115 550-29 | 104 952-99 |
| Plus Rente ontvang | 3 611-00 | 2 830-21 |
| | 119 161-29 | 107 783-20 |
| Min Bedryfskoste | (96 491-94) | (76 183-71) |
| Advertensie | 1 432-64 | 1 070-25 |
| Annuïteitsversekering | 1 465-00 | - |
| Bankkoste en Bankrente | 3 065-99 | 1 778-57 |
| Behuising en pasfooie | 1 103-80 | 1 077-20 |
| Boekhoufooie | 668-50 | 583-00 |
| Brandstof en gas | 2 921-61 | 1 090-56 |
| Eiendomsbelasting | 1 049-20 | 1 532-57 |
| Huur motorvoertuig | 26 491-45 | - |
| Lisensies | 616-00 | 626-00 |
| Lone en salarisse | 28 907-20 | 24 848-19 |
| Motoronkoste | 5 830-63 | 12 092-83 |
| Onderhoud algemeen | 4 631-08 | 1 463-19 |
| Ongevalle kommissaris | 329-93 | 211-97 |
| Oninvorderbare skulde | 224-65 | 140-00 |
| Onthaal | - | 1 790-07 |
| Pakmateriaal | 773-66 | 183-58 |
| Posuitgawes | 1 567-43 | 1 206-78 |
| Rente: Langtermynlening | 4 350-00 | 4 350-00 |
| Skoonmaakmateriaal | 286-66 | 505-59 |
| Skryfbehoeftes en drukwerk | 73-64 | 697-04 |
| Versekering | 2 916-49 | 631-25 |
| Water en ligte | 5 097-84 | 4 016-72 |
| Werknemers beskermde klere | - | 313-90 |
| Welsyn personeel | 564-54 | - |
| Waardevermindering - vaste bates | 2 124-00 | 2 212-00 |
| Vaste Bates afgeskryf - Masjinerie | - | 8 114-37 |
| - Meubels | - | 5 648-08 |
| Netto Inkomste | 22 669-35 | 31 599-49 |

## 5.2.3 A BEES SLAGHUIS

### STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 1985

| Bron van Fondse | 1985 | 1984 |
|---|---|---|
| Netto inkomste vir die jaar | 22 669-35 | 31 599-49 |
| Plus Waardevermindering | 2 124-00 | 2 212-00 |
| Plus Bates afgeskryf | | 13 762-45 |
| Fondse verkry uit bedryf | 24 793-35 | 47 573-94 |
| Plus Netto vermindering in bedryfskapitaal | 6 733-86 | 5 160-04 |
| | 31 527-21 | 52 733-98 |
| **Fondse is soos volg aangewend** | | |
| Onttrekkings | 27 916-21 | 8 663-05 |
| Investering in vaste bates | - | 13 761-45 |
| Vermeerdering in beleggings | 3 611-00 | 10 309-48 |
| Delging in langtermynlening | | 20 000-00 |
| | 31 527-21 | 52 733-98 |

### Bedryfskapitaalveranderingstaat

| | 1985 | | 1984 | |
|---|---|---|---|---|
| | Toename | Afname | Toename | Afname |
| Voorraad | 1 415-00 | | 5 835-00 | |
| Kontant en depositos | 2 374-00 | | 146-00 | |
| Debiteure | 22 598-11 | | | 2 277-71 |
| Krediteure | | 8 720-61 | 11 537-31 | |
| Oortrokke bank | | 24 400-36 | | 20 400-64 |
| Netto vermindering in bedryfskapitaal | 6 733-86 | | 5 160-04 | |
| | 33 120-97 | 33 120-97 | 22 678-35 | 22 678-35 |

## 5.2.4 A BEES SLAGHUIS

### AANTEKENINGE TOT FINANSIËLE STATE - 28 FEBRUARIE 1985

(1) Vaste Eiendom

| | | |
|---|---|---|
| Erf 112, Witsand (Kosprys: 1/1/75) | | R53 088-00 |

(2) Vaste Bates

| | | |
|---|---|---|
| **Masjinerie en uitrusting** | | |
| Saldo 1/3/84 | R44 179-96 | |
| Min Waardevermindering | 549-69 | |
| Saldo 28/2/85 | | R43 630-27 |
| **Meubels en toebehore** | | |
| Saldo 1/3/84 | R 5 743-08 | |
| Min Waardevermindering | 574-31 | |
| Saldo 28/2/85 | | R 5 168-77 |
| **Motorvoertuie** | | |
| Saldo 1/3/84 | R22 859-00 | |
| Min Waardevermindering | 1 000-00 | |
| Saldo 28/2/85 | | R21 859-00 |
| | | R70 658-04 |

(3) Beleggings

| | |
|---|---|
| Barclays Bank - Spaarrekening | R28 029-32 |

(4) Lys van swak skulde afgeskryf as oninvorderbaar - 28/2/85

| | |
|---|---|
| A du Plessis | R100-00 |
| B Schoeman | 75-00 |
| G Human | 49-65 |
| | R224-65 |

## 5.3 ADDISIONELE INLIGTING EN AANSUIWERINGS TOT FINANSIËLE JAARSTATE

Ten einde die onderneming se resultate vergelykbaar te maak met dié van soortgelyke ondernemings, is dit nodig om sekere aansuiwerings te maak.

### 5.3.1 Aansuiwerings met betrekking tot die balansstaat

#### 5.3.1.1 Bates

a) Vaste eiendom: Ten einde die probleem rondom die historiese waarde van eiendom uit te skakel en omdat 'n gedeelte van die eiendom as woonhuis gebruik word, word vaste eiendom as bate geïgnoreer. 'n Markverwante huurtarief (10% van balansstaatwaarde) sal as bedryfskoste bygereken word.

b) Beleggings: Ofskoon beleggings in hierdie geval na 'n spaarrekening verwys, word dit vir ontledingsdoeleindes nie as 'n bedryfsbate beskou nie.

#### 5.3.1.2 Laste

a) Eienaarsbelang: Omdat vaste eiendom as bate geïgnoreer is, word eienaarsbelang dienooreenkomstig aangepas. 'n Bedrag van R18 316-21 is gedurende 1985 as ondernemersloon onttrek.

b) Langtermynlening: Die langtermynlening is gemaak deur die eienaar se vader maar omdat laasgenoemde nie 'n ekwiteitsbelang in die onderneming het nie, word dit nie as deel van eienaarsbelang beskou nie.

### 5.3.2 Aansuiwerings met betrekking tot die inkomstestaat

a) Aankope: Spoorvrag, slagtersfooi en vleisheffing word as deel van aankope beskou.

b) Personeelvergoeding: Vir die doeleindes van hierdie ontleding omsluit personeelvergoeding die volgende:

| | 1985 | 1984 |
|---|---|---|
| Bestuursloon | 9 600-00 | 8 663-05 |
| Behuising en pasfooie | 1 103-80 | 1 077-20 |
| Boekhoufooie | 668-50 | 583-00 |
| Lone en salarisse | 28 907-20 | 24 848-19 |
| Ongevalleversekering | 329-93 | 211-97 |
| Beskermde klere | - | 313-90 |
| Annuïteitsversekering | 1 465-00 | - |
| | 42 074-43 | 35 697-31 |

Onttrekkings ter waarde van R8 663-05 vir 1984 en R9 600-00 vir 1985 word as deel van personeelvergoeding beskou omdat dit die bedrag is wat die eienaar vir homself as bestuursloon onttrek het.

c) Huur: 'n Huur van 10% van die waarde van vaste eiendom word toegedeel.

d) Kredietverkope: Die rekeningkundige rekords toon die volgende kredietverkope:

1984 = R 82 410
1985 = R237 104

### 5.3.3 Finansiële resultate

Met bogenoemde aansuiwerings in gedagte kan die finansiële resultate soos volg opgesom word:

**Finansiële Resultate**

| | | 1985 | 1984 |
|---|---|---|---|
| a) | Inkomstestaat | | |
| 1. | Omset | 463 012-39 | 409 035-11 |
| 2. | Diverse Inkomste | 3 611-00 | 2 830-21 |
| 3. | Kredietverkope | 237 104-00 | 82 410-00 |
| 4. | Aankope | 348 877-10 | 309 917-12 |
| 5. | Beginvoorraad | 9 285-00 | 3 450-00 |
| 6. | Eindvoorraad | 10 700-00 | 9 285-00 |
| 7. | Gemiddelde voorraad (5+6)÷2 | 9 992-50 | 6 367-50 |
| 8. | Kosprys van verkope (4+5)-6 | 347 462-10 | 304 082-12 |
| 9. | Bruto wins (1-8) | 115 550-29 | 104 952-99 |
| 10. | Bedryfskoste | 111 400-74 | 90 155-56 |
| 11. | Netto inkomste | 4 149-55 | 14 797-43 |
| 12. | Personeelvergoeding | 42 074-43 | 35 697-31 |
| 13. | Huur | 5 308-80 | 5 308-80 |
| 14. | Advertensies | 1 432-64 | 1 070-25 |
| 15. | Rente | 7 415-99 | 6 128-57 |
| 16. | Ander koste 10-(12+13+14+15) | 55 168-88 | 41 950-63 |
| b) | Balansstaat | | |
| 17. | Vaste bates | 70 658-04 | 72 782-04 |
| 18. | Beleggings | 28 029-32 | 24 418-32 |
| 19. | Bedryfsbates | 41 815-59 | 15 428-48 |
| 20. | Totale bates (17+18+19) | 140 502-95 | 112 628-84 |
| 21. | Debiteure | 28 092-09 | 5 493-98 |
| 22. | Likiede bates (19-21) | 13 722-91 | 9 934-50 |
| 23. | Eienaarsbelang | 51 529-80 | 56 776-66 |
| 24. | Bedryfslaste | 45 473-15 | 12 352-18 |
| 25. | Langtermynlaste | 43 500-00 | 43 500-00 |
| 26. | Totale vreemde kapitaal (24+25) | 88 973-15 | 55 852-18 |
| 27. | Totale laste (23+26) | 140 502-95 | 112 628-84 |
| 28. | Krediteure | 15 323-67 | 6 914-62 |

5.3.4 Kontantvloeistaat vir die jare 1984 en 1985

| | 1985 | 1984 |
|---|---|---|
| Netto verkope | 463 012-39 | 409 035-11 |
| - Kosprys van verkope | 347 462-10 | 304 082-12 |
| = Bruto wins | 115 550-29 | 104 952-99 |
| - Bedryfskoste (rente uitgesluit) | 103 984-75 | 84 026-99 |
| = Netto inkomste voor belasting | 11 565-54 | 20 926-00 |
| - Belasting | - | - |
| - Rente | 7 415-99 | 6 128-57 |
| = Netto inkomste na belasting | 4 149-55 | 14 797-43 |
| + Waardevermindering | 2 124-00 | 2 212-00 |
| + Bates afgeskryf | - | 13 762-45 |
| + Huur toegedeel | 5 308-80 | 5 308-80 |
| Fondse uit die bedryf | 11 582-35 | 36 080-68 |
| - Toename in debiteure | (22 598-11) | 2 277-71 |
| + Toename in krediteure | 8 720-61 | (11 537-31) |
| - Toename in voorraad | (1 415-00) | (5 835-00) |
| Netto kontantvloei uit die bedryf | (3 710-15) | 20 986-08 |
| - Ondernemersloon | (18 316-21) | |
| | (22 026-36) | 20 986-08 |
| Transaksies t.o.v. nie-bedryfsbates | | |
| Nie-bedryfsbates aangekoop | - | (13 761-45) |
| | (22 026-36) | 7 224-63 |
| Transaksies t.o.v. beleggings | | |
| Beleggingsinkomste | 3 611-00 | 2 830-21 |
| Min Beleggings aangekoop | (3 611-00) | (10 309-48) |
| | (22 026-36) | (254-64) |
| Transaksies t.o.v. geleende fondse | | |
| Lenings afgelos | - | (20 000-00) |
| | (22 026-36) | (20 254-64) |
| Netto toename/afname in kontant en bank | | |
| Toename in kontant | 2 374-00 | 146-00 |
| Afname in bank | (24 400-36) | (20 400-64) |
| | (22 026-36) | (20 254-64) |

## 5.4 AFLEIDINGS UIT DIE FINANSIËLE JAARSTATE

### 5.4.1 Afleidings uit die balansstaat

#### 5.4.1.1 Inleiding

Die doel van 'n ontleding van die balansstaat is om die finansiële posisie van 'n onderneming te bepaal. Daar sal in hierdie afdeling eerstens 'n verhoudingsanalise gedoen word waarna afleidings oor die onderneming se lewensvatbaarheid, solvabiliteit en likiditeit gemaak sal word. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie afleidings uit die oogpunt van kleinsakebestuur gemaak sal word. Doelwitte vir die spesifieke onderneming is bereken soos in vorige hoofstukke verduidelik.

#### 5.4.1.2 Verhoudingsanalise

| | 1985 | 1984 | Doelwit |
|---|---|---|---|
| a) Opbrengs op totale bates | 8,2% | 18,6% | 25%+ |
| b) Opbrengs op eienaarsbelang | 8,1% | 26,1% | 50%+ |
| c) Vreemde kapitaal tot totale bates | 63,3% | 49,5% | 50% |
| d) Bedryfsbates tot bedryfslaste | 0,92:1 | 1,25:1 | 2:1 |
| e) Bedryfsbatekontantindeks (dae) | 31,74 | 13,26 | |
| f) Likiede bates tot bedryfslaste | 0,30:1 | 0,80:1 | 1:1 |
| g) Voorraadomsetsnelheid (keer per jaar) | 34,77 | 47,76 | 52+ |
| h) Invorderingstermyn van debiteure (dae) | 43,25 | 24,33 | |
| i) Krediteure betalingstermyn (dae) | 16,03 | 8,14 | |

#### 5.4.1.3 Gevolgtrekkings

a) Lewensvatbaarheid

Die onderneming het gedurende 1985 'n opbrengs van slegs

8,2% op totale bates en slegs 8,1% op eienaarsbelang gelewer. Met 1984 se syfers as basis sowel as die feit dat die koste van vreemde kapitaal besonder laag is, behoort 'n opbrengs op totale bates van ten minste 25% en op eienaarsbelang van ten minste 50% gerealiseer te word. Daar moet verder op gewys word dat eiendom as bate geïgnoreer is wat beteken dat die opbrengs op totale bates nog slegter sou vertoon het indien eiendom wel in berekening gebring was.

Die rede vir die onbevredigende prestasie moet gesoek word in die lae netto inkomste. Hierdie aspek sal by die bespreking van die inkomstestaat verder aandag geniet. Wat egter hier gemeld moet word is dat indien die onderneming voortgaan om 'n lae opbrengs te realiseer, die eienaar daaraan oorweging moet skenk om die bates te verkoop, laste af te los en die restant te belê by enige instelling waar 'n opbrengs hoër as 8,1% verdien kan word. Hierdie alternatief behoort egter as laaste uitweg oorweeg te word want sou die res van die finansiële state ontleed word, blyk hierdie onderneming tog lewensvatbaar te wees.

b) Solvabiliteit

Wanneer vreemde kapitaal as persentasie van totale bates ontleed word, is dit onrusbarend om te sien dat vreemde kapitaalhouers 'n groter persentasie van totale bates besit. 'n Verdere ontleding toon dat dit veral korttermynkredietverskaffers is wat die onderneming toenemend gefinansier het. Behalwe dat bedryfslaste met 268% toegeneem het, het eienaarsbelang met 10% afgeneem.

Die verhouding is onbevredigend en meer fondse behoort in die onderneming teruggeploeg te word. 'n Doelwit van nie meer as 50% vreemde kapitaal in die onderneming nie, behoort na gestreef te word.

c) Likiditeit

Al die verhoudings wat die likiditeit in 'n onderneming ontleed dui op 'n verswakking in likiditeit gedurende 1985. Die bedryfskapitaalverhouding, wat in 1984 onder die doelwit was, het verder verswak gedurende 1985. Bedryfsbates het wel toegeneem maar nie in dieselfde verhouding as bedryfslaste nie. Hierdie tendens moet as 'n waarskuwing beskou word. Onvoorsiene uitgawes sal moeilik deur bedryfskapitaal gefinansier kan word.

Die bedryfsbatekontantindeks het toegeneem van 13,26 dae tot 31,74 dae. Dit dui daarop dat dit al hoe langer sal neem om bedryfsbates in kontant te omskep.

Ook die vuurproefverhouding het verswak. In hierdie onderneming is debiteure minder likied as voorraad en is eersgenoemde as likiede bate uitgesluit. Die voorraadomsetsnelheid dui aan dat voorraad elke 10 dae in geld omskep word terwyl die doelwit 7 dae is. Dit kan dui op 'n stadige voorraadopbouing maar ook op onoordeelkundige aankope.

Die toename in die invorderingstermyn van debiteure kan veral toegeskryf word aan die geweldige toename in kredietverkope. Laasgenoemde het met 187% toegeneem. Terselfdertyd het die krediteure betalingstermyn byna verdubbel. Omdat dit die onderneming 43,25 dae neem om debiteure in te vorder terwyl krediteure in 16,03 dae betaal moet word, beteken dit dat debiteure se "likiditeitswaarde" slegs 37,06% (R10 388) van die balansstaatwaarde is.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat hierdie onderneming gedurende 1985 redelik ernstige kontantvloeiprobleme ervaar het. Die oplossing is nie so eenvoudig nie. Kontant sal gegenereer en teruggeploeg moet word. Hierdie kontant moet verkieslik uit die bedryf verkry word en dit is dus noodsaaklik dat die onderneming 'n hoër netto inkomste realiseer voordat likiditeit in die algemeen sal verbeter.

## 5.4.2 Afleidings uit die inkomstestaat

### 5.4.2.1 Inleiding

Die doel van 'n ontleding van die inkomstestaat is om veral die doeltreffendheid van bestuur te evalueer. Verhoudingsgetalle en gevolgtrekkings in hierdie afdeling word bespreek onder die hoofde: omset, bruto wins, bedryfskoste en netto-inkomste.

### 5.4.2.2 Verhoudingsanalise

| | 1985 | 1984 | Doel-wit |
|---|---|---|---|
| a) Omset | | | |
| (i) Persentasie toename in omset | 13,2% | - | 20% |
| (ii) Kredietverkope as persentasie van omset | 51,2% | 20,14% | 25% |
| (iii) Bate-omset (keer per jaar) | 3,3 | 3,6 | 3 |
| b) Bruto wins | | | |
| (i) Persentasie toename in omset | 10,1% | - | 20% |
| (ii) Bruto wins as persentasie van omset | 25,0% | 25,7% | 28,6% |
| c) Bedryfskoste | | | |
| (i) Persentasie toename in bedryfskoste | 23,6% | - | 16% |
| (ii) Bedryfskoste as persentasie van omset | 24,1% | 22,0% | 22,6% |
| (iii) Bedryfskoste as persentasie van bruto wins | 96,4% | 85,9% | 79,1% |
| d) Netto inkomste | | | |
| (i) Netto inkomste as persentasie van omset | 0,9% | 3,6% | 6% |

### 5.4.2.3 Gevolgtrekkings

a) Omset

Ofskoon die inflasiekoers as minimum maatstaf vir omsetgroei kan dien, is daar oorspronklik begroot vir 'n reële groei van 4%. Die feit dat omset met slegs 13,2% gegroei het, terwyl die inflasiekoers 16,6% was, beteken dat omset in reële terme gedaal het met 3,4%.

Die geweldige toename in kredietverkope asook addisionele kontrakte wat met die Weermag beding is, is 'n gevolg van bestuur se pogings om omset te stimuleer. Omdat hierdie addisionele kontrakte nie 'n noemenswaardige verbetering in omset teweeggebring het nie, kan afgelei word dat die verkope aan die algemene publiek met meer as die 3,4% hierbo bereken, gedaal het. Dit kan dus afgelei word dat verkoopsbevordering aandag moet geniet.

b) Bruto wins

Omdat die onderneming se prysbeleid of verkoopsmengsel nie verander het nie, behoort bruto wins in dieselfde mate toe te neem as omset. 'n Toename van 10,1% vergelyk dus swak teenoor beide die toename in omset as die doelwit van 20%. As bloktoetse, die opmerkbeleid en die verkoopsmengsel in ag geneem word, behoort hierdie onderneming 'n bruto wins van ten minste 28,6% te realiseer. Die 25% bruto wins as persentasie van omset beteken dat daar gedurende 1985 'n bruto wins tekort ("shrinkage") van 3,6% was. In monetêre waarde beteken dit dat ± R16 700 uit die onderneming verdwyn het. Bruto winsbeheer in hierdie onderneming staan dus onder verdenking.

c) Bedryfskoste

Deur die inflasiekoers sowel as die bedryfskostebegroting

soos aan die begin van die jaar in berekening te bring kan 'n doelwittoename in bedryfskoste van nie meer as 16% nie, gestel word. Die werklike toename van 23,6% is kommerwekkend en bedryfskostebeheer behoort onmiddellik aandag te geniet.

As die verlangde opbrengs op totale bates, die doelwit bruto winspersentasie en die werklike omset van 1985 as basis gebruik word kan doelwitte van onderskeidelik 22,6% en 79,1% vir bedryfskoste as persentasie van omset en as persentasie van bruto wins bereken word. Gedurende 1984 was die resultate in lyn maar gedurende 1985 was die resultate geheel en al onbevredigend. 'n Dieper ontleding toon dat die geweldige toenames veral toegeskryf kan word aan die toenames in personeelvergoeding (+18%) en ander koste (+32%). Die geweldige toename in laasgenoemde koste-item kan onder andere toegeskryf word aan die huur van die onderneming se afleweringsvoertuig - 'n kontrak wat aan die begin van 1985 gesluit is. Alles in ag genome lyk dit asof bedryfskostebeheer in hierdie onderneming strenger toegepas kan word.

d) Netto inkomste

Dat daar gedurende 1985 'n kleiner netto inkomste gerealiseer is, kan toegeskryf word aan die volgende:

- Omset het nie genoeg gegroei nie;
- 'n onbevredigende bruto wins is gerealiseer en
- bedryfskoste het te veel gestyg.

Sodra aandag aan bogenoemde aspekte geskenk is, behoort daar 'n merkbare verbetering in netto inkomste te realiseer.

### 5.4.3 Afleidings uit die kontantvloeistaat

#### 5.4.3.1 Inleiding

Die doel van 'n ontleding van die kontantvloeistaat is om die beweging van kontant in 'n onderneming te verklaar. Daar sal in hierdie afdeling eerstens 'n verhoudings-analise gedoen word waarna afleidings ten opsigte van die bedryfskapitaal, eienaarstransaksies, nie-bedryfs-bates, beleggings, geleende fondse en kontant en bank gemaak sal word.

#### 5.4.3.2 Verhoudingsanalise

| | | 1985 | 1984 |
|---|---|---|---|
| a) | Fondse uit die bedryf tot totale aanwendings | 19,5% | 45% |
| b) | Tekortontleding | 115 dae | - |
| c) | Ondernemersloon tot totale aanwending | 30,9% | - |
| d) | "Funds flow adequacy ratio" | 58,7% | 272,7% |
| e) | Likiede batetekortver-houding | 1 000,5 dae | 24,5 dae |
| f) | Fondse uit die bedryf tot totale skuld | 13,02% | 64,6% |

Uit bogenoemde verhoudings kan die volgende afleidings gemaak word:

(i) Die fondse uit die bedryf het gedurende 1985 slegs 'n 19,5% bydrae tot totale aanwendings gemaak. Hierdie verhouding vertoon swak teenoor 1984 en as in ag geneem word dat daar gedurende 1985 nie besondere groot kapitale aanwendings was nie, moet die verhouding rede tot kommer wek.

(ii) Dit sal 115 dae neem om die bedryfskapitaaltekort uit te wis. Hier word aanvaar dat daar nie 'n verdere

afname in die onderneming se vermoë om fondse uit die bedryf te genereer sal wees nie.

(iii) Bykans 'n derde van die totale aanwendings is deur die eienaar as ondernemersloon onttrek. Gesien in die lig van die netto kontantvloei uit bedryf is hierdie verhouding onbevredigend.

(iv) Die onderneming het gedurende 1985 nie voldoende fondse gegenereer om die kapitale beleggings, belegging in voorraad en ondernemersloon te dek nie. Daar is in werklikheid nie voldoende fondse gegenereer om ondernemersloon te finansier nie. In hierdie geval is beide te min fondse en te veel ondernemersloon die oorsaak vir die swak verhouding.

(v) Dit sal die onderneming 1 000,5 dae neem om die likiede batetekort uit te wis waar dit slegs 24,5 dae aan die einde van 1984 sou neem. Dit toon dat die onderneming se vermoë om die likiditeit deur middel van fondse invloei te verbeter, verswak het.

(vi) Fondse uit die bedryf dek slegs 13,02% van totale skuld terwyl dit 64,6% aan die einde van 1984 was.

### 5.4.3.3 Gevolgtrekkings

#### 5.4.3.3.1 Bedryfskapitaal

Die veranderings in debiteure, krediteure en voorraad het die totale fondse uit bedryf geabsorbeer. Ofskoon krediteure gedurende 1985 met R8 720 toegeneem het, het voorraad met slegs R1 415 toegeneem. Dit lyk dus asof die toename in krediteure hoofsaaklik gebruik is om debiteure te finansier. Vergeleke met 1984 is die finansiering van bedryfskapitaal slegter veral omdat daar nie voldoende fondse uit bedryf gegenereer is nie.

In die lig van bogenoemde het die veranderings in bedryfskapitaal, tesame met die feit dat daar nooit voldoende fondse uit bedryf gegenereer is nie, daartoe bygedra dat 'n negatiewe kontantvloei uit bedryf gedurende 1985 plaasgevind het. As 1985 se situasie met dié van 1984 vergelyk word, lyk dit tog asof die besluit om groot kontrakte met die Weermag aan te gaan, nie die regte besluit was nie.

5.4.3.3.2 Ondernemersloon

As in ag geneem word dat die kontantvloei dit nie regverdig het nie, is die besluit om 'n ondernemersloon van R18 316 vir 1985 te betaal onverklaarbaar. Na die onttrekking van die ondernemersloon het die onderneming 'n negatiewe kontantvloei van R22 026 gehad. Die situasie in 1984 was heeltemal verskillend juis omdat die eienaar geen ondernemersloon onttrek het nie.

5.4.3.3.3 Nie-bedryfsbates

Die nie-bedryfsbates wat gedurende 1984 aangekoop is, is met kontant uit die bedryf gefinansier. Geen niebedryfsbates is gedurende 1985 aangekoop nie omdat daar nie bronne beskikbaar was nie.

5.4.3.3.4 Beleggings

Beleggingsinkomste het die aankoop van beleggings in 1985 gefinansier. Wat wel bevraagteken kan word is die aankoop van beleggings gedurende 1984 terwyl 'n oortrokke bank die aflos van geleende fondse moes finansier.

5.4.3.3.5 Geleende fondse

Geen fondse is gedurende 1985 geleen of afgelos nie. Die langtermynlening is wel gedurende 1984 met R20 000 verminder wat deur 'n oortrokke bankrekening gefinansier is.

5.4.3.3.6 Kontant en bank

Wat 1985 betref is die netto afname in kontant en bank hoofsaaklik daaraan te wyte dat dit moes help om bedryfskapitaal en eienaarstransaksies te finansier. Hierdie situasie was dan veral te wyte aan die feit dat onvoldoende kontant uit die bedryf gegenereer is sowel as die feit dat die eienaar kontant onttrek het op 'n stadium dat die onderneming dit die minste kon bekostig.

## 5.4.4 Samevatting

Ofskoon die lewensvatbaarheid van hierdie onderneming onder verdenking staan, het dit wel in die verlede 'n billike opbrengs op beide totale bates sowel as eienaarsbelang gerealiseer.

Uit 'n ontleding van die balansstaat blyk dit dat die onderneming ernstige likiditeitsprobleme ondervind en dat die situasie sal vererger indien daar nie voldoende fondse in die onderneming teruggeploeg word nie.

Wat bestuursdoeltreffendheid betref blyk dit uit die inkomstestaat dat veral verkoopsbevordering, bruto winsbeheer en bedryfskostebeheer gedurende 1985 beter kon gewees het. Sou genoemde drie aspekte aandag geniet, behoort die netto inkomste te verbeter.

'n Ontleding van die kontantvloeistaat toon dat die eienaar self in 'n groot mate vir die likiditeitsprobleme verantwoordelik gehou kan word omdat kontant uit die onderneming onttrek is op 'n stadium dat die onderneming dit nie kon bekostig nie. Sekere bestuursbesluite kan ook in retrospeksie bevraagteken word. So byvoorbeeld het die besluit om kontrakte met die Weermag aan te gaan groot druk op bedryfskapitaal en in besonder debiteure gesit terwyl die besluit om gedurende 1984 'n langtermynbelegging aan te koop veroorsaak het dat die bank afgeneem het.

Sou bogenoemde probleme egter oorkom kan word, word daar nie vir die toekoms van hierdie onderneming gevrees nie.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

6.1 INLEIDING

6.2 DIE BELANGRIKHEID EN BETEKENIS VAN FINANSIËLE JAARSTATE WORD NIE DEUR ALLE KLEINSAKEONDERNEMERS EN/OF HUL BESTUURDERS BESEF NIE

6.2.1 Sekere finansiële state word beskou as belangriker as ander

6.2.2 Finansiële state word primêr vir inkomstebelastingdoeleindes opgestel

6.2.3 Finansiële state nie tydig beskikbaar nie

6.2.4 Rekeningkundige praktyk kan verskil

6.3 MEER GEDETAILLEERDE FINANSIËLE STATE IS NODIG VIR SINVOLLE ONTLEDING

6.3.1 Inkomstestate

6.3.2 Kontantvloeistaat

6.4 'N VERHOUDINGSANALISE IS BELANGRIK VIR SINVOLLE ONTLEDING

6.4.1 Balansstaatverhoudingsgetalle

6.4.2 Inkomstestaatverhoudingsgetalle

6.4.3 Kontantvloeistaatverhoudingsgetalle

6.5 SLOTOPMERKINGS

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

### 6.1 INLEIDING

Die rede vir die mislukking van talle kleinsakeondernemings kan aan bestuursonkundigheid en -onvermoë toegeskryf word. Uit eie ondervinding is bevind dat finansiële bestuur dikwels die swak skakel in die bestuursmondering van die eienaar of bestuurder van 'n klein onderneming is. Omdat die eienaar of bestuurder van 'n kleinsakeonderneming meesal op homself aangewys is om die finansiële bestuursfunksie uit te voer asook die feit dat daar dikwels 'n gebrek aan kennis en ervaring in hierdie veld by kleinsakeondernemers bestaan, word dié funksie dikwels verwaarloos.

'n Algemene klagte by kleinsakeondernemers is dat hulle nie oor die infrastruktuur en inligtingstelsels van die groter ondernemings beskik ten einde doeltreffende finansiële bestuursbesluite te kan neem nie. Hierdie studie het bevind dat finansiële jaarstate in sy eenvoudigste vorm as belangrike hulpmiddel kan dien by die neem van bestuursbesluite. Nie net kan die doeltreffendheid van bestuur in die verlede geëvalueer word nie, maar 'n grondslag vir effektiewe besluitneming in die toekoms kan deur middel van finansiële jaarstate gelê word.

Die vernaamste waarnemings en gevolgtrekkings uit die studie word vervolgens bespreek.

### 6.2 DIE BELANGRIKHEID EN BETEKENIS VAN FINANSIËLE JAARSTATE WORD NIE DEUR ALLE KLEINSAKEONDERNEMERS EN/OF HUL BESTUURDERS BESEF NIE

Hierdie gevolgtrekking word gegrond op die volgende waarnemings:

### 6.2.1 Sekere finansiële state word beskou as belangriker as ander

Navorsing in hierdie verband het aan die lig gebring dat inkomstestate as belangriker en meer bruikbaar as byvoorbeeld balansstate beskou word. Die fondsestaat se bruikbaarheid word in sekere kringe ernstig betwyfel. Die redes vir hierdie tendens is uiteenlopend. Kleinsakebestuur sien inkomstestate as relatief belangrik omdat bestuur se doeltreffendheid daardeur beoordeel kan word. Die balansstaat word as staties beskou terwyl die fondsestaat, veral in sy tradisionele formaat, as te ingewikkeld beskou word.

Kleinsakebestuur behoort egter te besef dat elke finansiële staat 'n doel het en dat wat effektiewe besluitneming betref, die balansstaat, die inkomstestaat asook die fondsestaat of kontantvloeistaat 'n ewe beduidende rol kan speel.

Vir die doel van hierdie studie is daar op genoemde drie finansiële state gekonsentreer. Dit impliseer nie dat die ander finansiële state soos die direkteursverslag, ouditeursverslag en voorsittersverslag onbelangrik is nie maar slegs dat dit by nie-maatskappy ondernemings nie van toepassing is nie.

### 6.2.2 Finansiële state word primêr vir inkomstebelastingdoeleindes opgestel

'n Tweede belangrike waarneming is dat baie kleinsakeondernemings hul finansiële state opstel slegs om 'n netto inkomste aan die Ontvanger van Inkomste te kan verklaar. Die Ontvanger van Inkomste is maar een van vele gebruikers van die finansiële state van 'n onderneming. Vir baie kleinsakeondernemers is hy egter die belangrikste gebruiker en word state dikwels so opgestel dat daar slegs aan sy inligtingsbehoeftes voldoen word. Dat die inkomste-

belastingaanslag gebaseer word op die belasbare inkomste kan tot gevolg hê dat misleidende en in sekere gevalle onakkurate aanbiedings moontlik is.

Dit is belangrik dat kleinsakebestuur sal besef dat finansiële state so opgestel moet word dat daar in die eerste plek aan hul eie inligtingsbehoeftes voldoen word. Sulke finansiële state is 'n voorvereiste vir sinvolle afleidings en doeltreffende besluitneming.

### 6.2.3 Finansiële state nie tydig beskikbaar nie

Dit gebeur dikwels dat kleinsakeondernemers hul finansiële state lank na afloop van die finansiële periode van hul rekeningkundige beamptes ontvang. Die rede is hoofsaaklik dat daar van die rekeningkundige beamptes verwag word om die finansiële state saam te stel uit rekeningkundige stelsels wat nie volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk gehou is nie. Van so 'n beampte word dan verwag om twaalf maande se transaksies binne een maand te rekonstrueer.

Kleinsakebestuur behoort egter te besef dat hoe meer tyd verloop na afsluiting van die finansiële periode en die beskikbaarstelling van die finansiële resultate vir die periode, hoe waardeloser raak die inligting. Kleinsakebestuur behoort daarop ingestel te wees om alles in hul vermoë te doen ten einde die tydige beskikbaarstelling van finansiële jaarstate te verseker.

### 6.2.4 Rekeningkundige praktyk kan verskil

Rekeningkundige praktyk by veral eenmansake en vennootskappe kan verskil van die rekeningkundige praktyk van maatskappye. Dit is as gevolg van kleinsakebestuur se onvermoë om finansiële jaarstate se gebruikswaarde na waarde te ag.

In baie gevalle word van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk afgewyk omdat sulke kleinsakeondernemers glo dat 'n kortpad hul ook by die einddoel sal uitbring. Sulke ondernemers besef nie dat afwykings in rekeningkundige praktyk misleidende aanbiedings tot gevolg kan hê nie en dat dit tot verkeerde bestuursbesluite kan lei nie.

Dit word aanbeveel dat nie-maatskappy ondernemings hul rekeningkundige praktyk moet baseer op algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk. Waar hul self nie oor die nodige kennis beskik nie moet daar van kundige hulp gebruik gemaak word.

'n Spesifieke aanbeveling kan gemaak word ten opsigte van die begrip onttrekkings by nie-maatskappye. Waar die eienaar van 'n kleinsakeonderneming self in die bestuursproses is en hy ook fondse teen sy kapitaalrekening onttrek as vergoeding vir die gebruik van eienaarskapitaal, word dit aanbeveel dat daar onderskei word tussen 'n bestuursloon en 'n ondernemersloon. Bestuursloon in hierdie verband verwys na die vergoeding van die eienaar vir bestuursdienste gelewer terwyl ondernemersloon na die vergoeding van die eienaar vir die gebruik van sy eie kapitaal verwys. Ondernemersloon by nie-maatskappye is dus soortgelyk aan die dividend van maatskappye.

## 6.3 MEER GEDETAILLEERDE FINANSIËLE STATE IS NODIG VIR SINVOLLE ONTLEDING

Die primêre fokuspunt van hierdie studie sentreer rondom kleinsakebestuur met spesifieke verwysings na die eenmansaak en vennootskap. Die vereistes van die maatskappywet maak nie altyd voorsiening vir die inligtingsbehoeftes van kleinsakebestuur nie. Algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk moet in hierdie geval hierdie rol oorneem. Dit is veral ten opsigte van inkomstestate en kontantvloei-

state waar meer gedetailleerde finansiële jaarstate kan bydra tot sinvolle ontleding.

### 6.3.1 Inkomstestate

Omdat inkomstestate veral ten doel het om die doeltreffendheid van bestuur te meet, sal dit nodig wees om alle relevante inligting in die inkomstestaat te toon. So byvoorbeeld kan omset, koste van verkope en bruto wins op segmentele basis as relevant beskou word ten einde brutowinsbeheer te beoordeel. 'n Gedetailleerde uiteensetting van bedryfskoste is nodig alvorens die beheer van bedryfskoste beoordeel kan word.

By inkomstestate kan daar ook onderskei word tussen handels- en vervaardigingsondernemings. Gedetailleerde inkomstestate by beide sal bestuur in staat stel om sinvolle afleidings rakende die doeltreffendheid van bestuur te kan maak. 'n Persentasie-van-verkope-inkomstestaat kan ook die bruikbaarheid van inkomstestate verhoog.

### 6.3.2 Kontantvloeistaat

Die tradisionele formaat van die fondsestaat kan 'n moontlike oorsaak wees waarom fondsestate nie deur kleinsakebestuur gebruik word nie. Dit blyk dat kleinsakeondernemers veel eerder belangstel in die vloei van kontant as die vloei van fondse in die algemeen. Verder is gevind dat gebruikmaking van klassifikasies in die kontantvloeistaat bevorderlik is vir die gebruik van die staat omdat dit die staat meer bruikbaar en verstaanbaar maak.

In die lig van bogenoemde word aanbeveel dat kleinsakebestuur 'n kontantvloeistaat as deel van die finansiële state sal laat opstel omdat waardevolle inligting oor die verandering in die kontantposisie van 'n onderneming daarin vervat is.

## 6.4 'N VERHOUDINGSANALISE IS BELANGRIK VIR SINVOLLE ONTLEDING

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur speel verhoudingsgetalle by die ontleding van finansiële state 'n belangrike rol. 'n Verhoudingsgetal moet nooit in isolasie beoordeel word nie. Dit het optimum gebruikswaarde as dit saam met of ter ondersteuning van ander inligting gebruik word. 'n Verhoudingsgetal is op sigself niksseggend tensy dit óf met 'n standaard, óf met 'n vorige periode se verhouding, óf met soortgelyke entiteite se verhoudings vergelyk word.

Ofskoon daar in die literatuur heelwat verhoudings uit finansiële state ontwikkel is, is daar met hierdie studie gepoog om daardie verhoudings uit te lig wat wel 'n gebruikswaarde vir kleinsakebestuur het.

### 6.4.1 <u>Balansstaatverhoudingsgetalle</u>

Die belangrikste verhoudings wat uit die oogpunt van kleinsakebestuur uit balansstate bereken kan word is die volgende: die verhoudings wat die lewensvatbaarheid van die onderneming toets, die verhoudings wat die solvabiliteit van die onderneming meet en die verhoudings wat likiditeit aantoon.

#### 6.4.1.1 Lewensvatbaarheid

Hier kan veral twee verhoudings as aanduiding vir bestuur dien, naamlik:

- Opbrengs op totale bates en
- opbrengs op eienaarsbelang.

6.4.1.2 Solvabiliteit

Die belangrikste verhouding wat solvabiliteit (die mate waarin totale bates die totale laste oorskry) in 'n kleinsakeonderneming meet, is die verhouding tussen vreemde kapitaal en totale bates. Vir die eienaar van 'n kleinsakeonderneming is hierdie verhouding van besondere belang indien hy wil vasstel tot watter mate die onderneming wel deur hom besit word.

6.4.1.3 Likiditeit

Likiditeit (die vermoë van die onderneming om oor die korttermyn verpligtinge te kan nakom) kan wat kleinsakeondernemings aanbetref veral gemeet word deur die volgende verhoudings:

- Bedryfsbates tot bedryfslaste (bedryfskapitaalverhouding);
- bedryfsbatekontantindeks;
- likiede bates tot bedryfslaste (vuurproefverhouding);
- voorraadomsetsnelheid;
- invorderingstermyn van debiteure en
- krediteure betalingstermyn.

Die verhoudingsgetalle hierbo sal kleinsakebestuur in staat stel om te bepaal hoe "gesond" die finansiële posisie van die onderneming is.

6.4.2 <u>Inkomstestaatverhoudingsgetalle</u>

Die doel van inkomstestaatverhoudingsgetalle is om bestuur te help om hul doeltreffendheid te evalueer. Verhoudingsgetalle is in hierdie studie geklassifiseer en bespreek

onder die hoofde: Omset-; bruto wins-; bedryfskoste- en netto inkomste verhoudings.

6.4.2.1 Omset

Deur verhoudings soos die persentasie toename in omset, die persentasie kredietverkope van omset en die bate-omsetverhouding te ontleed, kan kleinsakebestuur bepaal hoe doeltreffend die neergelegde beleid toegepas was. Deurlopende vergelykings met begrotings, bedryfsnorme, vorige periodes se verhoudings asook eie maatstawwe kan bestuur veral in staat stel om te bepaal of verkoopsbevorderingstegnieke doeltreffend was.

6.4.2.2 Bruto wins

Bruto wins word tereg deur baie outeurs as 'n sleutelsyfer in die onderneming se winsgewendheid beskou. Verhoudings soos die persentasietoename in bruto wins asook die onderneming se gerealiseerde bruto wins as persentasie van omset kan die doeltreffendheid van brutowinsbeheer beoordeel. Maatstawwe kan bepaal word deur bedryfsgemiddeldes sowel as die opmerkbeleid en produkmengsel van 'n spesifieke onderneming in ag te neem.

6.4.2.3 Bedryfskoste

Die doeltreffendheid van bedryfskostebeheer kan getoets word deur middel van die persentasietoename in bedryfskoste asook deur bedryfskoste as persentasie van omset en bruto wins uit te druk. Dit is onvermydelik dat bedryfskoste in kleinsakeondernemings styg en die inflasiekoers kan as maatstaf dien. Verder behoort dit enige kleinsakeonderneming se doel te wees om 'n netto inkomste te realiseer. Maatstawwe ten opsigte van bedryfskoste as persentasie van omset en bruto wins kan vasgestel word deur die verwagte opbrengs, die netto inkomste as persentasie van omset en die bruto winspersentasie in berekening

te bring.

Wat vervaardigingsondernemings betref is gevind dat bestuursdoeltreffendheid deur verhoudings soos veranderlike kosteafwykings (volume en prys) en vaste kosteafwykings ge-evalueer kan word. 'n Toepassing wat deur die bydrae inkomstestaat moontlik gemaak word is die berekening van 'n gelykbreekpunt wat kosteberekening en prysvasstelling vergemaklik.

6.4.2.4 Netto inkomste

Die waarde van die verhouding netto inkomste as persentasie van omset lê in 'n vergelyking met vorige periodes sowel as in die ontleding van die verskillende elemente wat netto inkomste beïnvloed.

Die verhoudingsgetalle hierbo kan kleinsakebestuur help om die doeltreffendheid van sy eie bestuursvermoë te beoordeel. Objektiewe interpretasie is egter 'n voorvereiste vir sinvolle ontleding.

### 6.4.3 Kontantvloeistaatverhoudingsgetalle

Ofskoon nie so algemeen in gebruik soos die verhoudingsgetalle wat uit die balansstaat en inkomstestaat bereken kan word nie, is daar tog enkele verhoudings wat bestuursbesluite rakende die vloei van kontant kan verklaar. Hier word veral gedink aan:

- Fondse uit die bedryf tot totale aanwendings;
- langtermyn kapitaalafwyking;
- tekortontleding;
- "funds flow adequacy ratio;
- likiede batetekortverhouding en
- fondse uit die bedryf tot totale skuld.

Belangriker egter, is die afleidings wat uit die kontantvloeistaat gemaak kan word ten opsigte van:

- Bedryfskapitaal;
- ondernemersloon;
- eienaarstransaksies;
- nie-bedryfsbates;
- beleggings;
- geleende fondse en
- kontant en bank.

Kleinsakebestuur kan deur middel van 'n ontleding van die kontantvloeistaat meer helderheid verkry oor hoe bestuursbesluite die vloei van kontant in die onderneming beïnvloed het. Hierdie besluite kan veral in retrospeksie beoordeel word ten einde beleid vir die toekoms te bepaal.

## 6.5 SLOTOPMERKINGS

Uit die oogpunt van kleinsakebestuur kan die gebruik van finansiële jaarstate as hulpmiddel by besluitneming groot waarde inhou. Die kleinsakeman is meesal op homself aangewys om bestuursbesluite te neem. Dit is daarom belangrik dat kleinsakebestuur opgevoed word in rekeningkundige praktyk sodat rekeningkundige rekords bygehou en finansiële jaarstate na behore saamgestel, ontleed en beoordeel kan word.

# BIBLIOGRAFIE

ADVIESBURO VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS. 1980. Finansiële bestuur in 'n kleinsakeonderneming. Potchefstroom: PU vir CHO.

ADVIESBURO VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS. 1982. Die evaluering van die bedryfsresultate van 'n kleinsakeonderneming: handleiding vir kleinsakekonsultante. Potchefstroom: PU vir CHO. p.1-25. (Ongepubliseerde handleiding.)

ADVIESBURO VIR KLEINSAKEONDERNEMINGS. 1984. Algemene riglyne ten opsigte van voorraadomsetsnelhede en bruto winspersentasies. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde riglyne.)

ARCHER, A., HAMMAN, W. & LAMBRECHTS, I. 1984. Finansiële ontleding van uiters groot belang vir enige belegger. *Tegniek*, 36(4):24-26, April.

ARCHER, A., HAMMAN, W. & LAMBRECHTS, I. 1984. Hoe rentabiliteitsverhoudings u kan lei. *Tegniek*, 36(5):54-55, Mei.

ARCHER, A., HAMMAN, W. & LAMBRECHTS, I. 1984. Berekening van solvabiliteit. *Finansies & Tegniek*, 36(10):73-75, Oktober.

BADENHORST, J.P. 1982. Enkele aspekte by die bepaling van 'n koopprys vir 'n kleinsakeonderneming. (In ABKS. Handleiding vir kleinsakekonsultante. Potchefstroom: PU vir CHO. p.1-31. (Ongepubliseerde handleiding))

BATTY, J. 1982. Management accounting. 5th ed. Suffolk: MacDonald and Evans.

BERNSTEIN, L.A. 1983. Financial statement analysis: theory, application and interpretation. 3rd ed. Homewood, Illinois: Richard, D. Irvin.

BOTES, S.A. 1986. Telefoniese mededeling aan outeur. (Sekretaris, RBKS. 012 - 28-5500)

BOTHA, E. 1986. Telefoniese mededeling aan outeur. (Registrasiebeampte: rabatkonsultante, KSOK. 011 - 643-7351)

CHADWICK, L. 1984. Comparing financial performance: ratio analysis and retail management. *Retail & distribution management,* 12(2):35-37, March/April.

CILLIERS, J.A. 1982. Inleiding tot ontleding en vertolking van finansiële state. 10de dr. Pretoria: Van Schaik.

CILLIERS, J.A., BENADE, M.L. & ROUSSOUW, S. 1982. Maatskappy - finansiële state. 4de uitg. Durban: Butterworths.

CLEMENTE, H.A. 1982. The funds flow statement: striving for greater accuracy. *Financial executive,* 50(12):27-32, December.

CONRADIE, W.M. 1984. Die kleinsakeman en finansiële bestuur. (Pretoria: Nuusbrief van Afrikaanse Sakekamer, November.)

DEEKS, J. 1976. The small firm owner-manager: entrepreneurship behavior and management practice. New York: Praeger.

DUN & BRADSTREET. 1979. The business failure record. New York: Dun and Bradstreet, Business economics division.

DU PLESSIS, T.E. 1983. Die lewensvatbaarheid van kleinsakeondernemings. (In ABKS. Handleiding vir kleinsakekonsultante. Potchefstroom: PU vir CHO. p.1-38. (Ongepubliseerde handleiding.))

FARMER, E.R. 1983. Understanding and interpreting company reports and accounts. London: Van Nostrand Rheinhold.

FAUL, M.A., PISTORIUS, C.W.I. & VAN VUUREN, L.M. 1981. Rekeningkunde: 'n inleiding. 2de uitg. Pretoria: Butterworth.

FOULKE, R.A. 1968. Practical financial statement analysis. 7th ed. New York: McGraw-Hill.

GEORGE, C.S. 1968. The history of management thought. London: Prentice-Hall.

GIBSON, C.H. & BOYER, P.A. 1979. Financial statement analysis. Boston, Massachusetts: CBI Publishing Company.

GOLUB, S.J. & HUFFMAN, H.D. 1984. Cash flow: why it should be stressed in financial reporting. *Financial executive*, 52(2):34-40, February.

GOURLEY, B.M. & SENEQUE, P.J.C. 1984. Practising accountants and the usefulness of annual financial statements. *Accountancy S.A.*, 1(10):437-444, June.

GOUWS, D.G. 1982. Die interrelasie tussen die sub-dissiplines van die rekeningkunde. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Comm.) - PU vir CHO.)

GOUWS, D.G. 1983. Analise en interpretasie van finansiële jaarstate: 'n praktiese inleiding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Ongepubliseerde klasnotas.)

HELFERT, E.A. 1982. Techniques of financial analysis. 5th ed. Homewood, Illinois: Richard D. Irwin.

HORNGREN, C.T. 1981. Introduction to management accounting. 5th ed. London: Prentice-Hall.

KELLOGG, I. 1983. How to find negligence and misrepresentations in financial statements. Rev. ed. Colorado Springs, Colorado: McGraw-Hill.

KELLY, M. 1983. The cash flow concept: adding up to trouble. *Management*: 39-46, March.

KETZ, J.E. 1985. The new look of the funds statement. *F E: The magazine for financial executives*, 1(1):74-76, January/February.

LANGHOUT, J. 1974. Analysis and interpretation of accounts. 7th ed. Cape Town: The South African Universities Press.

LANGUAGE, J.M. 1985. Modern financial statements too complicated to managers and laymen: a critical survey. *South African journal of business management*, 16(1):41-45, August.

MACKINTOSH, R.G.J. 1981. How to read financial statements. Cape Town: Juta.

MOOLMAN, P.L. 1982. Bruto winsbeheer in 'n kleinsake-onderneming. (In ABKS. Handleiding vir kleinsake-konsultante. Potchefstroom: PU vir CHO. p.1-53. (Ongepubliseerde handleiding.))

MOOLMAN, P.L. 1984. Die rol van die Suid-Afrikaanse desentralisasiebeleid in die ontwikkeling van klein sakeondernemings. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Comm.) - PU vir CHO.)

MOOLMAN, P.L. 1986. Kleinsakebestuur. (In Du Plessis, P.G., red. Toegepaste bedryfsekonomie: 'n inleidende oorsig. Pretoria: Haum. p.699-756.)

NEMMERS, E.E. & GRUNEWALD, A.E. 1975. Basic management finance. 2nd ed. New York: West Publishing Company.

O'MALIA, T.J. 1976. Banker's guide to financial statements. Boston: Bankers Publishing Company.

RAAD VIR DIE BEVORDERING VAN KLEINSAKE. 1984. Jaarverslag, 1984. Kaapstad.

REDELINGHUYS, H.F. 1971. Bron en aanwending van fondsestaat en kontantvloei. *S.A. chartered accountant*, 7(1):8-12, Januarie.

REKENINGKUNDIGE PRAKTYKEKOMITEE. 1986. Kontantvloei - inligting. *Accountancy S.A.*, 3(3):141-145, Maart.

REYNDERS, H.J.J. 1971. Finansiële bestuur. Pretoria: Van Schaik.

SCHÖLLHAMMER, H. & KURILOFF, A.H. 1979. Entrepreneurship and small business management. New York: Wiley.

SILKE, A.S., DIVARIS, C. & STEIN, M.L. 1982. Silke on South African income tax. Cape Town: Juta.

SMITH, J.G. 1978. Die problematiek van die klein ondernemer met spesiale verwysing na konsultasiedienste as metode tot hulpverlening aan kleinsakeondernemings. Potchefstroom. (Proefskrif (DBA) - PU vir CHO.)

SMITH, J.G. 1982. Klein sakeondernemings: 'n belangrike deel van die ekonomie. Potchefstroom: Adviesburo vir Kleinsakeondernemings, PU vir CHO.

SOLOMON, E. & PRINGLE, J.J. 1980. An introduction to financial management. 2nd ed. Santa Monica, California: Goodyear Publishing Company.

SUID AFRIKA (REPUBLIEK). 1984. Wet op Beslote Korporasies, Wet No. 69, 1984. Pretoria.

SUID AFRIKAANSE INSTITUUT VIR GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS. 1977. Riglyne vir finansiële jaarstate. Handleiding vir lede, Riglyn 4.001; April 1977.

THORBY, W.G. 1978. Die rekeningkunde-student se handboek. Johannesburg: Nasionale Raad van Geoktrooieerde Rekenmeesters.

TROMP, D. 1983. Die rentabiliteitsbegrip. *Volkshandel*, 44(5):41-55, Julie.

VAN BILJON, G. 1985. Fondsevloei as basis vir besluitneming. Potchefstroom. (Skripsie (MBA) - PU vir CHO.)